# Reformatoriese Verset

- Lesings gehou tydens Verbondseminaar 2003 AD -

***Teen die Revolusie, die Evangelie* – Groen van Prinsterer**

**Redaksie**
Slabbert Le Cornu
Bouwe van der Eems

**Uitgegee en versprei deur**
Die Esra Instituut
Posbus 19105
Noordbrug 2522
RSA

# Die Esra Verslag________

Jaargang 11, nr.53 Jan. – Jul. 2003 AD

## INHOUDSOPGAWE

**Redaksiekolom** ....................................................................................... 5

- ***Verset en die Skrif***, ds. Gustav Opperman ....................................... 7
- ***'n Reformatoriese standpunt oor Verset***, prof. Andries Raath ...... 18
- ***Kerkregtelike verset***, ds. Hennie Momberg .................................... 26
- ***Verset en die Gesin***, Ing. Bouwe van der Eems ............................... 44
- ***Verset en Medisyne***, dr. Michiel Durand ........................................ 60
- ***Calvyn oor Verset*** ................................................................... 74

**Esra Boeke** ............................................................................... 85

- Vorige uitgawes van die Esra Verslag
- Nuwe en uitverkopingsboeke
- Boeke om te lees oor verset

# REDAKSIEKOLOM

Hierdie uitgawe van die *Esra Verslag* bevat die lesings, gehou tydens Verbondseminaar 2003, op Saterdag 26 Julie 2003, te Pretoria, by die Gereformeerde Kerk, Oos-Moot. Die laaste artikel, is Calvyn se standpunt oor burgerlike verset, in sy eie woorde.

Op alle terreine van die lewe, word die Christen vandag bedreig, fisies en geestelik. In baie se gemoedere ontstaan die vraagstuk na wat die Christen se verantwoordelikheid en taak is in die huidige revolusionêre opset in Suid-Afrika. Sommige vra dan ook of Christene mag en moet in verset kom. Wat is bybelse en onbybelse verset en hoe kom dit tot uiting op die verskillende terreine van die lewe? In die lig van hierdie en ander vrae, wil hierdie lesings help rigting aanwys, spesifiek vanuit die gereformeerde geloof en 'n reformatoriese lewensbeskouing.

Mag hierdie lesings u ook versterk in die roeping en taak wat ons het om "*kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is*" (Jud.3), en dit op alle terreine van lewe en denke.

**Administrasie nota**
Die *Esra Instituut* het ook 'n esra e-joernaal begin waarin daar op 'n meer gereëlde basis, korter artikels en nuus aangaande die *Esra Instituut*, versprei word. Indien u op die lys geplaas wil word, stuur asb. 'n boodskap aan die redakteur, Bouwe van der Eems, by bouwe.vandereems@za.didata.com

Die redaksie
Julie 2003 AD

*Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees, sê die HERE van die leërskare*. – Sag.4:6

# Verset en die Skrif

*deur ds. Gustav Opperman*

Ds. Opperman is leraar van die Gereformeerde Kerke, Sannieshof en Delareyville.

## Inleiding

"Teenstand; weerstand; opstand" Volgens die HAT beteken die woord "verset" die volgende:. Verset bied, pleeg, of aanteken. Gewapende, lydelike verset. In verset kom teen 'n onderdrukker, vreemde oorheerser. Die betekenis gaan duidelik in twee rigtings uiteen: om verset te pleeg, om gewapende verset te pleeg om in verset te kom teen 'n onderdrukker of 'n vreemde oorheerser dui alles in die rigting van verset as opstand. Terwyl om verset te bied, om teenstand te bied of aan te teken, meer gerig is op verset as weerstand. Omdat hierdie 'n inleidende bydrae tot vandag se seminaar sal wees, is dit miskien wys om eerstens die betekenis van die woord "verset" vir 'n oomblik in oënskou te neem.

Wat verset as weerstand betref het ons twee besonderse verwysings in die Skrif, nl. Ef 6:13 waar dit gaan oor die gelowige se weerstand teen die aanslae van die Duiwelse magte en Heb 12:4 waar die gelowige se weerstand teen die sonde in die gesigsveld kom. Beide hierdie aanwendings van die begrip weerstand verskil ooglopend van die begrip verset as opstand. Die verskil tussen verset as weerstand en verset as opstand kan egter ook soms moeilik wees, maar die onderskeid moet myns insiens gehandhaaf word. Die rede daarvoor sal straks duideliker word.

Ter wille van bondigheid kies ek om verset as opstand breedvoeriger verder uit die Skrif toe te lig.

## Die wortel van verset

As ons moet soek na die wortels van verset soos deur die Openbaringsgeskiedenis duidelik word, dan moet ons by die eerste drie hoofstukke van Genesis begin.[1] Daar kom die mens in verset teen die

[1] Deur jare se kondisionering het ons daaraan gewoond geraak om Rom.13 eerste aan die woord te stel waar dit kom by 'n Skriftuurlike verantwoording van die begrip *verset*. In 'n relatiewe onlangse werk rondom *Staatsgesag en Burgerlike Ongehoorsaamheid* (De Villiers, 1987) word daar nie eens 'n poging aangewend om die Ou Testament by die saak te betrek nie. (Marcion mag lank reeds die tydelike met die ewige verwissel het, maar sy nalatenskap is vandag nog springlewendig.) Dit was dus meer as net 'n stukkie moedswilligheid wat my dus in hierdie besinning oor Verset in die Skrif eerstens in die Ou Testament laat blaai het.

Woord van God. Hierdie verset veronderstel 'n ander verset, 'n verset wat die eerste menslike verset voorafgaan - dit is die verset van die Slang, *die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld ver!ei* (Op 12:9).

Die tiperende van die Satan se verset word vir ons in Jes.14 geskets. Daar gaan dit oor die val van die koning van Babel, maar dit is ewe-eens van toepassing op die Satan*. Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester, seun van die dageraad! ... Jy het in jou hart gesê; ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre van God en sit op die berg van samekoms ... Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste!* (Jes 14:12-14).

Hierdie verset kom net so maklik in die menslike hart op. So maklik het die eerste mens en sy vrou geglo dat hulle soos God sal wees (Gen 3:5). Sedertdien is die versinsels van die mens so hart altyd boos (Gen 6:5; Pred 9:3). Sedertdien is die mens!ike hart 'n fontein van opstand, 'n fabriek van afgode soos Calvyn dit by geleentheid gestel het. Die mens kom in verset teen die wil van God in sy lewe.

Hierop moet ons ag gee. Verset –verstaan as opstand- is in die eerste instansie <u>nie</u> 'n kenmerk van God nie! Verset is by uitstek 'n kenmerk van die Satan en sy kinders. Soos die Here Jesus hom in Joh 8:44 as "die vader van die leuen" brandmerk, so kan ons hom sekerlik ook "die vader van verset" noem. lets hiervan is al in die verlede raakgevat deur 'n skrywer soos Groen van Prinsterer, toe hy die verband tussen *Ongeloof en Revolusie* aangetoon het: "De haat tegen het evangelie is het kenmerk van de revolutie" (1951:144).

Hierdie beginsel kom duidelik na vore tydens Jesus se verhoor. Die Joodse volk wat in opstand was teen God het gekies vir die man van opstand. Die ongeloof van die Jode maak dat die opstandeling, die revolusionêr, Barnabas, vir hulle 'n aanneemliker keuse was toe daar 'n gevangene vrygelaat moes word. *En* Pilatus *het die een vir hulle losgelaat wat oor opstand en moord in die gevangenis gewerp was, die een wat hulls geëis het. Maar Jesus het hy aan hulle wil oorgelewer* (Luk 23:25). Ook in sy laaste oomblikke voor sy kruisiging sien ons Jesus Christus teenoor verset en opstand te staan kom.

**Christus en sy onderdane heers oor verset**

Christus bring versoening tussen God en mens. Maar dit is nie al nie. In Kol 2:15 wys Paulus op die triomf van Christus oor *die owerhede en magte*. Hiermee wil die apostel die gemeente te Kolosse vertroos rnet die versekering dat die wêreldheerskappy nie in die duiwel se hande is nie. Nee, dit is Jesus Christus wat triomfeer. "Die wêreld moet daarom nie in die eerste plek as die werkterrein van die duiwel gesien word nie, maar as die gebied waaroor Christus hoe langer hoe meer Sy heerskappy laat geld" (Floor, 1974:21)

As ons dus na verset verwys, verwys ons eerstens na duiwelswerk. Omdat die gelowige in diens van die Koning staan, moet al sy werk dalk eerder bekend staan as die onderdrukking van verset en opstand. Dit geld myns insiens ook vir die Christen wat "plichtmatige verzet" (Groen van Printerer, 1951:29) d.w.s verset as weerstand beoefen. Soos reeds aangetoon, moet ons dus nie verward begin raak en verset as weerstand, as opstand begin sien nie. In die lig van bogenoernde is die gelowige wat die Duiwelse magte weerstaan, ook besig om die Duiwel se Opstand te onderdruk.

Die gelowige kom nie in verset nie, hy is in diens van sy Koning, dié Onderdrukker van verset. Hy is burger en onderdaan in die koninkryk van Christus (Fil.3:20). Sy Heer en Meester het die owerhede en magte uitgeklee en hulle in die openbear tentoongestel en daardeur oor hulle getriomfeer3[2] (Kol 2:15).

Omdat die werk van die gelowige in diens is van die Koning, dra dit ook 'n amptelike karakter (vgl. HK Sondag 12 v/a 32). Wanneer die gelowige enige vorm van duiwelse verset onderdruk, moet dit 'n amptelike karakter dra. Soos die priesters van ouds eers hulself moes reinig alvorens hulle amptelike werk kon doen, so moet die gelowige in sy amp homself ook eers reinig. Alle onderdrukking van verset in die geloofsgemeenskap begin by die onderdrukking van verset in die gelowige se eie hart (vgl. I Kor 10:12). Alle onderdrukking van verset deur die kerk buite die geloofsgemeenskap begin by die onderdrukking van verset in die binnekring geloofsgemeenskap self. Indien die oordeel van God by die huis van God begin (1 Pet 4:17) moet die selfbeoordeling uiteraard ook daar begin. Sonder die profetiese en apostoliese gesag wat deur Christus aan ons werk 'n amptelike karakter gee, sonder selfbeproewing, is daar geen waarborg dat ons werk nie ook in 'n opstand sal ontaard nie.

---

[2] Hierdie beeld is ontleen uit die gebruik in die Bybelse tyd om gevange konings nakend in 'n optog deur die stad se strate te laat paradeer.

Daarom mag ook nie alle modelle in die Skrif vir ons normatief wees nie. Dit is so dat die HERE by meer as een geleentheid 'n reguit hou met 'n krom stok geslaan het. Ons kan die rigter Ehud as voorbeeld (Rig 3:12-30) neem: Ehud was weliswaar deur *die HERE as verlosser verwek* (3:15), maar sy optrede was die van 'n sluipmoordenaar. Dit was egter in 'n tyd dat *die woord van die HERE skaars was*. (1 Sam 3:1) Daar was ook *geen koning in Israel nie en elkeen het gedoen wat reg was in sy oë* (Rig 21:25). Vandag kan ons as gelowiges nie 'n woordskaarste of koningskaarste as verskoning voorhou nie. Ons leef met die hele Skrif, die voltooide besonderse openbaring as 'n lig vir ons pad en as lamp vir ons voete. Ons ken en aanbid die Koning der konings en leef onteenseglik onder Sy gesag. Hy leer ons ook om ontsag vir gesag te hê.

**Ontsag vir gesag**

Hierdie ontsag vir gesag is reeds te sien in die houding van die voortvlugtende Dawid wat weier om sy hand te lig teenoor die despotiese koning Saul. Menslik gesproke het hy seker alle reg daartoe gehad, maar vir Dawid geld daar 'n ander beginsel: die gesag kom van Bo af, ook hierdie magsbehepte en vervolgsugtige koning Saul se gesag. Volgens Dawid slaan niemand *sy hand aan die gesa!fde van HERE en bly ongestraf* nie (1 Sam 26:9). Dawid wys hierdeur dat menslike oorwegings nie so sterk geld as God se insettinge nie.

Die HERE vra ontsag vir gesag: vir die ouerlike gesag, vir die gesag van die man oor die vrou, vir die gesag wat Christus se dienaars in die kerk beoefen, vir die gesag wat in die maatskappy in die verskillende kringe uitgeoefen word en die gesag wat die owerheid oor sy onderdane het.

Selfs die heidense despote ontvang hulle gesag van bo-af, sonder dat hulle noodwendig soos Saul daartoe gesalf is. Dat die goewemeur Pilatus 'n tiran was, lei geen twyfel nie. Daarvan getuig die Skrif self (Luk 13:1). Maar die Seun van Dawid herken Pilatus se gesag as 'n Godgegewe gesag (Joh 19:10) en daar is by Hom klaarblyklik geen sweem van *verset* teenoor hierdie gesag nie (vgl. ook Mat 22:21; Rom 13:1-7; Tit 3:1; 1 Pet 2:13,18).

**Verdere motiverings vir die afwys van verset**

Hoekom is dit so? Daar is eerstens 'n les daarin opgesluit vir die gelowige. 'n Les wat baie duideiik in Sagaria 4:6 gestel word: *Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees, sê die HERE van die leërskare*. Hierop lewer Edelkoort (1945:78) die volgende kommentaar: "met deze woorden is elke nationaal-politieke voorsteiling van het komende heil afgewezen. Het messiaansche rijk is geen rijk van deze wêreld, opgekomen uit deze

wêreld, en in stand gehouden met de machten van deze wèreld, maar is van het ander orde en is van ander herkomst en word gestut met ander krachten" So stel die Here Jesus dit ook aan Pilatus*: My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie; as my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my dienaars geveg het, dat Ek nie aan die Jode oorgelewer word nie. Maar nou is my koninkryk nie van hier nie*. Of ons nou daarvan hou of nie: die weerstand, die onderdrukking van verset, die stryd het 'n geestelike dimensie en daarmee moet ten alle tye rekening gehou word (vgl ook 2 Kor 10:3-6).

Daar is nog 'n rede vir die afwys van verset en opstand. Ons vind dit baie duidelik in die apostoliese briewe. In sy eerste brief aan Timoteus vra Paulus dat daar voorbidding gedoen word *vir konings en almal wat hooggeplaas is, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei ... want dit is goed en aangenaam voor God, ons Verlosser, wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom* (1 Tim 2:24). Ek wil nie nou ingaan op al die argumente wat die Arminiane en die remonstrante rondom vers vier aanvoer nie. Vir hierdie betoog is dit belangrik dat hierdie gedeelte (1 Tim 2:1-7) missiologies verstaan moet word. Paulus sien homself as 'n leraar van die heidene wat Christus as *'n losprys vir almal* verkondig. Die verkondiging van die evangelie is immers gerig *tot alle nasies en stamme en volke en tale* (Op 7:9). Vir hierdie doel het alle evangelie verkondigers *'n rustige en stil lewe* nodig.

Daarom moat daar vir die owerhede gebid word. Daarom vereis die apostels onderdanigheid aan die owerheid. Daarom herinner Paulus ook in sy brief aan Titus dat die gelowiges onderdanig moet wees aan die *owerhede en magte om gehoorsaam te wees, bereid tot elke goeie werk* (3:1). Hoekom? Sodat die *gelowiges die leer van God, ons Verlosser, in alles kan versier, want die reddende genade van God het aan aIle mense verskyn* (2:10,11). Die missiologiese opdrag gaan weereens voorop, dit styg uit bo eie belang en nasionalistiese oorwegings. Geweld, oorlog, opstand, oproer en stakings is nie bevorderlik vir die Woordverkondiging nie. Die evangelie gedy met *'n rustige en stil lewe*.

Dit is opmerklik dat die duiwel dan ook dikwels deur die aanstigting van burgerlike opstand die evangelieverkondiging in die wiele probeer ry (Hand 6:11ev; 14:2,5; 16:22:17:8:19:28 ev; 21:27).
Met bogenoemde uiteensetting in gedagte kom die Christelike lydsaamheid ter sprake. Hierdie deug word 22 keer in die Nuwe Testament genoem. Die gelowige is bereid om onreg te verduur, om selfs te roem in verdrukking, *omdat ons weet dat die verdrukking lydsaamheid werk* (Rom

5:3). In Petrus se eerste brief verwys hy na die base wat verkeerd optree (1 Pet 2:18ev). Hy vermaan die slawe om nog steeds onderdanig te wees, *want dit is genade as iemand ter wille van die gewete voor God, leed verdra deur onregverdig te ly*. Hierdie voorbeeld is gestel deur Jesus Christus self, *Hy wat, toe Hy uitgeskel is, nie terug uitgeskel het nie; toe Hy gely het, nie gedreig het nie, maar dit oorgegee het aan Hom wat regverdig oordeel*. Dieselfde lydsaamheid sal sekerlik ook van toepassing wees in die geval waar die gelowige onderdaan teenoor 'n onregverdige owerheid te staan kom. *Elkeen wat van jou een myl afdwing, loop met hom twee myl saam* (Mat 5:41).

Stefanus kon seker soos Elia vir 'n Goddelike ingryping gebid het, toe hy met die verset van die Joodse Raad teen Jesus Chnistus te doen gekry het. In reaksie op so 'n gebed kon die aarde hulle dalk verslind het, soos dit vir Korag, Datan en Abiram ingesluk het. Maar daar was nie so 'n gebed nie. Die gebed van Stefanus met sy steniging is eerder 'n eggo van sy Koning se gebed by die kruis: *Here, reken hul hierdie sonde nie toe nie* (Hand 7:60). In die geval van die jong man, Saulus wat met Stefanus se klere aan sy voete gestaan het, is hierdie gebed dan ook verhoor …

*Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees* ... Die gelowige se teenwoordigheid in hierdie ongelowige wêreld kom baie duidelik na vore in die beelde wat die Here Jesus self gebruik het: nie soutsuur nie maar suurdeeg, nie 'n sweisvlam nie maar 'n lig, nie dinamiet nie maar 'n mosterdsaadjie.

## Die onderdrukking van verset teen die erediens en Woordverkondiging

Ons kon die onderwerp oor verset en die onderdrukking van verset hiermee afgesluit het; die Bybel toegemaak het en huis toe gegaan het om hierdie beginsels praktyk te maak in ons lewens. Daar is egter nog een beeld uit die Bybel wat om ons aandag vra, een Skrifgedeelte wat nie verbygegaan kan word nie. Hierdie beeld doem voor ons op in die Persoon van Jesus Christus met die sweep in sy hand, Jesus Christus by die omgekeerde geldtafels in die tempel.[3] Hierdie gebeure werp dan ook lig op

[3] Die sinoptiese evangelies plaas hierdie gebeure aan die einde van Jesus se bediening na die intog in Jerusalem. Johannes berig daaroor aan die begin van Jesus se werk op aarde. Die moontlikheid van twee 'tempelreiniging' is dus nie uitgesluit nie.

die onderdrukking van verset teen die Woordverkondiginig en die erediens in besonder.

Onder erediens verstaan ek al die elemente van die erediens: samekoms, lofprysing, skuldbelydenis, Woordverkondiging, gebed, die seën van die HERE asook dit wat bekendstaan as die daaglikse erediens. In alle gevalle word die herstel van die erediens en die omgang met die HERE voorafgegaan deur Woordverkondiging, hetsy deur die HERE self of deur sy gesante (vgl Rom 10:13-17). Die herstel van die gevalle mens se verhouding met God en die herstel van die Goddelike erediens is wesenlik een-en-dieselfde. Alle Goddelike werksaamheid op aarde vind sy hoogtepunt in die hemelse erediens (Op 4). "Die basis van die erediens is die hele heilsplan van God in die Skrif soos dit in Jesus Christus konkreet geword het ... dit is die hele weg wat God in die loop van die eeue gegaan het, van die skepping tot by die wederkoms van Christus, om die heil te verwerklik wat Hy reeds voor die grondlegging van die wêreld vir ons mense bepaal het" (Barnard, 1981:389).

Deur die eeue word die erediens ook in stand gehou. Al word dit met die vemietiging van Jerusalem gereduseer tot 'n klompie klaagliedere, al word die luisterryke erediens van die tempel in die tyd na die ballingskap vervang met die eenvoudige sinagogediens of later selfs net Daniel se daaglikse gebed, al word dit aan die begin van die Nuwe Testamentiese geloofsgemeenskap nog verder gereduseer tot huisbyeenkomste, sal daar altyd eredienste wees ... Daarom is die opstand van die duiwelse magte teen die Woordverkondiging en die erediens so vel. Vandag nog.

**Die HERE sal sy erediens in stand hou**
Om hierdie rede word Farao se opstand teen die herstel van die erediens met soveel beslistheid deur die HERE onderdruk. Die primêre doel van die uittog uit Egipte en die inname van die land Kanaan was nie die volk se vryheid nie. Dit was ook nie die besetting van die Beloofde land nie. Die primêre doel van die uittog word reeds in Eksodus 3:18 duidelik gestel. Die volk moet geleentheid kry om aan die HERE te offer. Farao kom in opstand teen die Israeliete se <u>offerdiens</u> aan die *Ek is wat Ek is*.

Die eintlike betekenis van die Sinai-gebeure lê ook in die feit dat die grondslag daar gelê word vir die erediens soos dit uiteindelik in die tyd na die vestiging in die land sou uitgesien het (Westermann, 1981:191). Die hele boek Deuteronomium getuig dat die inname van die land direk in verband staan met die aanbidding en diens van die enige ware God. In die lig moet die Kanaanitiese volke se verset en die onderdrukking van hierdie

verset gesien word. Dat die Leërowerste van die HERE (vgl. Jos 5:14) vir Josua, Dawid en die krygsmanne gebruik am die land to heilig, is slegs genade.

> *Lofverheffinge van God is in die volk se keel,*
> *en 'n tweesnydende swaard in hulle hand;*
> *om wraak te oefen onder die heidene, strafgerigte onder die volke:*
> *om hulle konings met kettings te bind en hulle edeles met ysterboeie;*
> *om 'n vonnis wat opgeskrywe is, aan hulle te voltrek.*
> *'n Eer is dit vir al sy gunsgenote! Halleluja !* (Ps 149:6-9)

**Jesus se "tempelreiniging"**

Die sogenaamde 'tempelreiniging" is die enigste geleentheid in die Skrif waar Jesus Homself deur gewelddadige optrede laat geld het. Dit is die enigste geleentheid tydens sy aardse bediening dat hy die verset teen Sy werk gewelddadig onderdruk het. Ek noem dit 'n verset teen Sy werk. Daarmee bedoel Ek Sy werk om die verhouding tussen die gevalle mens en sy Skepper en die gepaardgaande erediens volkome te herstel. En wanneer die Christus deur Sy werk die voorhangsel wat die aangesig van God verberg het, laat skeur (Mat 27:51), wanneer Christus *die middelmuur van skeiding* (Ef 2:14) wat die heidene tot die buiteplein beperk het, afgebreek het, dan moes sy hemelse Vader sekerlik nie uitkyk op 'n rowerspelonk (Mar 11:17), op 'n straatmark nie. Dan moes Sy Vader uitkyk op die menigte van gesigte <u>uit al die nasies</u> wat hulself oor die jare heen in daardie voorhof tot die Iewende God in gebed gewond het (vgl 1 Kon 8:41ev.; Jes 56:6ev). Let 'n bietjie op hoe Jesus sy optrede in Markus 11:11 verduidelik*: En Hy het geleer en vir hulle gesê: "Is daar nie geskrywe: My huis moet 'n huis van gebed genoem word vir al die nasies nie? Maar julle het dit 'n rowerspelonk gemaak*."

Die ywer vir Sy Vader se huis het Hom verteer (Joh 2:17). Met mag en mening onderdruk Jesus Christus hierdie verset teen die ware erediens en Woordverkondiging. Die teenwoordigheid van die gelowiges uit die nasies in die sogenaamde voorhof van die heidene was tog immers deur al die eeue 'n verkondiging van die Christus wat sou kom net soos die altaardiens dit al daardie jare was. Hierdie verset teen die ontplooiing van die heilsgeskiedenis kom van die Sanhedrin, die Hoëpriesterlike familie. Volgens Jeremias (1978:49) is dit hoogs waarskynlik dat Annas en sy familie 'n goeie aandeel in hierdie florerende besigheid in die tempelarea gehad het. Dit het ten minste hul goedkeuring weggedra.

Die opstand teen God kom dan in hierdie geval vanuit die kerk self. Ons kan egter verder gaan. Ons kan sê dat hierdie spesifieke opstand ook vanuit die geledere van die owerheid gekom het. Binne die destydse bestel was die Hoëpriester ook 'n regeringshoof met uitvoerende gesag ... "the highest administrative and judicial authority of Jewry" (Jeremias, 1978:151). Hier was 'n deformerende kerk met staatsgesag wat homself teenoor die ware erediens, die Woordverkondiging en die heilsplan van God opgestel het. Jesus sou onverbiddelik daarteenoor optree.

*Betaal aan die keiser wat die keiser toekom, en aan God wat God toekom* (Mar 12:17). In bogenoemde geval het Christus dit wat aan God toekom, opgeëis. Waar dit die Woordverkondiging aangaan, word Christus se gesag bo alle ander gesagsvorme gestel. So stel Petrus dit ook teenoor die Joodse Raad in Handelinge 4:19,20: *Of dit reg is voor God om julle meer gehoorsaam te wees as God, moet julle self beslis, want vir ons is dit onmoontlik om nie te spreek oor wat ons gesien en gehoor het nie*.

Die gelowige en die onderdrukking van verset teen die woord en erediens
Waar dit die erediens en die Woordverkondiging aangaan, mag dit selfs van tyd tot tyd nodig wees om toepaslike geweld aan to wend om die opstand teen daardie gesag te onderdruk. Met die herbou van Jerusalem se mure kom Sanballat, Tobia, die Arabiere, die Ammoniete en die Asdodiete in verset en opstand. Die bouers het voortgegaan om te bou ... troffel in die een hand, werpspies in die ander (Neh 4).

'n Woord van waarskuwing sal nie onvanpas wees op hierdie stadium nie. Ek het doelbewus die begrip 'toepaslik' gebruik waar dit saam met die woord geweld gebruik word. Jesus het gegaan en *'n sweep van toutjies gemaak* (Job 2:15) en daarmee die handelaars verdrywe. Hy kon sekerlik een van die alomteenwoordige tempelpolisie se swaarde afgeneem het en die handelaars daarmee behoorlik afgeransel het. Hy kon selfs vir sy Vader gebid het en die sou Hom 12 legioene engele beskikbaar stel (Mat 2&53) om Hom te help om die verset te onderdruk. Ons kan ons kwalik die gevolge voorstel. In die geval was 'n gevlegte sweep egter genoeg.

Wanneer verset teen die erediens en Woordverkondiging onderdruk word, moet in gedagte gehou word dat die gelowige of die geloofsgemeenskap nie besig is om die oordeel van God self te voltrek nie. *Want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here* (Rom 12:19). Alle onderdrukking van verset moet dus net genoeg wees om die Woordverkondiging en die erediens in stand te hou. 'n Gevlegte sweep en niks meer nie.

Dieselfde Jesus Christus wat die handelaars uit die tempelterrein verdryf het, verskyn weer in die eerste hoofstuk van die boek Openbaring *met oë soos 'n vuurvlam en 'n skerp tweesnydende swaard wat by sy mond uitgaan* (1:14,18). Sy eerste woorde rig Hy <u>nie</u> tot die magte wat teen hom in opstand gekom het nie. Hy rig Sy eerste woorde tot sy geloofsgemeenskap, die sewe gerneentes van klein Asië. Ook binne daardie gemeentes en samelewings was daar diegene wat in opstand was teen die Woord en die ware erediens: die Nikolaiete, die sinagoge van die Satan, die volgelinge van Bileam en lsébel, die valse profetes. Die Heilige, die Waaragtige bevraagteken of die gelowiges hierdie opstand teen Hom met die kerklike tug onderdruk het. Hy ken immers die gemeentes se werke (2:2,9,13,19; 3:1,8,15). Hy moedig hulle aan om die opstand te onderdruk, die slegte mense nie te verdra nie, om hulle werke te haat, om hulle eie klere nie te besoedel nie, om lydsaam te wees, om Sy woord te bewaar en bowenal <u>om te oorwin</u> (2:7,11117,26; 3:5,12,21).

Die ywer vir Sy Vader se huis het Jesus verteer. Daar is ook opstand teen die huis van ons Vader in hierdie land. Dit neem verskillende vorme aan. Enkele voorbeelde:

- Weens bepaalde teologiese beskouinge, is die suiwerheid van Woordverkondiging in die erediens self in gedrang
- Die erediens is toenemend besig om of in die konsertagtige of die mistieke op te gaan.
- Christus se Psalms word van alle kante bedreig.
- Die handhawing van die tug rondorn die sakramente is besig om heeltemal te verflou.
- Die Woordverkondiging in die onderwys word van alle kante beleër.

Mag die ywer vir die huis van Here elke gelowige in hierdie land ook verteer.

**Opsomming**

• Daar moet duidelik onderskei word tussen verset as opstand en verset as weerstand.

• Waar dit verset as opstand aangaan, is die gelowige in navolging van Christus 'n onderdrukker daarvan.

• Die onderdrukking van opstand begin in die hart van die individuele gelowige, daarna in sy geloofsgemeenskap, daarna in die samelewing.

Persoonlike verootmoediging en die verootmoediging van die geloofsgemeenskap is ‘n voorvereiste vir enige optrede.

• Ter wiIIe van die Woordverkondiging, moet die gelowige en die geloofsgemeenskap bereid wees om persoonlike onreg te verduur.

• Ter wille van die handhawing van Woordverkondiging en die erediens, moet die gelowige en die geloofsgemeenskap in navolging van Christus bereid wees om die verset daarteen met toepaslike maatreëls to onderdruk.

**Bibliografie**


BARNARD, AC. 1981. *Die Erediens*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

DE VILLIERS, J.L. 1987. *Die Christen en die staat volgens die Nuwe Testament*. (In: Staatsgesag en Burgerlike Ongehoorsaamheid. D. du Toit [samesteller, Kaapstad: Lux Verbi).

EDELKOORT, A.E. 1945. *De Profeet Zacharia*. Baam: Bosch & Keuning N.V.

FLOOR, L. 1974. *Die Koninkryk van God en die Vernuwing van die Maatskappy*.

JEREMIAS, J. 1978. *Jerusalem in the Times of Jesus*. Philadelphia: Fortress Press.

WESTERMANN, C. 1981. *Hooflijnen van een Theologie van het Oude Testament*. Kampen: J.H. Kok.

# ‘n Reformatoriese standpunt oor Verset

Johannes Calvyn (1509-1564) – ‘n Lewe van Verset Teen Die Ongeloof

*deur prof. A.W.G. Raath*

Prof. Raath is verbonde aan die departement Staatsreg en Staatsfilosofie, UOVS.

## 1. Inleiding

Tydens sy studie in Parys het Calvyn met die Bybelse humaniste in aanraking gekom. Hierdeur het hy sy eerste indrukke van moontlike hervorming van alle lewensterreine verwerf. Geleidelik het Calvyn tot die finale verwerping van die Roomse dwaalleer gekom. Van die moeilike proses van Bybelstudie en toewyding om die grondslae van die ware geloof bloot te lê, ten einde die valse leer van Rome te bestry, skryf A.D. Pont:

> Stadig, stap vir stap, deur ondersoek, nadenke en studie het Calvyn sy weg gevind; ‘n weg wat hom weggelei het van die Roomse kerkleer en in die bane van die evangeliese waarheid van Gods Woord.

In 1533 was Calvyn genoodsaak om voor die woede van die Franse koning uit Parys te vlug. Na ‘n tydperk van vlug in Frankryk het hy hom in 1535 te Basel in Switserland gevestig, waar sy hoofwerk *Die Onderwysing in die Christelike Godsdiens* in 1536 verskyn het. Hierdie werk het in 1559 in finale vorm verskyn, nadat dit vyfmaal herdruk is. Kortweg word na hierdie werk as die *Institusie* verwys. Na sy vertrek uit Basel het Calvyn vir enkele maande aan die hof van die hertogin van Ferrara in Noord-Italië vertoef. In Julie 1536 het Calvyn in Genève vertoef, waar hy deur Guillaume Farel besoek is. Op Farel se versoek het Calvyn besluit om langer in Genève oor te bly. Van die appèl wat Farel op hom gemaak het, het Calvyn later gesê:

> Ek is vasgehou nie alleen deur ‘n aanspraak en vermaning nie, maar ook deur ‘n ontsettende beswering van Farel, asof God uit die hemel Sy hand met geweld op my gelê het.

Met hierdie besluit het Calvyn sy lewenswerk in Genève begin – ‘n lewenstaak van verset teen die valse leer en die ongeloof. As gevolg van Calvyn en Farel se kragtige hervormingsarbeid het die stadsraad beide van hulle in 1538 uit Genève verban. Farel het daarna predikant te Neuchatêl en Calvyn predikant te Straatsburg geword. Deur middel van Matin Bucer het Calvyn in aanraking met die verskillende leiers van die Duitse hervorming gekom, onder andere met Philippus Melanchthon, een van

Luther se naaste medewerkers. Tydens sy verblyf in Straatsburg het Calvyn met 'n reeks kommentare op die boeke van die Bybel begin. Hy het ook begin om die Psalms uit die Ou Testament te berym en in 1539 het die Franse Psalmboek verskyn waarin ook verskeie van Calvyn se beryming s opgeneem is. Te Straatsburg het Calvyn met die weduwee Idelette van Buren in die huwelik getree. In 1542, twee jaar na sy huwelik, is Calvyn se enigste seuntjie gebore, maar kort daarna oorlede. In 1549 het sy vrou hom ook na swak gesondheid ontval.

Die Reformatoriese weerstand teen die valse leer van sy tyd het, te midde van moeilike omstandighede vir Calvyn, positiewe resultate gehad. Weens die positiewe veranderinge wat in Genève plaasgevind het, het Calvyn na Genève teruggekeer. In dieselfde jaar het die stadsraad van dié stad Calvyn se Kerkorde aangeneem. Daarmee het Calvyn gestreef dat die menslike gemeenskap deur die Woord van God regeer moet word. Tydens sy verblyf daar het Calvyn ook met felle teologiese teenstand te make gekry. In 1551 het die medikus Hieronymus Bolsec hom openlik teen Calvyn se teologiese standpunte uitgespreek en is deur die stadsraad van Genève uit die stad verban. In 1552 het die botsing tussen Calvyn en die medikus Michael Servet plaasgevind op grond van laasgenoemde se verwerping van die Bybelse leer dat Jesus Christus die Seun van God is en die belydenis van die Drie-eenheid van God. Servet is skuldig bevind aan kettery dat hy die Godheid van Christus loën en volgens die gebruik van dié dae is hy buite Genève lewendig verbrand.

Calvyn se volgehoue lewensverset teen die valse leer het op vrugbare aarde geval. Sy posisie in Genève het sodanig verbeter dat hy in 1559 sy Akademie kon oprig, waar onderrig met verloop van tyd op Reformatoriese basis in die Teologie, Regte en Medisyne gegee is. Die eerste rektor van die Akademie, was Theodorus Beza (1519-1605), wat die lewenswerk van Calvyn in belangrike opsette sou voortsit. Dit sou mettertyd ook die vlamme van verset teen die valse Roomse leer na ander lande voer. Onder andere John Knox, die bekende Skotse hervormer het aan die Akademie studeer. In Februarie 1564 het Calvyn siek geword en op 27 Mei van dié jaar is hy oorlede. In sy testament wat op 25 April 1564 opgestel is het hy sy lewensfilosofie van stryd teen die ongeloof en die genade wat die Here hom in die stryd verleen het, soos volg verwoord:

> Allereers dank ek God, dat Hy Hom nie alleen oor my, sy arme skepsel, erbarm het, dat Hy my gehaal het uit die afgrond van afgodery, waarin ek versink was om my in die lig van die evangelie te trek … en my in alle sonde en swakheid te verdra nie, maar ook

> dat Hy my, wat baie meer is, die genade gegee het om Hom deur my werk te kon dien. Ek verklaar dat ek my, na die mate van genade wat aan my gegee is, beywer het om Sy Woord suiwer te verkondig en die Heilige Skrif getrou uit te lê."

Die kern van Calvyn se geheim van suksesvolle verset teen die ongeloof en valse godsdiens is hiermee in 'n kort en bondage eenheid saamgevat: 'n goeie kennis en begrip van en uitleg van die Heilige Skrif!

**2. Die eis tot gehoorsaamheid aan die owerhede**

Die Calvinistiese eis van gehoorsaamheid aan die gesagsinstellinge wat oor die mens gestel is, wentel grootliks rondom die teks van Romeine 13: 1-7. Volgens die ou Afrikaanse vertaling van die Bybel, lui dit soos volg:

> 1. Laat elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is, want daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel,
> 2. sodat hy wat hom teen die mag versit, die instelling van God weerstaan; en die wat dit weerstaan, sal hulle oordeel ontvang.
> 3. Want die owerhede is geen voorwerp van vrees by die goeie dade nie, maar by die slegte. Maar wil jy die mag nie vrees nie, doen wat goed is, en jy sal lof van hom ontvang;
> 4. Want hy is 'n dienaar van God, jou ten goede. Maar as jy kwaad doen, vrees dan; want hy dra die swaard nie verniet nie, want hy is 'n dienaar van God, 'n wreker om die een wat kwaad doen te straf.
> 5. Daarom is dit noodsaaklik om jou te onderwerp, nie alleen ter wille van die straf nie, maar ter wille van die gewete.
> 6. Want daarom betaal julle ook belastings; want hulle is dienaars van God wat juis hiermee voortdurend besig is.
> 7. Betaal dan aan almal wat aan hulle verskuldig is; belasting aan die wat belasting, tol aan die wat tol, vrees aan die wat vrees vrees, eer aan die wat eer toekom.

In die Nederlandse Geloofsbelydenis verwoord die tweede gedeelte van artikel 36 die gehoorsaamheidsplig van die mens teenoor gesagsinstellings soos volg:

> Verder is elkeen, van watter hoedanigheid, toestand of staat hy ook mag wees verplig om hom aan die owerhede te onderwerp, belastings te betaal, aan hulle eer en eerbied te betoon en hulle gehoorsaam te wees in alles wat nie stry met die Woord van God nie; vir hulle voorbidding te doen, sodat die Here hulle mag

> bestuur in al hulle weë en ons 'n rustige en stil lewe kan ly in alle Godvrug en waardigheid. Hierin verwerp ons die Wederdopers en ander oproerige mense en in die algemeen almal wat die owerhede en regeerders verwerp en die regterlike gesag omver wil werp, die gemeenskap van goedere invoer en die eerbaarheid wat God onder die mense ingestel het, in verwarring bring.

In verskeie Calvinistiese geloofsbelydenisse word die hooflyne van die gehoorsaamheidsplig in artikel 36 verwoord. Die Boheemse Geloofsbelydenis van 1609 bepaal byvoorbeeld in artikel 16 dat dit beveel word in Gods Woord dat almal gehoorsaam moet wees aan die owerhede in alle dinge vir sover dit nie stry teen God en sy Woord nie. Wat die geloof en belydenis betref, verklaar dié belydenis dat die mense slegs gehoorsaam moet wees aan Gods Woord, soos Christus self sê: "Gee aan die keiser wat die keiser toekom en aan God wat God toekom." Indien iemand die gelowige sou dwing om dinge te doen wat teen God ingaan en stry met Sy Woord, behoort die voorbeeld van die Apostels nagevolg te word, wat die magistraat van Jerusalem geantwoord het dat dit betaamlik is om God meer as mense gehoorsaam te wees.

Tussen die Calvinistiese standpunte oor verset en dié van die Zürichse Reformasie is daar 'n duidelike verband. In sy stellings van 1523 verklaar Zwingli dat die wêreldlike owerheid mag het en bevestig word uit die leer van Christus. Alle Christene is gehoorsaamheid verskuldig aan die owerheid, niemand uitgesonder nie, dit wil sê vir sover die owerheid niks teen God gebied nie. Dit is opvallend dat die verwysings na gehoorsaamheid aan die owerhede in sowel die Zürichse as die Calvinistiese Reformasie die gehoorsaamheidsplig telkens met verwysing na Handelinge 5: 29 kwalifiseer: "Ons moet God meer gehoorsaam wees as die mense."

Een van die belagrikste vrae vir die tyd van Calvyn en vir ons vandag is egter: Wat is Calvyn se standpunt met betrekking tot die onderdaan se verset teen die staatlike owerheid?

## 3. Calvyn se burgerlike versetsleer

Calvyn handhaaf konsekwent die standpunt dat God meer as die mens gehoorsaam moet word. Wanneer menslike gesagsdraers dus bevele gee wat teen die gebooie van God indruis, moet dié wat aan die gesag onderworpe is weier om gehoorsaamheid daaraan te betoon. Dit is opvallend in die burgerlike versetsteorie van Calvyn dat private individue en groepe as sodanig geen reg van verset teen die burgerlike owerheid het

nie, selfs al sou die vors sy gesag misbruik. Gewapende verset sou onder hierdie omstandighede neerkom op verset teen God self. Elke owerheid is ‘n dienaar van God – selfs al is dit ‘n tirannieke of roofsugtige bewind. Selfs al sou die onderdaan lyding en onreg verduur vanweë die pligsversuim van die owerheid, sou verset steeds ongeoorloof wees. Daarmee verskoon Calvyn hoegenaamd nie die onregplegende owerheid nie, want so ‘n owerheid sal op die regte tyd sy straf ontvang. In sy *Institusie* (4:20:31) skryf Calvyn:

> Hierdie verbiedinge, ja vrome gesindheid is ons tot die uiterste verskuldig aan al ons owerhede, hoedanig hulle ook is … Daarom, indien ons deur ‘n hardvogtige vors wreed onderdruk word, indien ons deur ‘n hebsugtige of weelderige owerheid geplunder word, indien ons deur ‘n sorgelose owerheid verontagsaam en uiteindelik deur ‘n goddelose en heiligskennende owerheid onderdruk word ter wille van ons vroomheid, dan moet in die eerste plek die gedagte in ons opkom van ons sonde, wat sonder twyfel deur sulke gésels van die Here gekasty word. Dan sal die ootmoedigheid ons onlydsaamheid beteuel. Verder moet ook hierdie gedagte in ons opkom, dat dit nie vir ons is om sulke rampe te genees nie, maar dat dit slegs vir ons oorbly dat ons die hulp van die Here inroep in wie se hand die harte van die konings en die neigings van koninkryke is (Spreuke 21:1). Hy is die God wat sal staan in die veragdering van die gode, en sal oordeel in die midde van die gode (Psalm 82:1).

Vir die individuele burger geld die woorde: *parendum et patiendum*, met ander woorde Calvyn erken nie die reg van aktiewe verset en opstand van individuele burgers nie.

Tweedens, is dit opvallend dat Calvyn op dié uitgangspunt een belangrike uitsondering maak, naamlik dat God meer gehoorsaam moet word as die mens:

> Maar by die gehoorsaamheid wat die mense, soos ons bepaal het, aan die heerskappy van die owerhede verskuldig is, moet altyd hierdie uitsondering gemaak word, of liewer hierop veral gelet word, dat die gehoorsaamheid ons nie mag weglei van die gehoorsaamheid aan Hom nie … (*Institusie* 4:20:32).

Hiermee word die onderdaan nie alleen veroorloof nie, maar inderdaad verplig om bevele wat indruis teen die Woord van God te veronagsaam.

Slegs hierdie bepaalde bevel mag dan veronagsaam word, met die geduldige lyding wat daarop mag volg. Calvyn stel hiermee dus die beginsel van passiewe verset. Hy stel dit met verwysing na Handelinge 5:29 dat die individu himself moet troos met die gedagte dat hy dan die gehoorsaamheid betoon wat die Here eis, wanneer hy alles ly eerder as om "af te wyk van die vroomheid" (*Institusie* 4:20:32).

Die derde belangrike komponent van Calvyn se versetleer is daarop ingestel dat die reg van aktiewe verset slegs uitgaan van die ingestelde *magistratus populares* (volksverteenwoordigers). Hierdie ampte was feodale reste van standeverteenwoordiging wat selfstandige ampte gevorm het en soos die staat verplig was om die reg te vorm en te handhaaf met 'n dwingende gesag wat hulle van God ontvang het. In die sestiende eeuse staatslewe het dié owerhede as volksowerhede gefunksioneer. Volgens Calvyn het hulle, volgens hul owerheidskarakter, die bevoegdheid besit om die volksvryhede met die swaard teen regerende vorste te verdedig. Die relevante gedeelte uit Calvyn se *Institusie* (4:20:31) lui in die Nederlandse teks soos volg:

> Ik spreek steeds over particuliere personen. Want indien er nu enige volksmagistraten zijn aangesteld om de willekeur der koningen te verdwingen … en zoals wellicht de macht is, die bij de tegenwoordige stand van zaken in ieder koninkrijk de drie stenden bekleden, wanneer ze hun voornaamste vergaderinge houden, dan is het er zover vandaan, dat dit hun zou verbieden in overeenstemming met hun plicht de woedende ongebondenheid der koningen tegen te gaan, dat ik veeleer beweer, dat, indien zij het door de vingers zien, wanneer de koningen met gewelddadigheid optreden en het arme volk kwellen, hun veizen, dat ze het niet opmerken, niet vrij is van misdadige trouweloosheid: want dan verraden zijn bedriegelijke de vrijheid van het volk, van welke ze weten, dat ze haar volgens Gods ordinantie behoren te beschermen.

Calvyn se standpunt oor die reg van verset kan soos volg saamgevat word:

(a) Alle burgers het die reg tot passiewe verset slegs wanneer die bevele bots met die gebooie van God.
(b) Slegs die volksowerhede (*magistratus populares*) het die reg van verset met wapengeweld teen die owerhede. Volgens Calvyn is die individuele burger nie toegerus met die swaardmag nie en kan die burgery hul nie verder wend as passiewe verset nie.

(c) Die vraag is nou of die verdwyning van die amp van *magistratus populares* die einde van die reg tot aktiewe verset laat verval het.

Die Nederlandse skrywer De Gaay Fortman, met verwysing na Romeine 13:4, dui aan dat die Griekse word *exousiai* só verstaan moet word dat die toetssteen vir verset bepaal word deur die woorde "jou ten goede". Waar die politieke gesagsdraers nie meer besef dat die gesag in belang van staatsburgers uitgeoefen moet word nie, daar hou dit op om "owerheid" te wees. De Gaay Fortman wys daarop dat dit goed is dat ons in die eeu van die totalitêre staat daaraan herinner word dat slegs die gesag wat die toets van "jou ten goede" deurstaan, in die sin van Romeine 13, waarlik "owerheid" is. *Nie elke politieke maghebber is owerheid nie*! In sy bekende werk *Ongeloof en Revolusie* wys die Nederlandse Calvinis Groen van Prinsterer daarop dat gesag nie sinoniem is met oormag en geweld nie. Hy voeg by:

> … maar ek wil geen uitlegging (van Romeine 13) onderskryf wat ons sou verplig om die booswig wat die moordtuig voorhou, gehoorsaam te wees, of die gekroonde rower, wat gister die wettige vors verdryf het, vandag as 'n deur God ingestelde gesag te beskou nie."

Hieruit blyk dat aktiewe verset teen die owerheid volgens Romeine 13 dus onder bepaalde omstandighede geoorloof is; selfs verplig word om in opstand te kom waar die eer van God dit vereis, mits sodanige verset deur die volksleiers as *volksverset* van stapel gestuur word.

## 5. Die implikasies van die Calvinistiese visie op verset

(a) Waar die owerheid die publieke regsorde eensydiglik handhaaf of vanweë die verval van die staatsowerheid self die vermoë om wet en orde te handhaaf verloor, sou daar 'n plig op die burgery rus om alles in hul vermoë te doen om sonder geweld die bestaande owerheid met 'n Christelike owerheid te vervang.

(b) Indien die reg en orde verval, die individu nie van sy lewe seker is of van sy goed nie, maak die owerheid hom aan ampsversuim skuldig en mag die burgery deur hul Christelike volksverteenwoordigers tot passiewe verset oorgaan.

(c) In die geval waar 'n Christenvolk deur 'n heidense owerheid onderdruk word, moet toegesien word dat die burgery nie gedwing word om die mens meer as God gehoorsaam te wees

nie. Benewens alle middele wat aangewend moet word om die owerheid tot Christelike insigte te bring, sou die individu die reg tot passiewe verset hê.

(d) Wanneer die gesag van die ongelowige owerheid tot tirannie oorgaan, ampsversuim aan die orde van die dag is en daar geen ander wyse is waarop die onderdane hulself kan handhaaf as deur middel van aktiewe verset nie, sal die burgery deur middel van hul volksverteenwoordigers die reg van aktiewe verset hê. Vir die gelowige geld immers die waarheid dat gesag onder mense deur geweld verkry geen gesag is nie, maar oormag. Omdat niemand oor iemand anders mag beskik behalwe deur die wil van God nie, sal volksverset geoorloof wees. In sy werk *De Overheid* stel A. Kuyper dit soos volg:

> Zoo gaat dus Gods souverein gezag over geheel onzen persoon in al onze verhoudingen, waarin we tot andere personen staan en steeds is het God zelf, die omnipraesent ons Zijnen wil oplegt en absolute onderwerping aan dien wil eischt.

# Kerkregtelike verset

*deur ds. Hennie Momberg*

Ds. Momberg is leraar van die Gereformeerde Kerk die Kandelaar, Pretoria

**Inleiding**

In 'n wetenskaplike bydrae van die PU vir CHO, uit reeks F van die Instituut vir Reformatoriese studies, oor die *Doleansie 1886 – 1986*, van Oktober 1987, is die volgende betekenisryke woorde as inleiding op enkele referate geskrywe:

> Die sestiende-eeuse Reformasie was nie die eerste reformatoriese beweging nie, en het ook nie die enigste gebly nie. Calvyn se *ecclesia reformata semper reformanda est* ('n Gereformeerde kerk moet altyd weer reformeer word), het geblyk baie waar te wees. Telkens was daar maar weer deformasie!
> Dit blyk ook dat die ontwikkelingspatroon wat reformasie in die verskillende gevalle gevolg het, baie ooreenkomste vertoon: Eers protesteer, dan treur en uiteindelik skeur. Die drie woorde gee dan ook aan ons die name van drie verskillende reformasies: Die Protestantse (protesterende) Reformasie van die sestiende eeu, die Afskeiding van 1834 en die Doleansie van 1886.

Protesteer = protestant ... dit is die bekende kerkhistoriese term waaraan ons dink wanneer ons oor kerkregtelike verset gaan praat. Verset is 'n Bybelse verhoudings-begrip. 'n Begrip wat nie onder hierdie benoeming in die Bybel voorkom nie, maar wel onder verskeie ander soos reeds in 'n vorige lesing aangedui is. Die HAT beskryf verset op die volgende wyse:
As selfstandige naamwoord: Teenstand, weerstand opstand. Verset word gebied, gepleeg, aangeteken. Daar bestaan gewapende en lydelike verset. Mens kom in verset teen 'n onderdrukker, vreemde oorheerser.
As werkwoord word dit beskryf as 'n afwerende reaksie, byvoorbeeld: in verset wees teen alle onreg. Dit word as 'n reflekshandeling beskou. Tot sover die HAT.

Dit het vir my duidelik geword dat verset in die Bybels-geldige asook in die Bybels nie-geldige sin kan plaasvind, soos ek glo ander sprekers reeds voor my die saak uitgewys het.

Normaalweg word verset deur die Bybel as 'n daad in stryd met die vyfde gebod gesien. Dit is te sê wanneer daar van een of ander vorm van

gesagsuitoefening sprake is waarteen verset gebied word. Dit is juis dan dat daar gevra word na die uitsonderingsituasies waarbinne verset wettig sou wees, selfs 'n roeping sou wees.

**Verset binne die kerklike konteks**

Voordat oor verset binne die kerklike konteks gepraat kan word, moet allereers begryp word dat kerklike ampsdraers en kerklike vergaderings sekere mag ontvang het, asook dat kerklike vergaderings onder 'n sekere afspraak onderling besluite neem wat hulle as vas en bindend beskou en vir uitvoering deurgee. Die oorsprong hiervan lê in die Ou Testament verwoord in die opdragte wat die HERE telkens vir sy profete gegee het om in sy Naam te spreek en te doen. In die Nuwe Testament lê die oorsprong van hierdie gesag besonderlik in die kerkvergaderende opdrag (ook bekend as die sendingopdrag) wat Jesus na sy ekskousia verklaring (Mat 28) aan sy dissipels gegee het om onder sy gesag te gaan doen. Dieselfde ook die mag wat Hy aan hulle gegee het om die sleutels van die hemele te bedien (Matt 16 en 18). Verset kom dan ter sprake wanneer sekere kerke of indiwidue sodanige besluite en optrede van die ampsdraers en kerklike vergaderings as verswelgend, gewetebindend, gesagsmisbruikend, en regskrenkend vind. Dan gee hulle daardie besluite/adviese nie vir uitvoering deur nie. So 'n daad word as kerklike of ook kerkregtelike verset beskou. Ons kan uit die kerkgeskiedenis vasstel dat ook kerklike verset in sekere gevalle Bybels-ongeldig is, terwyl dit in ander gevalle nie alleen geldig nie, maar Bybelsgesproke selfs 'n roeping is. 'n Verskynsel wat dan ook altyd na vore kom, sowel by geldige en ongeldige verset, is dat sekere mense dit as ongeldig sal beskou en dit teenstaan, terwyl ander mense dit weer as geldig sal beskou en dit bevorder.

Hierdie snaakse bi-poligheid in die tema maak nou dat die gesprek ook hieroor sal moet gaan, naamlik wanneer is kerkregtelike verset Bybelsgesproke ongeldig en wanneer is dit Bybelsgesproke geldig en selfs 'n roeping.

Daar is nogal verskillende standaarde waaraan ongeldige kerkregtelike verset gemeet word. Die standaard waaraan die figure wat vrede ten alle koste najaag die ongeldigheid van kerkregtelike verset wil meet, is gewoon die mensliewendheidsbeginsel van eenheid en liefde en verdraagsaamheid. Die gehoorsaamheidsbeginsel van waarheid en geregtigheid wat van die handhawing van die Woord van Here afhanklik is, is nie van kardinale belang nie. Wat by ongeldige verset waarneembaar is, is dat die begeerte van die mens die oorhand verkry in besluitneming asook in ander kerkregering. Hulle manipuleer mense se gewetens en

gedrag met bewuste afwyking van wat in die Woord van die Here staan. Hulle kom wesentlik in verset teen die Here en stel dan as verweer en motivering vir hulle optrede die standaard dat daarteen nie in verset gegaan mag word nie, ter wille van die eenheid van die kerk en die liefde wat die broederskap onder mekaar moet handhaaf. Dit is hierdie vorm van kerkregtelike verset wat dwarsdeur die Bybel in die kader van deformasie van die kerk val, en wat kort en kragtig in byvoorbeeld die Judasbrief beskrywe word.

Ons sou kon sê: Ongeldige kerkregtelike verset sal altyd uitgeken kan word aan die kenmerke van die valse kerk soos dit in die NGB art 29 uitgedruk word.

Maar geldige kerkregtelike verset is 'n daad waarby 'n kerklike besluit of onderneming as 'n stuk ongehoorsaamheid aan die Woord van die Here bevind word en verwerp word. Dis wat die eerste mensepaar in die paradys moes gedoen het, en wat die tweede Adam, die Here Jesus, in die woestyn en sy hele lewe deur inderdaad gedoen het. Geldige kerklike verset is die optrede wat ons in die NGB artikels 7 en 32 en ook deurgaans in die belydenis verwoord wanneer ons sê dat ons van ganser harte alles wat met die onfeilbare reël van die Woord nie ooreenkom nie, verwerp.

**Kerkorde, artikel 31**

Wat hierdie saak nog ingrypender maak, is die feit dat ons die Bybelse geldige kerkregtelike verset in die Gereformeerde kerkreg met mekaar afgespreek het onder KO art 31. Volgens artikel 31 van ons Kerkorde het elke gemeente nie alleen die vryheid nie, maar ook ***die roeping*** om elke besluit van die sinode te toets of dit ooreenkomstig die Heilige Skrif en die Gereformeerde Belydenis en kerkorde is en om bevindings ("bewyse") aan kerke van ons kerkegemeenskap te kommunikeer. Die ter sake gedeelte van die artikel lui soos volg:

> Wat op 'n kerk!ike vergadering met meerderheid van stemme besluit is, moet as vas en bindend beskou word tensy bewys word dat dit in stryd is met God se Woord of die artikels van die Kerkorde.

Die Bybelse bevel wat die fondament van artikel 31 K.O. is, word onder meer aangehaal in die slotwoorde van art 7 NGB: *"Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan"* (1 Johannes 4:1). Die konteks van die paragraaf en die brief van Johannes het dit oor 'n aktuele

voorbeeld uit die dwaalleer van die Gnostieke leeraars. Hulle het die ware mensheid van Christus misken. Johannes neem egter die verbondsopdrag tot die toetsing van die profete oor soos dit reeds uit Deut 13:1 – 5 kom met die verskeie wyses hoe die misdaad van valse profesie herken kan word en behandel moet word en soos wat dit in 'n oormag van teksmateriaal deur die res van die Skrif ontvou word:

> As ’n profeet of een wat as dromer optree, by jou opstaan en jou ’n teken of wonder aankondig,
> 2 en die teken of wonder kom uit wat hy jou beloof het met die woorde: Laat ons agter ander gode aan loop - wat jy nie geken het nie - en hulle dien,
> 3 dan moet jy nie luister na die woorde van dié profeet of na dié man wat as dromer optree nie; want die HERE julle God beproef julle om te weet of julle werklik die HERE julle God liefhet met julle hele hart en met julle hele siel.
> 4 Julle moet die HERE julle God navolg en Hom vrees en sy gebooie hou en na sy stem luister en Hom dien en Hom aanhang.
> 5 Maar dié profeet of dié man wat as dromer optree, moet gedood word, want hy het afval verkondig van die HERE julle God wat julle uit Egipteland uitgelei en jou uit die slawehuis verlos het, deur jou af te drywe van die weg wat die HERE jou God jou beveel het om daarop te wandel. So moet jy dan die kwaad uit jou midde uitroei.

Dat die kerkvolk sedert die Ou Testament reeds die roeping gehad het om die woorde van die profete te toets was dus nie nuut of vreemd nie. Hierdie algemene roeping is deur Jesus Self bevestig in die bergrede, Matt 7: 15 e.v. soos dit besondere betrekking het op die leer van die Fariseërs en hulle vrugte,

> 15 Maar pas op vir die valse profete wat in skaapsklere na julle kom en van binne roofsugtige wolwe is.
> 16 Aan hulle vrugte sal julle hulle ken. ’n Mens pluk tog nie druiwe van dorings of vye van distels nie!
> 17 So dra elke goeie boom goeie vrugte; maar ’n slegte boom dra slegte vrugte.
> 18 ’n Goeie boom kan geen slegte vrugte dra nie, en ’n slegte boom ook geen goeie vrugte nie.
> 19 Elke boom wat nie goeie vrugte dra nie, word uitgekap en in die vuur gegooi.
> 20 So sal julle hulle dan aan hul vrugte ken.

21 Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is.

en in sy profetiese rede (Matt 24: 24ev) t.a.v. die Charismatistiese godsdienste met hulle tekens en wonders:

24 Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei.
25 Kyk, Ek het dit vir julle vooruit gesê.
26 As hulle dan vir julle sê: Kyk, Hy is in die woestyn - moenie uitgaan nie; kyk, Hy is in die binnekamer - moet dit nie glo nie.

Dieselfde doen Paulus ook in 1 Tim 4 t.a.v mense wat die Joodse wettisisme weer wil invoer,

MAAR die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang
2 deur die geveinsdheid van leuenaars wat gebrandmerk is in hulle eie gewete,
3 wat verbied om te trou en gebied dat die mense hulle moet onthou van voedsel wat God geskape het om met danksegging gebruik te word deur die gelowiges en die wat die waarheid ken.

en Judas (v 17 e.v.) doen dit t.a.v spotters wat volgens hulle eie goddelose begeertes wandel. Die algemene roeping word telkens bevestig en aangewend op ‘n aktuele voorbeeld uit die midde van sy lesers.
Hierdie selfde 'algemene' Bybelse roeping om die hedendaagse profete te toets aan die woorde van die profete van die Ou Testament en die apostels van ons Here Jesus Christus (2 Pet 3: 2 e.v. asook Judas 1: 17 e.v.) het Guido de Brès en die gereformeerde kerke sedert die sinode van Dordrecht 1618-19 as belydenis van ons geloof uitgedruk in die NGB art 7. Daar pas ons dit toe op die volkomenheid, gesag en die genoegsaamheid van die Skrif as Woord van God - gerig teen die wat dit aantas.

........ Ons mag ook geen geskrifte van mense, hoe heilig die mense ook al was, met die Goddelike Skrif gelykstel nie; ook mag ons nie die gewoonte of die groot getalle of oudheid of die opvolging van tye of persone, of kerkvergaderings of verordeninge of besluite met dié waarheid van God gelykstel nie, want dié waarheid is bo alles. Alle mense is immers uit hulleself leuenaars

> en nietiger as die nietigheid self (#Ps 62:10). Ons verwerp daarom met ons hele hart alles wat nie met hierdie onfeilbare reël ooreenkom nie, soos die apostels ons leer as hulle sê: **Ondersoek elkeen, ondersoek of sy gees van God afkomstig is** (#1Joh 4:1). En: As daar iemand na julle toe kom wat 'n ander leer bring, moet julle hom nie in julle huise ontvang nie (#2Joh 1:10).

Dit is dus duidelik dat in ons belydenis hierdie opdrag om die geeste te beproef nie alleen eng ten aansien van die mensheid van Christus gesien word nie, maar ten aansien van die volle getuienis van die Gees van God, naamlik die hele Skrif en ons Skrifverkondiging (NGB artt 3 – 7). Ons is geroep om die roepstemme wat ons hoor te toets en alleen die stem van die "Goeie Herder" te volg en nie enige ander vreemde stemme nie (Joh 10):

> 4 En wanneer hy sy eie skape uitgebring het, loop hy voor hulle uit; en die skape volg hom, omdat hulle sy stem ken.
> 5 Hulle sal 'n vreemde nooit volg nie, maar van hom wegvlug, omdat hulle die stem van die vreemdes nie ken nie.

In sekere kringe word so 'n verset as independentisme en skeurmakery beskou. Argumente wat nou alreeds verskeie kere onlangs in die Kerkblad verskyn het, is dat een gemeente of een persoon darem nie kan aanmatig dat hy/sy die reg het om 'n besluit wat by meerdere wysheid geneem is te toets en as ongeldig te bevind nie. Mense wat meen dat die besluite verkeerd is, moet dit nogtans vir uitvoering deurgee en hulle besware aan 'n meerdere vergadering voorlê. 'n Besluit bly volgens hulle egter geldig totdat die meerdere vergadering anders oordeel. Daar word dan in vrymoedigheid uitgenooi, kom bring julle bewyse, kom oortuig ons. In alle broederlike respek teenoor die geleerdes wat geneig is om bogenoemde sinodokratiese standpunt in te neem, moet gestel word dat hulle die betekenis van die betrokke kerkorde-artikel nie korrek verstaan nie. Dit is so effens tegnies, maar ek vra u geduld hiermee:

**Die betekenis van Kerkorde, artikel 31**
Die Latynse teks van Dorrdrecht 1619 lui:

> "*Quod vero plurium* (Wat op 'n meerdere vergadering) *suffragiis erit probatum, id ratum habebitur,* (besluit is met instemming, sal as 'vas en bindend' gehou word), *nisi* (tensy dit met die) *Verbo Dei, aut etiam articulis, a Synodo generali constitutis, donec* (Woord van God, of enige artikel wat die algemene sinode

> vasgestel het, solank) *alia Synodo generali mutentur, adversari ostendatur"*. (dit nie deur die algemene sinode verander is nie, in stryd bevind word.)

Die Nederlandse teks lui:

> ende t' ghene door de meeste stemmen goet gevonden is, sal voor vast en bondich ghehouden worden. Ten zy dattet bewesen worde te strijden tegen het woordt Gods, ofte teghen de Artickelen in desen Generalen Synodo besloten, soo lange als de selve door gheen ander Generale Synode verandert zijn.

Dit is opvallend dat die Latynse teks by die vas-en-bindend-hou die toekomstige tyd gebruik en nie die bevelsvorm, 'moet,' soos ons in Afrikaans vertaal het nie. Die eerste teks omskryf dus nie 'n sinodokratiese MOET nie, maar 'n instemmende onderneming, dat 'n besluit wat aan die kriteria beantwoord inderdaad geldig sal wees.... of ongeldig ingeval dit in stryd is met Gods Woord of die K.O.

Hierdie tweede moontlikheid van ongeldigheid (nietig), lê opgesluit in die gebruik van "nisi" = "tensy" = behalwe ingeval. Dit staan natuurlik in totale onderskeiding met "totdat" = "donec" — wat in die Latynse teks hier in 'n volgende frase gebruik word. Die Afrikaanse teks het die betrokke frase weggelaat omdat dit outomaties so is dat 'n sinode se besluit sy besluit bly as hy dit nie verander het nie. **Daar staan in art. 31 K.O. dus nie dat besluite van kerklike vergaderinge geldig is totdat dit herroep, tersyde gestel, teruggetrek of vernietig word nie.** As dit so sou wees sou mens "vernietigbare" geldige besluite kon spreek (Of van die moontlikheid dat 'n besluit vanaf geldig na ongeldig kan verander). Dit teenoor "ab inito" — "nietige" of ongeldige besluite. **Besluite in strijd met Gods Woord is nooit geldig nie, selfs al kan dit die uiterlike skyn van geldigheid hê omdat 'n wettige vergadering dit geneem het**.

Dit is kennelijk ook de opvatting van de Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika volgens Handelinge 1939, art. 135. Daarin omskryf die sinode die beginsels waarop appélsake berus, en by die derde beginsel omskryf hy die bedoeling van die woord "tensy..." in art. 31 K.O.:

> a. Kerklike besluite is geldig tensy hulle in stryd is met die Woord van God
> b. in konkrete gevalle mag kerklike besluite nie ingaan teen die artikelen van de kerkorde, zolank die artikels nie verander is nie. (Acta 1939: 144)

Ten slotte word in die Latynse teks die werkwoord "ostendare" gebruik, wat in Afrikaans met "bewys" vertaal is. Wat verreken moet word is dat die woord wat in Latyn die meeste gebruik word vir "bewys", "probare" is, en nie "ostendare" nie. "0stendare" het eerder die betekenis van sigbaar word, duidelik blyk. Anders as die betekenis van bewyslewering met inagneming van prosesregelike reëls.

In die geval waarin die TENSY van krag word, is dit nie 'n vereiste dat die kerklike vergadering nog nie oortuig is of met die beswaarde ooreengekom het dat genoegsame bewys gelewer is, voordat die beswaarde volgens sy gewete voor God mag handel nie. Die teks van art. 31 K.O., veral die woorde "nisi... ostendatur" dwing nie tot 'n ander opvatting nie. (Kyk Roeleveld L, *In die Skriflig*, Sept 1972)

Ook Prof. B Spoelstra skryf in "In Gehoorsaamheid: Opstelbundel aangebied aan Prof. GPL van der Linde by sy emeritering as hoogleraar" onder die paragraaf: "Sinode Potchefstroom 1964 wysig art. 31 KO" (bl 104).

> Aangesien geen motivering gegee is nie (skrywer hiervan was een van die deputate wat die wysiging aanbeveel het), kan aangeneem word dat daar nie bewustelik bedoel was om die artikel van Dordt 1619 te verander nie..

In dieselfde opstel (bl 100) sê hy:

> Calvyn verwag daarom dat gelowiges beslissings van ampsdraers sowel as sinodes aan Gods Woord moet toets, want sodra dit teen die Woord ingaan, dra dit geen gesag nie (Inst IV 8(8) 9(8)). Diè begrip word in 1619 feitlik netso in Art. 31 DKO opgeneem.

Nou kom daar tog dikwels die klagte van kerkskeuring aan diegene wat sulke ongeldige besluite van sinodes verwerp. Hierdie klagte vra egter nadere besinning:

Wanneer 'n lidmaat of gemeente nie presies dieselfde dinge doen as al die ander lidmate en gemeentes nie, dan sê ons dat so 'n lidmaat of gemeente **kerkverband verbreek**. En selfs verder: Wanneer so 'n lidmaat of gemeente dan sogenaamd met die kerkverband gebreek het, dan sê ons so iemand is **buite die kerkverband**. En dan gebeur dit ook dikwels dat mense aan so 'n persoon die sonde toeskrywe van **kerkskeuring** omdat so 'n persoon of gemeente se optrede, anders as die ander se optrede, blykbaar die kerkverband, die denominasie (lees as die Kerk) verbreek of geskeur het.

**'n Diep gewortelde geskiedenis**

Wat dit nou so interessant maak, is dat die denkstruktuur van sulke praatjies alles nog op een of ander manier verwant is aan die Rooms-Katolieke denke wat tot en met die 16e eeu vir die tragiese deformasie van die kerk verantwoordelik was, en waaruit die Reformasie gebore is. NGB art 29 toon die gedrag van die valse kerk, veral die Roomse kerkverbandelike struktuur, soos die konsilies se uitsprake en die gevreesde inkwisisie.

Die Reformasie wou egter nie net van die immorele gedrag van die Roomse kerk ontslae raak nie, maar ook van die kerklike struktuur wat tot sulke tirannie aanleiding gegee het.

Om die reformasie enduit in ons Bybelse denke deur te voer en te handhaaf, is egter nie so maklike saak nie. Dit was waarskynlik een van die redes waarom Luther by geleentheid opgemerk het: In elke Gereformeerde hart leef daar 'n pous. Ons raak net nie so eenvoudig verlos van die Roomse denkwyse nie, omdat ons steeds 'n sondige natuur het met sy geneigdhede waarteen ons nog elke dag moet stry.

Gedagtig aan die wyse waarop die ware kerk en die valse kerk volgens NGB art 29 onderskei word, blyk dit dat nie net die spesifieke optredes van die valse kerk verwerp moet word nie, maar ook die hele struktuur en kerklike konsep van waaruit die valse kerk haar optredes dryf. Uit die kenmerke van die ware kerk volgens NGB art 29 is dit opmerklik dat net aktiwiteite en kenmerke beskryf word wat 'n mens in 'n plaaslike gemeente vind.

Die gelowige word aangesê om die ware kerk te gaan soek om daarby aan te sluit waar die lidmate ernstig daarna strewe om in alles aan Christus

gehoorsaam te wees. Die ware kerk is 'n sigbare kerk; dis 'n plaaslike gemeente. Die Bybelse kerkbegrip wat ons as die kenmerke van die ware kerk in art 29 NGB bely, is nie die kerkverband as kerklike struktuur nie. Kerkverband is nie kerk nie. Die ware kerk gaan soek mens dus ook nie in iets soos 'n kerkverband nie. Die ware kerk openbaar haarself in 'n plaaslike gemeente.

**Enkele Bybelse gegewens hieroor**

Die Here het sy wil in verband met die kerk, oor haar lewe en oor haar handelinge geopenbaar deur wat Hyself gespreek en gedoen het, en wat Hy daarna in en deur die diens van sy dissipels/apostels geopenbaar het - soos wat dit met Goddelike gesag vir ons in die Heilige Skrif meegedeel word.

Dan laat Hy ons weet dat Hyself sy gemeente bou (Matt 16: 18). Hy ken sy skape (Joh 10: 14), Hy roep hulle by die naam (Joh 10: 3), "een, een gebore uit die volkeskaar" (vgl Jes 43: 1 ev), en deur hulle indiwidueel by die naam te ken en te roep, lei Hy hulle uit en bring hulle saam tot één kudde (Joh 10: 18). Daarom is Hy ook bekend as die "Opperherder" (1 Petr 5: 4; Hebr 13: 20). En dis nie maar net 'n figuurlike of metaforiese spreekwyse nie, maar juis daarin 'n hoogste werklikheid, 'n uitdrukking van die Here Jesus se aandag, sorg, beskerming vir en met sy hele Kerk gesamentlik en elke lidmaat afsonderlik deur al die eeue heen en elke oomblik (vgl HK So 21). Hy het immers belowe: "Ek is met julle, al die dae tot aan die voleinding van die wêreld" (Matt 28: 20). Dit het Jesus immers nie maar net vir sy elf dissipels bedoel nie, want hulle sou nie tot die oordeelsdag lewe nie. Maar in hulle het Hy tot die hele kerk en al die lidmate van al die eeue gespreek wat deur hulle woord tot geloof sou kom (Joh 17).

So gehoor is dit aangrypend om te besef dat die Here Jesus in die besondere sin van die woord by sy kerk aanwesig is, oral en op alle plekke waar dit vergader word, en dus by elke vergadering van die ampsdraers van sy gemeente waar die sorg van sy gemeente deur hulle diens behartig word. Hy het ook belowe dat waar twee of drie in sy Naam vergader, daar is Hy in hulle midde (Matt 18: 20). Hy het byvoorbeeld aan Johannes verskyn en ook in sy visioen aan hom getoon dat Hy teenwoordig is en opmerksaam wandel tussen die sewe goue kandelare (Openb 1: 13; 2: 1).

Hy dra eerstehandse kennis van sy:

- hele universele kerk (Hy beweeg tussen almal deur)
- van elke gemeente (Hy sien elkeen waartussen Hy beweeg, indiwidueel aan soos blyk uit die sewe briewe, aan elkeen respektiewelik)
- van elke enkele lid van die kerk (Hy verskyn aan Johannes, en noem in die briewe die name van verskeie indiwidue).

En van elkeen sê Hy telkens dat Hy hulle werke ken, hulle armoede, hulle moeites, hulle volharding, hulle sonde, hulle lief en leed. (Openb 2: 9, 13, 19 ea).

Die Here gebruik ter wille van die opbouing en versorging van sy gemeente ook mense en allerlei instrumente en organe. Hy het vir sy dissipels beveel om heen te gaan en te preek (Matt 10). "Net soos die Vader My gestuur het, stuur ek julle ook" (Joh 20: 21). "Wie na julle luister, luister na My" (Luk 10: 16).

Maar al het hierdie instrumente ook opgetree, het hulle nooit die Here Jesus self vervang nie. Dit was nooit so dat hulle nou sy eintlike werk sou oorneem, terwyl Hyself terugstaan en niks meer doen nie. Nee, Hy werk self aktief en intensief in en deur hulle dienswerk. Ook werk Hy ook nog sonder bemiddeling regstreeks, want ons lees dat Paulus plant, Apollos maak nat, maar dit is God wat laat groei en wasdom gee (1 Kor 3: 6).

Verder het die Here geopenbaar dat sy kerk 'n geestelike eenheid is. Daarom noem Hy dikwels sy kerk, sy Volk. Hy noem haar sy gemeente (Matt 16: 18) en Hy bedoel om sy kerk te vergader tot één kudde (Joh 10: 16). Sy word voorgestel as die Huis van God (1 Tim 2: 15), en God se Tempel (1 Kor 3: 16), en dit is die liggaam (enkelvoud) van die Here (Kol 1: 24).

Almal wat so deur die Vader aan die Seun gegee is, en wat deur Hom vrygekoop is, vorm 'n groot geestelike eenheid soos 'n menslike liggaam, waarvan al die gelowiges soos lede van die liggaam is (Rom 12: 5), ledemate wat elkeen besondere gawes en roepinge het (Rom 12: 6, 1 Kor 12: 4 – 27), maar hulle hoort almal bymekaar soos een organiese eenheid, in harmonieuse samelewing met Christus as Hoof (Ef 1: 22 – 23; 4: 16).

So vorm al die plaaslike kerke reg oor die hele aarde 'n innerlike geestelike eenheid (Ef 4: 4 – 5). In hierdie sin gaan die geheel van alle kerke ook aan die totstandkoming van een plaaslike kerk vooraf. Die

diepste eenheid van die onoorsienbare kerk van gelowiges oor alle eeue en alle plekke is geleë in die uitverkiesing voor die grondlegging van die wêreld (Ef 1: 3 ev). Die één onoorsienbare universele kerk van die Here bestaan eerste en primêr, voordat dit sigbaar plaaslik instutêr gestalte verkry, hier en daar op verskillende plekke.

Meestal kom die kerk ook eers plaaslik tot stand nadat dit deur die arbeid van 'n ander plaaslike gemeente wat reeds sigbaar gestalte gekry het, in en deur die bedienaars van die Woord, saamgeroep en vergader word. Paulus en Barnabas gaan op die aanwysing van die Gees uit van Antiogieë in Sirië na Siprus en Klein Asië, en Paulus ook later na Europa, met die doel om oral die evangelie te preek, dissipels te maak en kerke te stig (Hand 13, kyk ook Hand 11, en Titus 1).

Maar dit wil nie sê dat ons die afsonderlike gestigte gemeentes moet beskou as almal klein onderdeeltjies van die groter geheel nie. Of ook nie asof die later gestigte gemeentes onder een of ander ondergeskikte gesag gestaan het van die reeds bestaande gemeentes nie.

Want hoewel daar sekerlik één geheel tussen die kerke aangedui word in Hand 9: 31 met die aanwysing dat die gemeente (enkelvoud volgens die beste lesings) deur die hele Judea, Galilea en Samaria vrede gehad het, sien ons nog nie daaruit dat daar enige institutêre band tussen hulle bestaan het nie. Dit was maar die gemeenskaplike faktor van die apostel/s waaraan hulle onderworpe was, maar verder het hulle gewoonweg naas mekaar bestaan. Die gemeente van Filippi het niks oor Thessalonika of Korinthe te sê gehad nie.

Die apostel het sy brief aan die Galasiërs geskryf, welliswaar nie aan die gemeente (enkelvoud) van Galasië nie, maar aan die gemeentes (meervoud) in die provinsie Galasië (Gal 1: 2). In Openb 1: 12 sien Johannes nie één goue kandelaar nie, maar sewe sewe-armige kandelare wat los van mekaar op hulle eie staan en brand waartussendeur die Here loop.

Die punt om tuis te bring is dat die eenheid van die Here se kerk oor die hele aarde 'n geestelike eenheid is, nie struktureel-institutêr nie, nie 'amptelik' nie. Die Here het vir sy kerk op aarde nie streekse, provinsiale, nasionale of ekumeniese ampsdraers (bo en behalwe die apostels en profete en evangeliste) gegee nie. Maar Hy het vir haar voortgaande

bestaan alleen plaaslike ampsdraers as ouderlinge en diakens, herders en leraars gegee.

Die kerk is dan wel 'n geestelike eenheid, maar nie met strukturele geografiese onderafdelings of takke nie. Dit is dus kerke wat deur hulle gemeenskaplike geloofseenheid in Christus geestelik een is, maar wat deur hulle plaaslike sigbare bestaan en regte funksionering almal onafhanklik en selfstandig van mekaar bestaan, en ook ampsdraers het wat alleen in hul eie gemeentes take het, sodat die een gemeente geen seggenskap oor die ander het nie.

En tog, al bestaan en funksioneer elke gemeente selfstandig op hulle onderskeie plekke verstrooid oor die hele aarde soos 'n koninklike priesterdom wat uitgeroep is om Christus se deugde te verkondig, en al is dit ook so dat die een geen seggenskap of heerskappy oor die ander het nie, is dit belangrik om daarmee rekening te hou dat 'n plaaslike gemeente nie die enigste plaaslike gemeente van Christus is nie, en dat dieselfde geloofsgehoorsaamheid by almal aanwesig moet wees, omdat hulle almal op dieselfde manier aan Christus behoort.

Dan is daar dus sake van gemeenskaplike aard, waar nou in geloofsgehoorsaamheid en by afwesigheid van die apostels, ander meganismes gebruik moet word om die goeie onderlinge orde te reël in sake wat voorkom. So 'n tipiese geval het hom in die vroeë Christelike kerke voorgedoen met die vraag of die heidene wat tot bekering kom, ook besny moet word. Vir doeleindes van die uniforme bediening in die kerke van Christus, is toe afgevaardigdes van verskillende gemeentes na Jerusalem gestuur om daar saam met die kerkraad van Jerusalem te vergader (Hand 15).

'n Hulpmiddel om goeie gemeenskaplike orde in die plaaslike gemeentes te handhaaf, was dus dat die plaaslike kerke met mekaar afgespreek het om saam uit die Woord te soek en te besluit hoe die regte geloofsgehoorsaamheid in die besondere sake daar behoort uit te sien.

Die uitroep van sogenaamde meerdere vergaderings was dus nie aanvanklik deel van die totstandkoming of voortbestaan van die kerke nie, en kerke is ook nie afhanklik van die uitroep van meerdere vergaderings nie. Die nut en doel van die meerdere vergadering is egter besonders daarin dat meerdere plaaslike kerke mekaar hierdeur bystaan om op 'n goeie manier as kerke voort te bestaan. Hieruit is dan ook die bekende

stelling gebore dat kerkverband en meerdere vergaderings nie nodig is vir die wese, die bestaan van die kerke nie, maar wel nodig vir die welwese, die goeie voortbestaan van die kerke.

Hieruit vloei dan ook voort dat die Gereformeerde kerkbegrip nie 'n sinodale kerkbegrip, 'n denominasionele kerkbegrip is nie, maar presbiteriaal, wat van die plaaslike kerk as die enigste voortgaande en permanente organisme, as sigbare gestalte van die onoorsienbare en universele kerk van die Here Jesus Christus uitgaan. En kerkverband in presbiteriale sin is nie 'n vaste institutêre struktuur nie, maar slegs 'n onderlinge hulpaksie, 'n kommunikasie-funksie en 'n reeks afsprake tussen plaaslike kerke.

Hierdie afsprake in onderlinge verbondenheid is vir gelowiges uiters belangrik. Dis immers ondenkbaar dat 'n gelowige in wie Christus deur sy Gees werk, nie in erkentlikheid sal wil saamwerk met 'n ander gelowige in wie Christus ook deur sy Gees werk nie, en soos wat dit tussen gelowiges indiwidueel geld, so geld dit ook tussen ware kerke van Christus. Daarom ook dat ons die oproep van Paulus nougeset moet gehoorsaam waar hy skryf (Ef.4:1-3):

> Ek vermaan julle dan, ek, die gevangene in die Here, om te wandel waardig die roeping waarmee julle geroep is, met alle nederigheid en sagmoedigheid, met lankmoedigheid, terwyl julle mekaar in liefde verdra en ernstig strewe om die eenheid van die Gees te bewaar deur die band van die vrede.

Gevolglik is dit baie problematies om in presbiteriale terme te praat van "kerkskeuring" of "verbreking van kerkverband" of "afstigting" as daarmee bedoel word om iets van die kerkverband te sê. Sulke uitdrukkings pas hoegenaamd nie in die presbiteriale kerkbegrip en kerkverband nie. Dit is slegs in 'n sinodale kerkbegrip dat van verbreking van kerkverband en kerkskeuring in sinodale struktuurterme gedink en geredeneer kan word.

In die Bybelse konteks van kerkverband kan alleenlik gepraat word van die **skending van gemene akkoord, die verbreking van afspraak, die opskorting van korrespondensie** of iets dergliks. En juis dan is die egte verstaan van kerkskeuring en verbreking van kerkverband soos Jesus dit in Joh 15 beskrywe, naamlik wanneer mens homself of andere van die Woord van Christus distansieër of beroof en gevolglik van Christus amputeer.

## ‘n Paar praktiese implikasies

Mens skeur jouself af van Christus en die wat aan Hom behoort deur eie gebruike of idees in te voer wat God in sy Woord nie beveel het nie, of om weg te vat en te verhinder wat Hy wel beveel het.

Dit is merkwaardig dat al ons belydenisgeskrifte asook die kerkorde oor die loop van die eeue as ‘n gemene akkoord tussen plaaslike kerke tot stand gekom het, deurdat afgevaardigdes van die kerke (dikwels te midde van uiteenlopende sienings) saamgekom het en die korrekte siening volgens die Woord daaroor besin en besluit en op skrif gestel het.

Daar is al met aanhaling en akklamasie die standpunt verdedig wat Calvyn in sy Inst 1559 4.9 – 10 gestel het dat daar nie kerkverskeurend te werk gegaan moet word in sake van middelmatige belang nie. Daar sal weer gekyk moet word hoe Calvyn die begrip kerkskeuring beskou voordat ons met ons sinodale kerkstruktuurkonsep in gedagte sy werke lees. Hierdie twee hoofstukke moet paragraaf vir paragraaf en selfs reel vir reel bestudeer word. Want Calvyn is daarin veel eerder besig om te verduidelik waarom gereformeerdes nie langer met die tirannieke Roomse dwingelandy kan saamgaan nie, as dat hy teen skismas oor middelmatige sake praat.

Trouens, onthou dat Calvyn in hierdie hoofstukke juis verduidelik hoedat gereformeerdes hul uiterste gedoen het om die Roomses vas te hou. Bouwman (deel 2 hfst 1) het bevind dat ‘n kerklike organisasie onder die Gereformeerde kerke eers die lig gesien het nadat die Institusie klaar geskryf is. Calvyn het in Mei 1564 gesterf. In 1561 was daar 2 150 gemeentes in Frankryk op soek na ‘n sinodale organisasie. In 1559 het die kerke in Parys byeengekom om naas hul selfstandigheid wat in die Dissipline Ecclesiastique gereël is, ook te handel oor sinodale vergaderings waarin afgevaardigdes van plaaslike kerke saamkom om saam die welsyn van al die kerke te behartig. Op hierdie wyse kon independentisme voorkom en die eenheid van die kerke gehandhaaf word sonder om in ‘n hiërargie te verval. Die ordening in klasses en andere is eers in 1572 deur die sinode van Nimes gereël.

Art 31 KO lui dat onderlinge afsprake voorwaardelik is. Kerke het ook met mekaar ooreengekom dat onderlinge afsprake voorwaardelik is. As ‘n buurgemeente dinge doen wat tugwaardig ten aansien van die Woord is, is dit ons ordelike afspraak volgens art 31 KO dat erkenning en deelneming

nie vas en nie bindend is nie, maar voorwaardelik, toegespits, vermanend, afkeurend volgens dieselfde praktiese stappe as wat die Here Jesus in Matt 18 gestel het vir die optrede tussen broeders.

‘n Kerk mag egter nooit die geringste aanleiding gee daartoe dat sy iets doen om die onderlinge band van die eenheid van die Gees te versteur of te verskeur nie (Ef 4: 1 – 4). Omdat hierdie band deur die Here self aan ons gegee is, is dit onverhandelbaar kosbaar.

Dit neem egter nie weg dat as anderes wel die band wat die Gees gegee het, deurbreek (Joh 15), ons nie met hulle mag saamgaan in die deurbreking van die band van die Gees nie. Ons hou die roeping om te vermaan en terug te roep. En wanneer hulle ons vervolg en uit die kerkverband verklaar, ons ex-kommunikeer, dan is ons geroepe om die kerk van Christus opnuut te vergader onder sy juk en om gehoorsaamheid aan Hom te soek.

## Die kerklike weg

'n Laaste woord kan gesê word oor die prosedure wat gevolg word sodra 'n kerklike vergadering besluite neem wat ongeldig (In stryd met die Woord) is. Die eerste is dat die besluit verwerp word en nie vir uitvoering deurgegee word nie, en by die betrokke vergadering beswaar aangeteken word oor 'n standpuntname of besluitneming van dieselfde meerdere vergadering. Hiervoor maak die KO artikel 31 saam met 46 voorsiening.

Indien 'n opvolgende meerdere vergadering deur sy besluitneming die reg krenk oor die besware wat teen besluite van vorige vergaderings ingedien is en steeds teen die Skrif ingaan, is dit gewoon die broederlike en ordelike weg dat sodanige besluit verwerp word en op 'n meerdere vergadering vir 'n uitspraak beroep gedoen word. En op hierdie wyse kan telkens op meerdere meerdere vergaderings beroep word tot by die Nasionale /Algemene Sinode.

Selfs ook nog wanneer elke meerdere merrdere vergadering 'n besluit geneem het, en dit is in die bevinding in stryd met die Skrif, word hulle besluit nie as geldig aangeneem of ook vir uitvoering deurgegee nie. Daar kan ook eers daar beswaar gemaak word voordat op 'n nog meerdere meerdere vergadering beroep gedoen word.

En eindelik, wanneer die saak by die breedste meerdere vergadering gedien het, en al die argumente is aangehoor en daar word steeds in stryd met die Skrif besluit, reël artikel 46 KO dat die saak nie weer op die tafel sal kom nie. Daar bly nog wesentlik net een opsie oor, naamlik die opsie waarvan Proff Voetius en Rutgers ons uit die Skrif geleer het.

> Ten aansien van die kerke is die mag van die kerke omskrywe volgens die grondslag van die Goddelike reg, naamlik: dat hulle dit nie gebruik tèèn die Skrif, die fundamentele kerklike wette, die kerke en lasgewers wat hulle afgevaardigdes gestuur het nie, maar in akkoord daarmee. In geval dit dan anders gebeur, neem die kerke die sinodebesluite nie aan nie en gee dit nie deur vir uitvoering nie, maar laat dit vaar, of verwerp dit{skeur dit op}. (Voetius, pol. Eccl. IV, 122).

Trouens, dit is presies binne hierdie raam dat prof Rutgers teenoor dr Kleyn geantwoord het:

> Ons dink dat die uitdrukking (art 31 KO – "tensy") niks anders kan beteken as dit: mens is gebonde (aan die besluit), tensy mens vir homself bewys ag dat God se Woord die naleef van die besluit wat goedgedink is, verbied. **Dit was immers op dieselfde grond dat die Gereformeerdes** (*Luther, Calvyn ens.* - HLJM) **hulle verset teen die Roomse hierargie en ook teenoor die Roomse konsilies, volkome geregverdig geag het, sonder om vir die besluit van 'n konsilie te wag.** (prof Rutgers se eie beklemtoning in sy boek, Die regsbevoegdheid van ons plaaslike kerke, p 35)

**Oproep**

Dit is dan ook na aanleiding van die aanbeveling, wat prof. Schilder in 'n brief aan die Kerkraad van Kampen, Januarie – Februarie 1943, geskryf het soos dit later gepubliseer is onder die titel: *Eerste- en Tweedehands Gezag*, p.18, dat ook die Gereformeerde Kerk, die Kandelaar, teen die einde van Junie 2003 'n skrywe en verantwoording aan alle kerke van die GKSA gestuur het, met die volgende versoek:

1. Dat u hierdie dokument in behandeling sal neem met die oog daarop om die argumente wat hierin vervat is, vir u rekening te neem.

2. Dat u ook u besluit in verband met die saak aan die gemeentes in ons kerkegemeenskap deurstuur met dieselfde versoek aan hulle.

3. Dat u hierdie dokument ook na u klassis en daarby behorende meerdere vergaderings sal deurstuur vir optrede. Die doel is om 'n spesiale sinode byeen te roep om die onrus wat in die kerkverband heers, by te lê deur die onbybelse besluite nietig te verklaar.

# Verset en die Gesin

*deur Bouwe van der Eems*

## Inleiding

Verset begin ‘n relevante onderwerp raak onder sommige groepe in Suid-Afrika, soos wat hierdie groepe tot die besef kom dat daar ‘n aanslag op hulle geloods word wat die vernietiging van die groep tot gevolg kan hê. Een van die groepe wat tot hierdie besef gekom het, is die Gereformeerde Afrikaner. Dit kan afgelei word uit die volgende titels van artikels wat in die Kerkblad van Junie 2003 verskyn het : “*Die nuwe onderwysbeleid : aanslag teen die Christendom*” , “V*erset : Wat kan die kerk doen?*” en “*Verset : Wat mag die kerk doen*”.

Hierdie aanslag word hoofsaaklik geloods deur die Suid-Afrikaanse staat en vind plaas op byna alle lewensterreine. Die lewensterreine waarop hierdie aanslag die duidelikste sigbaar is, is die volgende:

a) Die onderwys, waar daar ‘n nuwe onderwysbedeling ingevoer is waarvolgens alle kinders in Suid-Afrika in multi-godsdiens en ‘n reënboognasiekultuur onderrig moet word.

b) Privaat eiendomsreg, waar die staat besig is om wetgewing in plek te kry waarvolgens die staat met min moeite die eiendom van blanke boere kan onteien en dit aan ander gee.

c) Die formele ekonomie, waar die staat deur middel van wetgewing oor regstellende aksie, dit moeilik maak vir blanke mans om poste te bekom in die staatsdiens of in groot besighede.

Indien hierdie aanslag tot sy logiese eindpunt deurgevoer word, lei dit tot die volgende situasie vir die gereformeerde Afrikaner: Meeste mans het hulle werk in die formele ekonomie verloor. Meeste boere het hulle grond verloor. Hulle kinders word opgevoed in ‘n ander godsdiens en kultuur. In hierdie situasie sou die huidige generasie Afrikaners ernstig verarm wees en die volgende generasie sal nie meer Afrikaners genoem kan word nie. Opsommend kan dus gestel word dat die logiese eindpunt van hierdie aanslag is dat die Afrikaner gereduseer word tot ‘n klein groepie verarmde ou mense. Gegee dat daar ‘n groot hoeveelheid intelligente mense in die staat is wat hierdie logiese eindpunt kan voorsien, is dit waarskynlik die geval dat dit die onuitgesproke doelwit van die staat is om die logiese eindpunt van die aanslag deur middel van hierdie aanslag te bereik.

Indien die gereformeerde Afrikaner 'n roeping in hierdie land het, dan impliseer dit dat hy hom mag verset teen hierdie aanslag, om sy voortbestaan te verseker en daardeur sy roeping uit te leef. Volgens die HAT beteken verset om weerstand te bied teen iets. In hierdie geval beteken dit om weerstand te bied teen die aanslag van die staat. Om weerstand te bied sluit in dat daar stappe geneem word om die uitvoering van die aanslag teen te gaan, maar die mees belangrike is dat daar stappe geneem word om te verhoed dat die doelwit van die aanslag bereik word.

Hierdie artikel probeer daarom identifiseer watter stappe geneem kan word om te verhoed dat die doelwit van die staat se aanslag bereik word, en watter rol die gesin hierin speel.

**Bekering**

Om te verstaan hoe ons ons kan verset teen hierdie aanslag, is dit belangrik om te verstaan wat die oorsaak van die aanslag is. Indien die aanslag die gevolg is van 'n toevallige sameloop van omstandighede, dan kan ons nie veel meer doen as om slegs te hoop dat die omstandighede sal verander nie.

As gereformeerdes glo ons egter volgens Sondag 10 dat God hierdie wêreld bestuur, en dat alles wat met ons gebeur uit God se vaderhand kom. Die aanslag teen ons kom dus uit die hand van God. In sy verklaring van Sondag 10 van die Heidelbergse Kategismus, gee Ursinus egter nog meer inligting wanneer hy stel : "*Want de deugd word met een beloning bedacht, en zij die matig leven, hebben veelal een stille en zachte dood, ook al behoorden zij niet tot de kerk. Daarentegen worden gruwelen van boosheid ook met gruwelijke straffen vergolden, hoewel mensen ze soms gemakkelijk door de vingers zien.*"

Wanneer daar dus "gruwelijke" strawwe op ons afkom, dui dit in die algemeen daarop dat dit die gevolg is van gruwelike sondes in ons lewens. Hierdie verklaring van Sondag 10 lei dan logies tot die seëninge en vloeke waarvan ons lees in Lev. 26 en Deut. 28 – 30, waar uiteengesit word dat gehoorsaamheid aan God se wette daartoe lei dat God 'n volk seën en ongehoorsaamheid daartoe lei dat God 'n volk straf. Die sondes wat in besonder die vloeke van God oor ons bring is oortreding teen die tweede en die vierde gebod, soos Lev. 26 : 1,2 dit stel. "*Julle mag vir julle geen afgode maak nie; en 'n gesnede beeld of klippillaar mag julle vir julle nie oprig nie en 'n steen met beeldhouwerk in julle land nie opstel om julle daarby neer te buig nie; want Ek is die Here julle God. My sabatte moet*

*julle hou en my heiligdom ontsien. Ek is die HERE."* Matthew Henry verklaar hierdie teksgedeelte soos volg: "*Hier is het inprenten van die geboden der wet, die van het allergrootste belang waren, en waaraan hunne gehoorzaamheid het meest beproefd zal worden, vers 1,2. Zij zijn een uittreksel van het tweede en het vierde gebod, die gelijk zij van al de tien geboden het uitvoerigst zijn, ook die zijn, waarop in andere deelen der wet het meest wordt aangedrongen.*"

As Matthew Henry se verklaring korrek is, dan impliseer dit dat die aanslag wat ons nou ervaar in die eerste plek die gevolg is van die toenemende eiewillige godsdiens wat in ons kerke beoefen word en die kerkbanke wat oor die algemeen op Sondag maar baie leeg is, indien dit met die verlede vergelyk word.

Gegee dat ons sondes die primêre oorsaak van die aanslag teen die Afrikaner is en wat weer deur God gestraf word, dan moet ons ons afvra watter stappe geneem kan word om hierdie strawwe van ons af te wend. In Deut. 30:2,3 word die volgende gestel : "*...en jy jou tot die HERE jou God bekeer en na sy stem luister net soos ek jou vandag beveel, jy en jou kinders, met jou hele hart en met jou hele siel, dan sal die HERE jou God jou lot verander en Hom oor jou ontferm;...*". Die Skrif dui dus daarop die belangrikste stap wat ons moet neem, is om ons te bekeer en weer in gehoorsaamheid aan God se wette te lewe.

Hierdie belofte gee God nie slegs aan die Israeliete nie, maar aan alle volke, insluitende die Afrikaners. Matthew Henry stel dit soos volg : "*Zij moeten voornamelijk beschouwd worden als een voorwaardelijke belofte, en als zoodanig behooren zij dan aan alle personen en aan alle volken, en niet alleen aan Israel.*"

Indien ons ons sou bekeer en weer gehoorsaam aan God se wette begin leef, dan sal dit egter nog nie God se strawwe afwend nie, want daar staan ook : "*jy en jou kinders*". Ons moet ons bekeer, EN ook ons kinders leer om gehoorsaam aan God se wet te lewe. Mathew Henry stel dit soos volg : "*want het is niet genoeg, dat wij selven onse plicht doen, wij moeten hem ook onze kinderen leeren en hen aansporen hem te doen.*"

Die belangrikste plek waar kinders geleer word om gehoorsaam aan God te lewe, is die gesin, want God gee aan ouers die opdrag om hulle kinders op te voed (Deut 6 : 6,7). 'n Volk sal daarom nie God se strawwe van hom kan afwend, indien die gesin nie funksioneer en die volgende geslag leer om gehoorsaam aan God se Woord te lewe nie. 'n Volk waarin die gesinne

die opvoeding van hulle kinders oorlaat aan staatskole, wat volgens wet verplig is om die kinders 'n positiewe waardering vir ander godsdienste aan te leer, maak bekering daardeur bykans onmoontlik.

Die aanslag van die staat is in die eerste plek 'n straf van God oor ons sonde. Om die straf af te wend, moet ons ons bekeer, en ook ons kinders leer om gehoorsaam aan God te lewe. Die belangrikste plek waar kinders geleer word om gehoorsaam aan God te lewe, is die gesin. Dit is dus onmoontlik om God se straf af te wend, indien opvoeding nie meer binne die gesin plaasvind nie.

Indien ons ons bekeer, dan sal God ook die ruimte gee waarbinne ons gehoorsaam aan hom kan lewe. God gee daarom vir ons ruimte om weerstand te bied teen die uitvoering van die aanslag asook om weerstand te bied teen die bereiking van die doelwit van die aanslag.

**Weerstand bied teen die uitvoering van die aanslag**

In die grondwet word daar vir ons wettige kanale gegee waardeur ons weerstand kan bied teen die uitvoering van die aanslag.

Die volgende middele tot verset word in die grondwet gegee:

a) Die reg om idees te versprei deur die pers en ander media [Hfst 2, Par. 16 (1) a,b]

b) Die reg om vreedsaam en ongewapen saam te kom en te demonstreer [Hfst 2, Par. 17]

c) Die reg om petisies op te stel [Hfst 2, Par. 17]

d) Die reg om 'n politieke party te stig en vir 'n party van eie keuse te stem [Hfst 2, Par. 19]

Sommige mense meen dat hierdie middele genoegsaam is om die aanslag teen die Afrikaner af te weer. Dit is gebaseer op die aanname dat die Nasionale Party in 1992 'n mandaat gevra het om in 'n onderhandelingsproses in te gaan waar 'n grondwet onderhandel sal word wat onder andere die voortbestaan van die Afrikaner sal waarborg.

Ander meen weer dat hierdie middele nie genoegsaam is om die aanslag teen die Afrikaner af te weer nie. Hulle kan menige voorbeelde noem van

gevalle waar die ANC wetgewing deurgedruk het, ondanks kritiek van die media, publieke kommentaar, petisies en kritiek van al die oposisiepartye.

Ongeag of die middele van verset wat deur die grondwet gegee word genoegsaam is, behoort ons van hierdie middele gebruik te maak en dit uit te put, voordat daar by die punt uitgekom kan word dat ons ongehoorsaam moet wees aan die owerheid, aangesien ons meer gehoorsaam moet wees aan God. Om voor te berei vir die moontlikheid dat die tyd kan aanbreek dat ons ongehoorsaam aan die owerheid moet wees, is geskiedskrywing baie belangrik. Al die pogings om vryhede te beskerm deur die wettige kanale, moet geboekstaaf word, sodat dit by die einde van die pad van wettige verset vir almal duidelik is dat al die wettige kanale uitgeput is.

Die verset deur die wettige kanale is primêr 'n taak van die gesin, aangesien dit ouers en kinders is wat briewe moet skryf, demonstrasies bywoon en petisies moet onderteken. Die vaardighede van hoe om goeie briewe te skryf en petisies en demonstrasies te reël is iets wat in die gesinne aan die volgende generasie oorgedra moet word, aangesien dit iets is waarvoor staatskole en staatgesubsidieerde privaatskole nie gemotiveerd is om dit aan leerlinge oor te dra nie. Ontwikkelinge in kommunikasietegnologie maak ook hier vir ons baie meer moontlikhede oop, wat ons optimaal moet gebruik om hierdie vorms van verset so effektief as moontlik te maak. Dis ook juis hierdie tegnologie wat dit moontlik maak vir gesinne om groot hoeveelhede briewe te versprei met relatief min moeite. Dit maak verder ook die geskiedskywing oor hierdie pogings tot verset makliker.

## Weerstand bied teen die bereiking van die doelwit van die aanslag

"*Of all 36 ways to get out of trouble, the best way is – leave.*" – 'n Chinese spreuk.

In die geskiedenis is daar heelwat voorbeelde waar groepe getrek het uit die plek waar hulle onderdruk is, om daardeur hulle vernietiging te voorkom. Die volk Israel het uit Egipte getrek. Die Franse Hugenote het uit Frankryk getrek. Die Engelse Puriteine het na Amerika getrek. Die boere het uit die Kaapkolonie getrek. Wanneer daar gedink word aan trek, dan is mense geneig om aan emigrasie te dink. In die geval van emigrasie vertrek individuele gesinne na 'n ander land, weg van hulle geloofsgenote en volksgenote. Hulle kinders word groot in 'n ander kultuur, en wanneer die volwasse is, sal hulle nog kwalik Afrikaners genoem kan word. Hierdie manier van vertrek help egter die staat om sy doelwit te bereik, eerder as

om dit te voorkom. Hierdie vorm van trek kan dus nie in hierdie situasie gesien word as 'n geldige vorm van verset nie.

In ons geskiedenis is daar egter die voorbeeld van die Groot Trek. 'n Groot hoeveelheid Afrikaners het uit die Kaapkolonie, waar hulle onderdruk is deur die Britse staat, vertrek, en gaan woon in die binneland van Suid-Afrika, waar die Here vir hulle ruimte gemaak het.

**Redes vir die Groot Trek en ooreenkomste met die huidige aanslag**

Die redes wat Piet Retief in sy manifes gee waarom die boere, en veral die boere aan die oosgrens, besluit het om te trek is soos volg:

a) Die land word geteister deur oproerige en oneerlik leeglopers.

b) Die boere het groot verliese gelei het toe hulle slawe sonder vergoeding vrygestel is.

c) Die boere lei onder konstante plundering deur Swartes en ander Gekleurde rasse.

d) Ondanks alle getuienis in hulle guns, word die boere altyd geblameer vir alles wat verkeerd gaan deur die sendelinge, en hierdie valse beskuldigings word geglo deur die Britse regering.[4]

Indien die huidige aanslag op die Afrikaner beskou word, kan daar duidelike paralelle getrek word na die redes vir die Groot Trek.

a) Suid-Afrika in 2003 word geteister deur hoë vlakke van misdaad, soos dit dikwels in die pers vermeld word : "*Die misdaadsyfer in Suid-Afrika is skokkend en drastiese optrede van die owerhede is nodig om dit te bekamp*."[5] Hierdie misdade waaronder Afrikaners deurloop kan vergelyk word met die teistering en plundering waarna Piet Retief verwys.

b) In Suid-Afrika is die Afrikaners oorwegend netto belastingbetalers. Dit beteken dat hulle meer aan belasting betaal as wat in terme van dienste van die staat ontvang word. Verder word die vermoë van Afrikaners om 'n inkomste te genereer ondergrawe deur

---

[4] "Piet Retief – 'n Leier vir sy volk", AJP Opperman, Perskor, 1986, pp. 19
[5] "Die Rekord", 6 Junie 2003

regstellende aksie en grondhervorming. Die geld wat Afrikaners wel in staat is om oor te hou, word ge-erodeer deur inflasie. Hierdie verliese van inkomstes en bates kan vergelyk word met die groot verliese waarna Piet Retief verwys.

c) Die aanslag van die staat kan daartoe lei dat die land verarm tot die vlak dat hongersnood uitbreek. Net soos die president van Zimbabwe die probleme in sy land nog steeds toeskryf aan kolonialisme, kan daar verwag word dat die Suid-Afrikaanse president ook die probleme in Suid-Afrika gaan toeskryf aan apartheid of die blankes. Die situasie is ook vergelykbaar met die een waarna Piet Retief verwys.

In die tyd van Piet Retief het ouers die vryheid gehad om hulle kinders volgens hulle eie geloof en kultuur op te voed. In hierdie tyd word daar egter ook verwag dat ouers hulle kinders aan die staat moet gee.

Indien ons aanvaar dat die gronde vir die Groot Trek geldig was, en dat die Afrikaner nou in 'n vergelykbare situasie verkeer, dan is daar dus nou ook gronde om te trek. In Piet Retief se tyd het die Here die binneland laat ontvolk, om plek te maak vir die destydse boere. Die vraag is nou dus, waar maak die Here vir ons ruimte om heen te trek, om weg te kom van die aanslag wat tans teen ons geloods word? Die artikel wil enkele plekke aandui waar die Here vir ons ruimte gemaak het om die aanslag van die staat af te weer.

## Ruimte in die onderwys

Min. Kader Asmal het 'n nuwe onderwysbedeling ingevoer waarvolgens alle kinders in Suid-Afrika in multi-godsdiens en 'n reënboognasiekultuur onderrig moet word. Onderrig vanuit 'n gereformeerde perspektief en binne 'n Afrikaanse kultuur word hierdeur onwettig gemaak. Indien ons gehoorsaam is aan hierdie onderwysbedeling, sal die volgende generasie nog gereformeerd, nog Afrikaans wees. Dit beteken dat daar nie 'n volgende generasie Afrikaners sal wees nie. Leendert van Oostrum stel dit soos volg : "*As die planne van Onderwysminister Kader Asmal suksesvol is, is dit baie waarskynlik dat die laaste geslag Afrikaners - en Zoeloes en Tswanas en moontlik ook Christene en Moslems ensovoorts - tans op skool sit. Dit blyk dat Asmal nie 'n duim skiet gegee het met die gewetensdwang wat in sy konsepkurrikulum ingebou is nie. Inteendeel - hy het die leisels nog stywer getrek, en die noodwendige resultaat van sy kurrikulum is 'n*

*eenvormige "Fusion"-kultuur en "Fusion"-godsdiens vir die hele Suid-Afrika."*[6]

Die afdwing van 'n eenvormige godsdiens en kultuur is in stryd met die grondwet. Prof. IJ Oosthuisen stel dit soos volg : "*Die afdwing van 'n algemeen-neutrale benadering is waarskynlik nie die taal van die grondwet nie. ... Die grondwet is deurspek van artikels waarin daar ruim voorsiening gemaak word vir die burger se vryheid om deel te hê en deel te neem aan die eiesoortige en die besondere – en soos wat dit so mooi op een plek gestel word : om dit te geniet."*[7]

Indien die onderwysbedeling in stryd met die grondwet is, dan is hierdie onderwysbedeling ongeldig. Die grondwet stel dit soos volg : "*This Constitution is the supreme law of the Republic; law or conduct inconsistent with it is invalid, and the obligations imposed by it must be fulfilled.*" In die woorde van die owerheid self, is die onderwysbedeling ongeldig, en daarom rus daar geen plig op ouers om gehoorsaam te wees aan hierdie onderwysbedeling nie. Hier gee die Here dus vir ouers ruimte om hulle kinders volgens hulle geloofsoortuigings en binne hulle eie kultuur op te voed.

Hierdie ruimte laat ons nie slegs toe om gereformeerde Afrikaanse skole te stig nie. Die Here het vir ons nog meer ruimte geskep. In die nuwe onderwyswet van 1997 word tuisonderwys ook toegelaat as 'n wettige vorm van onderwys.

Die staat loods 'n aanslag waarvan die uiteinde gaan wees dat daar nie 'n volgende geslag sal wees wat of gereformeerd of Afrikaans kan wees nie. As deel van ons bekering, vereis God dat ons ons kinders volgens Sy woord onderrig, en tegelyk gee Hy vir ons ruimte in die grondwet en in die onderwyswet waarbinne hierdie onderwys kan plaasvind. Hier is dus verseker genoegsame gronde vir ouers om hulle kinders uit die staatskole en die privaatskole wat die onderwysbedeling onderskryf te haal, en in gereformeerde skole of tuisskole te plaas. Hierdie trek van kinders is iets waarvoor die gesin primêr verantwoordelik is. Slegs gesinne kan hierdie trek uitvoer.

---

[6] "Ek dink nie ons gaan dit maak nie", Leendert van Oostrum, Tuisonderwys poslys, Boodskap 3849

[7] "'n Soort roereier-godsdiens in ons skole", Prof. IJ Oosthuisen, Die Kerkblad, Junie 2003, p. 19

**Veilige woonruimte**

Tot onlangs toe kon die staat nog 'n redelike mate van veiligheid aan sy burgers waarborg, tot so 'n mate dat ou mense nog veilig op hulle eie in 'n woonstel in Sunnyside kon woon of skraps geklede jong meisies nog veilig in die vroeë oggendure in Hatfield kon rondloop. Hierdie veiligheid bestaan bykans nie meer nie. Daar word daarom gereeld beroep op die staat gedoen om hierdie probleem op te los.

Daar is egter min indikasies dat daar by die staat die wil bestaan om die vlakke van misdaad te verminder, behalwe om die politieke skade van die misdaad te beperk, deur die verspreiding van misdaadstatistiek te beperk. Selfs al sou daar die wil bestaan, sou dit 'n saak van onmoontlikheid wees dat die staat deur middel van die polisie en die regstelsel die misdaad sou kon oplos. Selfs al sou die staat 150 000 polisiemanne op die straat plaas, soos die plakkate van die DP wil hê, sal die korrupsie in die polisie dalk eerder aanleiding gee tot 'n toename in misdaad as 'n afname van misdaad. Verder moet ook in ag geneem word dat korrupsie nie 'n uitsluitlik Suid-Afrikaanse verskynsel is, wat met 'n paar goeie beheermeganismes uitgeroei kan word nie. Dit is egter 'n verskynsel wat wêreldwyd voorkom en besig is om toe te neem : "*Corruption ... is far more widespread and universal than previously thought. Evidence of it is everywhere, in developing countries and, with growing frequency, in industrial countries ... Prominant political figures, including presidents of countries and ministers, have been accused of corruption ... In a way this represents a privatization of the state in which its power is not shifted to the market, as privatization normally implies, but to government officials and bureaucrats.*"[8]

Gegee dat die staat nie meer in staat is om beveiliging te verskaf nie, is alternatiewe nodig. Een van die maniere om dit op te los is deur gebruik te maak van privaat sekuriteitsmaatskappye. Vir baie mag dit egter 'n te duur oplossing wees. Een oplossing is dat 'n gesin, 'n familie en later 'n stam bymekaar woon, en die veiligheid in 'n sekere gebied vir sy lede waarborg.

Volgens die wet op grondbesit, word die besit van grond toenemend gebasseer op besetting, en nie meer op kaart en transport nie. Die Wet op die uitbreiding van sekerheid van besitreg, 1997 stel dit soos volg: "*'n Okkupeerder het, behoudens die bepalings van hierdie Wet, die reg om grond wat hy of sy op die effektiewe datum of daaropvolgend met die*

---

[8] "The Economics of Organized Crime", Cambridge University Press, p. 167, 170

*uitdruklike of stilswyende instemming van die eienaar of persoon in beheer geokkupeer het, te okkupeer."*[9] Dit impliseer dat slegs daar waar gesinne en families grond beset, grondbesit veilig is. Die tyd dat dit moontlik is vir 'n ou oom en tannie om 'n plaas te besit, met enkele kinders wat in die stede of oorsee werk, is waarskynlik verby. Die gesinne wie God se kinderseën dankbaar ontvang sal grond beset en dus ook besit.

## Veilige ruimte vir ons bates

Afrikaners is oorwegend netto belastingbetalers, terwyl regstellende aksie en grondhervorming die vermoë van Afrikaners om inkomste te genereer in die formele ekonomie verder ondermyn. Die geld wat hulle wel in staat is om te spaar, word verder ge-erodeer deur inflasie en die manipulasie van rentekoerse.

Om 'n netto belastingbetaler te wees, beteken om meer belasting aan die staat te betaal, as wat jy in terme van dienste van die staat ontvang. Indien alle belastings in ag geneem word (Maatskappy belasting, Inkomste belasting, BTW, Invoer belasting, Brandstof belasting, Eiendomsbelasting), betaal 'n middelklas Afrikaner ongeveer 50 – 60% van die inkomste wat hy genereer aan belasting.

Die geld wat na die belastings oor is, word gebruik om van te lewe, en om te spaar vir toekomstige gebruik. Vir baie jare het mense spaargeld in 'n verskeidenheid beleggingsinstrumente geplaas wat meeste van die geld op effektebeurse belê het. Die laaste jare het aandele egter oor die algemeen groot verliese gelei, wat hierdie beleggingsopsie vir eers kanselleer. Om die rede plaas mens hulle geld in die bank, waar dit rente kan trek. Inflasie en belasting maak egter ook hierdie opsie, wat tradisioneel as veilig beskou is, nie baie winsgewend nie. Beeld stel dit soos volg : "*'n Groot probleem vir beleggers is dat veilige beleggings, soos in die geldmark of 'n vaste deposito by 'n bank, nie 'n beduidende opbrengs lewer nie, veral as belasting in ag geneem word nie."*[10] Hierdie is egter nie 'n Suid-Afrikaanse probleem wat opgelos kan word deur geld in 'n buitelandse bank te belê nie. Die *Privateer* stel dit soos volg : "*The three largest economies in the world, the US, Europe and Japan, all have their REAL interest at or below ZERO! What is the global signal they are all sending? It is absurd in*

[9] http://www.polity.org.za/html/govdocs/bills/1997/exttenaf.html
[10] "Jou Geldsake", aanhangsel tot Beeld, 12 Junie 2003

*economic terms, but it amounts to this : 'DONT SAVE MONEY OR YOU'LL LOSE MONEY'"*[11]

Opsommend kan die volgende afleidings gemaak word:

a) In die toekoms sal Afrikaners byna geen inkomste in die formele Suid-Afrikaanse ekonomie kan genereer nie.

b) Diegene wat wel 'n inkomste in formele Suid-Afrikaanse ekonomie kan genereer, sal die grootste deel van daardie inkomste verloor aan belasting.

c) Diegene wat geld verdien in die Suid-Afrikaanse geldeenheid, sal baie daarvan verloor deur inflasie en die manupilasie van rentekoerse deur die Suid-Afrikaanse staat.

Die implikasies van bg. afleidings is dat die Afrikaner sy inkomste moet begin genereer buite die formele Suid-Afrikaanse ekonomie, in 'n geldeenheid wat nie behoort aan 'n nasiestaat nie. Ook op hierdie gebied is die Here besig om ruimte vir ons te maak, soos wat daar toenemend handelgedryf word op die Internet. Dit word soos volg gestel : "*Now the advent of the Information Age implies another revolution in the character of money. As cybercommerce begins, it will inevitably lead to cybermoney. This new form of money will reset the odds, reducing the capacity of the world's nation-states to determine who becomes a Sovereign Individual. A crucial part of this change will come about because of the effect of information technology in liberating the holders of wealth from expropiation through inflation.*"[12] Alhoewel handel oor die Internet nog relatief klein is, en daar nog min gebruik gemaak geword van onafhanklike geldeenhede, kan daar verwag word dat die gebruik hiervan sal toeneem, aangesien die besparings wat die gebruik daarvan oplewer so groot is.

Ook in die trek van die Afrikaner van die formele Suid-Afrikaanse ekonomie na 'n informele Internet gebasseerde ekonomie speel die gesin 'n belangrike rol vir die volgende redes:

a) Aangesien 'n informele Internet gebasseerde handel nie die registrasie van 'n maatskappy en alles wat daarmee saamgaan vereis nie, is dit moontlik vir gesinne om betrokke te raak in die ekonomie. Dan keer die ekonomie ook terug na dit wat dit in die

[11] "The Privateer", Nr. 477, p. 8

[12] "The Sovereign Individual", James Dale Davidson & William Rees-Mogg, Simon & Schuster, 1997, p. 197

oorspronklike Grieks beteken het, naamlik bestuur van die huishouding.[13]

b) Handeldryf in die inligtingstydperk vereis 'n hoë vlak van geletterdheid en syfervaardigheid. In die aanleer van hierdie vaardighede vaar die staatskole baie swak soos die pers vermeld : "*More than 60 percent of Grade 3 pupils in the Western Cape have failed provincial education department literacy and numeracy tests.*"[14] Volgens 'n opname onder 52 000 leerlinge in Suid-Afrika kry die gemiddelde Gr.3 leerlingsowat 30% vir wiskunde en 54% vir geletterdheid.15 Ook nie by die staatsgesubsidieerde teriêre inrigtings nie. 'n Lektor by 'n tersiëre maak die volgende uitspraak : "*The qualification the student takes away is not worth the paper it is printed on. The qualification the student takes away is not worth the paper it is printed on.*"16 Verder is die doelwit van staatsonderwys primêr om waardes oor te dra, en nie vaardighede nie, wat impliseer dat daar ook die die motivering by die staat is om baie aandag aan die vaardighede te gee nie. Om die nodige vlakke van geletterdheid en syfervaardigheid te bereik, sal ouers daarvoor verantwoordelikheid moet neem dat die kinders hierdie vaardighede aanleer.

c) Die trek van mense na 'n informele Internet gebaseerde ekonomie gaan lei tot die ineenstorting van die staat. "*The nation-state will ultimately collapse in fiscal crisis. Systemic crisis typically arise when failing institutions suffer from rising expenses and falling income – a situation that is bound to beset the leading nation-states as retirement benefits and medical outlays balloon early in the twenty-first century.*"[17] Dit impliseer dat daar min motivering gaan wees by instellings wat deur die staat besit of gesubsidieer word om onderrig te gee oor hierdie ekonomie..Dit sal weereens op die skouers van die ouers val om toe te sien dat hulle kinders hierdie onderrig ontvang.

d) Indien die staat metttertyd ineenstort, sal gesinne toenemend selfvoorsienend moet word. Onderwys, gesondheid, huisvesting,

---

[13] "God the Economist", M. Douglas Meeks, Augsburg Fortress, 1989, p. 3
[14] Cape Argus, 10 Junie 2003, Artikel ID = 167164
[15] "Beeld", 10 Junie 2003
[16] Brief aan Mail & Guardian, 10 Junie 2003
[17] "The Sovereign Individual", James Dale Davidson & William Rees-Mogg, Simon & Schuster, 1997, p. 243

vervoer, water, elektrisiteit ens., is almal dienste wat die staat tans tot 'n meerdere of mindere mate lewer. Soos die dienste ineenstort, sal die gesin hierdie dienste self moet begin voorsien.

e) In 'n informele Internet gebaseerde ekonomie gaan vertrouensverhoudings toenemend 'n belangrike rol speel. "*Business relations will gravitate toward reliance upon 'circles of trust'. Due to encryption, which gives individuals an ability to steal undetected, honesty will be a more highly values characteristic of business associates.*"[18] Die implikasie hiervan is dat baie handel binne gesinne, families en stamme sal plaasvind, aangesien daar baie sterks persoonlike bande tussen sulke mense is. Verder impliseer dit dat dit belangrik is dat ouers hulle kinders onderrig om godvresend te lewe, sodat hulle bekend sal wees in die gemeenskap as betroubare mense.

**Ongehoorsaamheid en stryd**

Indien die situasie in Suid-Afrika tot so 'n mate verander dat daar tot burgerlike ongehoorsaamheid en selfs openlike stryd oorgegaan moet word, speel die gesin ook 'n belangrike rol. Die reformatoriese kriteria vir die oorgaan na so 'n fase word nie hier bespreek nie.

In hierdie stryd moet ons gebruik maak van die swak plekke van die demokratiese bestel waarin ons lewe. Die regering van ons land word gekies deur die meerderheid van die bevolking. Om te sorg dat hy aan bewind bly, gebruik die regering sy mag om van die minderheid (netto belastingbetalers) weg te neem en gunste en gawes uit te deel aan die meerderheid (netto belastingontvangers). Omdat die staat ander instellings in die samelewing, soos die gesin en die kerk, as 'n bedreiging ervaar, gebruik die staat sy mag om hierdie instellings te ondergrawe. Die gevolg hiervan is dat daar 'n geslag grootword sonder morele waardes en kennis. Een van die gunste wat die staat aan die meerderheid uitdeel is poste in die staatsdiens. Aangesien die jong geslag geen morele waardes het nie, neem korrupsie en onbekwaamheid toe in die staatsdiens. Omdat die staat nie kan funksioneer met te veel korrupsie en onbekwaamheid nie, moet die staat toenemend gebruik maak van ge-outomatiseerde prosesse met hoë vlakke van sekuriteit. Hierdie prosesse maak gebruik van komplekse rekenaarstelsels. Om hierdie rekenaarstelsels te bou en te onderhou, vereis

---

[18] "The Sovereign Individual", James Dale Davidson & William Rees-Mogg, Simon & Schuster, 1997, p. 238

hoogs opgeleide en betroubare mense. Dit maak die staat dus afhanklik van die dienste van groepe wat hoogs opgeleide en betroubare mense het, op dieselfde wyse as wat die heidense Nebukadneser afhanklik was van wyse en betroubare manne soos Daniël en sy vriende uit die Joodse volk.

Uit die geskiedenis kan ons in hierdie verband heelwat leer. In die aanslag op die wêreldhandelsentrum in New York, het Osama Bin Laden die wêreld 'n les geleer, maar Bin Laden het ook 'n les by die wêreld geleer. Eerstens het Bin Laden deur sy aanslag bewys dat groot weermagte nie duur wapens nodig het om groot skade aan te rig nie. Bin Laden en sy klein groepie vertrouelinge het met 'n minimum van wapens enorme skade aangerig. Een van die doelwitte van sy aanval was ook om die Amerikaanse ekonomie 'n knou toe te dien, deur 'n aanlag op die effektebeurs te loods. Wat Bin Laden egter geleer het, is dat die vernietiging van 'n gebou nie noodwendig meer lei tot die vernietiging van 'n besigheid nie, aangesien die besigheid van die effektebeurs bedryf word op 'n netwerk van rekenaars. Om die rede het die New York effektebeurs binne twee weke na die aanval weer gefunksioneer. Die implikasies van hierdie lesse is dat groot getalle nie meer nodig is in 'n stryd nie, en dat die doelwit van die stryd nie die vernietiging van geboue en mense moet wees nie, maar teen inligtingstelsels.

Die demokratiese staat is afhanklik van die klein minderheid waarvan die lede hoogs opgelei en betroubaar is. In die Inligtingseeu kan 'n klein groepie hoogs opgeleide mense hulle baie meer effektief verdedig teen die staat, wie se mag gebaseer is op groot getalle gewapende soldate. Dit was nie 'n leërmag van gewapende manne wat Saambou Bank vernietig het nie. Dit was 'n klein groepie analiste wat die bank se klassifikasie verander het. Die enigste manier dat die Afrikaner in hierdie magposisie kan beland, is deurdat gesinne toesien dat kinders 'n gereformeerde opvoeding van 'n hoë standaard ontvang.

## Opsomming

Die sleutel tot verset teen die aanslag op gereformeerde Afrikaners lê in die bekering van ons lewe en opvoeding van kinders daarin. Indien ons dit doen, gaan daar ruimtes oop vir ons om veilig in te woon en te werk, sonder dat ons eers 'n wa hoef te pak.

## Teenargumente

Diegene wat meen dat daar geen rede tot verset is nie, baseer hulle argumente op verskeie aannames.

Die eerste aanname is dat die staat die aanslag nie so ver sal deurvoer dat dit die land as geheel sal skade aandoen nie. Die staat sal nie regstellende aksie tot so 'n mate deurvoer dat dit skadelik vir die ekonomie is nie. Die staat sal nie grondhervorming deurvoer tot so 'n mate dat dit sal lei tot 'n vernietiging van die landbou nie.

Diegene wat eersgenoemde standpunt huldig maak aannames dat die staat sy materiële waardes deel. Daar is aanduidings dat dit dalk nie die geval is nie, soos wat die volgende uitspraak uiteensit : "*Nog 'n swart skrywer, Daniel Etounga-Manguelle van Kameroen, is van mening dat Afrikane 'n "kulturele aanpassingsprogram" soortgelyk aan die strukturele aanpassingsprogramme van die Wêreldbank nodig het, juis omdat afguns op ander se sukses so 'n integrale deel van die Afrikakultuur uitmaak. Volgens hom "is Afrikasamelewings soos 'n voetbalspan waarin, as gevolg van persoonlike rusies en 'n gebrek aan spangees, een speler nie die bal wil aangee aan 'n ander nie uit vrees dat hy 'n doel mag aanteken." Om blanke doele te keer, is swartmense bereid om Suid-Afrika te laat verloor in die groter ekonomiese wedstryd teen ander lande waar slegs die beste speler vir die span gekies word, ongeag sy ras of afkoms.*"[19] Tot hoe 'n mate hierdie uitspraak van toepassing is op Suid-Afrika sal slegs die tyd leer. Teen die tyd dat ons seker sal wees oor hoe ver die staat bereid is om regstellende aksie te voer, sal daar moontlik al te veel kosbare tyd verlore gegaan het.

Diegene wat die tweede standpunt ondersteun moet in ag neem dat die Suid-Afrikaanse regering nie ernstige kommer uitgespreek het oor die feit dat Zimbabwe se landbou byna totaal vernietig is deur pres. Mugabe se program van grondhervorming nie. Waarskynlik omdat die sukses van die landbou nie vir hulle 'n prioriteit is nie. Sien bv. die volgende uitspraak : "*Een van die redes daarvoor* [vir die onvermoë van die regering om vordering te maak met grondhervorming - BvdE] *is dat die Regering grondhervorming najaag as 'n "kwasi-konstitusionele reg" of 'n manier om die onregverdighede van die verlede reg te stel, eerder as 'n grondslag vir 'n volhoubare landelike bestaan.*"[20]

---

[19] http://www.praag.co.za/opstelle17.htm
[20] http://www.landbou.co.za/LandbouWeekblad/Grond/0,,1294-1310_1365227,00.html

‘n Tweede aanname is dat die grondwet die langtermyn oorlewing van Afrikaners sal waarborg. Hierdie aanname is slegs geldig tot die mate wat daar effektief gebruik gemaak word van die grondwet. Verder moet daar in ag geneem word dat die grondwet vryhede waarborg, en nie staatsubsidies nie. Slegs die wat onafhanklik is van staatsubsidies sal effektief kan veg vir vryheid, vry van die vrees vir verlies van staatsubsidies wat geneig is om mense se beginsels te vertroebel. Verder is hierdie aanname ook slegs geldig tot tyd en wyl die meerderheidsparty ‘n genoegsame meerderheid in die parlement het om die grondwet te wysig.

# Verset en Medisyne

*Weer opstaan, maar nie sonder mediese weerstand nie*

deur dr MC  Durand

## Opsomming

Eers word die omstandighede waarbinne en waarteen en waarom ons weerstand moet bied geskets - naamlik oor die omstandighede van selfgebroude kwaad van die sogenaamde linkse en regse politiek, sowel as die hopeloosheid van die pelgrims- en fariseërgodsdiens.  Daarna word na drie aspekte van probleme, weerstand en heropbou gekyk wat die veld van medisyne raak, naamlik:

1. Die medisyne as ontsnapping van moraliteit.  Die medisyne word gebruik om aan sondes diagnosisse te koppel, waardeur die mens laks word om God te gehoorsaam.

2. Die medisyne as verskoning om lui te wees.  Die gretigheid van mense om siekbriewe te gebruik om nie te werk nie.  Hierdie aspek waaraan talle hulle vergryp dien eintlik as inleiding en analoog tot die derde aspek waaraan nog meer mense hul vergryp.

3. Die medisyne as verskoning om onvrugbaar te wees.  Die gretigheid van mense om `n mediese rede te gebruik om te verduidelik waarom hulle maar enkele kinders, indien hoegenaamd enige wil hê.

4. Die medisyne as rede om geld te kwis.  Die vrees vir ellende word herlei tot lidmaatskap aan die verskeie mediese fondse.

5. Laastens word die noodsaak van die verskillende aspekte van weerstand bespreek om sinvol na die toekoms in Suid Afrika te kyk.

## Inleiding

Kan medisyne enigsins `n plek hê by die bespreking van weerstand?  Kan medisyne enigsins van belang wees by die teenkanting en oorwinning van die vyand?  Kan medisyne van belang wees by die heropbou tydens die stryd?

Ons leef in `n tyd waar ons in elke opsig geteister word.  Grond word onteien.  Kinders word onteien.  Die verbondshoofde van gesinne word ontmagtig in die publiek.  Ons mag slegs met vals geld werk.  Ons het vreemdelinge in ons eie land geword.  Al hierdie dinge beteken maar net een ding - daar is `n algehele opstand teen God.  Daar is `n algehele

oorlog wat heers. Dit is dieselfde oorlog deur al die tye. Dit is die oorlog wat God teen Sy vyande verklaar het: Genesis 3:15: *En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel,en jy sal hom in die hakskeen byt.*

Dit is `n oorlog wat nie sal eindig voor die laaste dag van die Here nie. Maar terselfdertyd is dit `n oorlog wat die gelowige nie sal kan verloor nie. Dit is `n oorlog waar stryd onvermydelik is. Dit is `n oorlog waar oorwinning oor die vyand onvermydelik is. Elke regering wat nie God se wette in die openbaar wil toepas nie, sal teenkanting kry, en sal nie staande kan bly nie. Dit is een van die lesse wat uit die geskiedenis geleer moet word. Ons in Suid Afrika leef vandag in asemrowende tye.

Al die drome van die liberales het nagmerries geword. Al die fiksie verhale van "gee hulle `n kans"; "almal het regte daarom moet almal ook gelyk wees"; "ek sal eerder langs `n gelowige swarte woon as wat ek langs hierdie suiplap wit buurman van ons wil woon"; "as hy kan bekostig om hier te woon is hy welkom"; "hulle kan maar na die skool of die universiteit toe kom - ons sal die standaard stel" - hoor ons deesdae gelukkig minder.

En al die nagmerries van die konserwatiewes het weer waarheid geword. Al die waarskuwings van "as hulle eers gelyk is gaan hulle meer geld vra"; "as hulle stemreg het gaan hulle alles oorneem"; "as hulle wapens mag koop gaan ons nie meer veilig wees nie"; "wie gaan die klere dan stryk en wie gaan die gras sny"; "ons eie kombuise gaan nie meer veilig wees nie", oor ons deesdae weer meer.

Die gefaalde drome van die linkses en die gefaalde waarskuwings van die regses bied egter min antwoorde. Maar, net omdat ons nie meer die drome van die liberales hoef aan te hoor nie, en net omdat ons nie die paniek van die konserwatiewes hoef te deel nie, en net omdat geen van bogenoemdes by antwoorde uitgekom het nie - beteken dit daarom dat daar geen antwoorde meer is nie?

Ten spyte van al die drome en waarskuwings word die moorde op die plase, die VIGS-epidemie, die armoede, en die voortvlugtende wittes steeds meer en die kindergetal binne en buite ons kerke steeds minder. Dít bied rede tot nadenke. Maar bied dit rede tot verbasing? Al sou ons anders wil droom en al sou ons verontreg daardeur voel - kan ons werklik verras wees daaroor?

Het God nie al hierdie dinge beloof nie? Is al hierdie ellendes nie deel van

God se ryke beloftes nie? God beloof nie net die seëninge aan diegene wat die teken van die verbond dra nie. God beloof ook Sy vloek aan diegene wat nie na Hom wil luister nie (al dra hulle die teken van die verbond). Sal mense wat teen God in opstand is vrede van God kan verwag? Sal mense wat teen God in opstand is vrugbaarheid kan verwag?

Sal mense wat teen God in opstand is die vrug van hulle arbeid kan geniet? Inderdaad: Wanneer ons die voortvlugtende Afrikaners na die buiteland sien - wat vlug sonder dat iemand hulle agtervolg - dan dink ons aan Deuteronomium 28:25: *Die HERE sal maak dat jy voor jou vyande verslaan word; op een pad sal jy teen hom uittrek en op sewe paaie sal jy voor hom uit vlug; en jy sal `n skrikbeeld vir al die koninkryke van die aarde word*; en dink ons aan Deuteronomium 26:36: *Ek sal in hulle hart `n vreesagtigheid bring in die lande van hulle vyande, sodat die geruis van `n verwaaide blaar hulle op die loop sal ja; en hulle sal vlug, soos `n mens vir `n swaard vlug en val sonder dat iemand agtervolg.*

Wanneer ons die krimpende kindergetal om ons sien (die Afrikaner wat gemiddeld 1.5 kinders per gesin het) dan dink ons aan Deuteronomium 28:18: *Vervloek sal wees die vrug van jou liggaam.*

Wanneer ons die toenemende armoede en verknegting van ons mense sien - dan dink ons aan Deuteronomium 28: 43: *Die vreemdeling wat by jou is, sal hoër en hoër oor jou opklim; en jy sal laer en laer afsak.*

Dit was toe al die tyd nie die nagmerries wat waar geword het nie. Dit was God wat ons leer dat ons al Sy beloftes kan vertrou.

Sommiges hoop dat indien hulle die kinderseëning kan beperk hulle die aanslag van armoede kan ontsnap. Sommiges hoop dat hulle weg sal kan vlug van die swaard, armoede en die pes wat God hulle belowe het. Sommiges hoop dat die VIGS-epidemie hulle nog so `n paar myl ekstra sal gee op hulle plesierboot van vryetydsbesteding en Onanie.

Maar hierdie soort hoop is nie troosryk nie. Al hoop wat ons het is om God se eiendom te wees (HK Sondag 1) - maar dit beteken dat ons in alle opsigte met hart, verstand en handeling moet bekeer.

Terwyl ons die droom en waarskuwing gerommel en geskommel van voor 1994 agter die rug het, het dit nou ook tyd geword om die gebakte pere en suurpruime van die afgelope 9 jaar ook agter die rug te kry. Die post-ontnugterde Suid Afrika roep ons weer terug na die onvermydelike

stryd, en onverloorbare stryd.

Want sou die beloftes van God se oorwinning aan Sy gehoorsame kinders minder word net omdat die agtergeblewenes in Suid Afrika minder geword het vanweë Onanie, en vanweë die vlugtery, en vanweë VIGS? Sou God se oorwinning verder weg wees omdat daar in Suid Afrika (en wêreldwyd) toenemende sosialisme en staatsinmenging is?

Sou God se seëning aan sy gelowiges minder word omdat demokrasie in Suid Afrika (soos in die res van die wêreld) hedonisme vermeerder het? Sou God nie Sy gelowiges juis deur die vermindering van die land se kinders en die vermeerdering van armoede en hedonisme (buite sowel as binne die verskillende kerke) aanpor tot bekering en oproep tot die stryd nie?

`n Belangrike deel van hierdie onvermydelike en onverloorbare oorlog vind in die arena van die mediese beroep plaas.

**Weerstand in die Medisyne**

Daar is verkillende aspekte van die mediese beroep wat aandag verdien in die weerstand en oorwinning van die vyande van God:

*1. Die medisyne as ontsnapping van moraliteit*

Diegene wat God oproep vir die stryd teen Sy vyande moet voortdurend tot Hom keer met `n opregte hart. Maar kan God se kinders tot hom voortdurend bekeer indien hulle sondes as mediese diagnoses bestempel word?

Talle sondes word gereduseer tot `n steuring van neurfisiologie of neuroanatomie. Dink maar aan homoseksualisme, depressie, selfmoord, en kleptomanie. Selfs die wederstrewige seun vind morele veiligheid by die diagnose van Gilles de la Tourette sindroom. Hoeveel vroue moordenaaresse is nie al vry gespreek deur die diagnose van Premenstruele Stres Sindroom nie?

Weer eens stel die Skrif die saak duidelik: Die onderskeid tussen reg en verkeerd kan nie verander word nie. God se openbaring is geldig vir alle mense - gesond en siek. Al het jy medelye met die biologiese, verstandelik en sosiale omstandighede van `n persoon - mag jy verkeerd nie reg noem nie (vergelyk Lev 19:18).

Deur die medikalisering van sondes word die bekering tot God belemmer.

En die aanporring tot die stryd teen die vyand word verminder.

*2. Die medisyne as verskoning om lui te wees*
God roep die gelowiges op om die aarde te bewerk, te bewaak en te onderwerp. Hierdie is harde werk - veral na die sondeval. Want daar is bemoeienis, daar is teenkanting - daar is oorlog! Die werk is baie. Die gehoorsame werker sal daarom nie versuim om ses dae te arbei en al sy werk te doen nie. Die stryd om die werk te doen vind ook plaas in die mediese arena. Ek was die mediese offisier in `n militêre basis vir 3 maande waar daar ook `n spesifieke korps gestasioneer was met `n spesieke taak. Hulle taak was om sakke met sand te vul en van hierdie sandsakke bomskuilings te bou. As mediese offisier het ek geweet wanneer die besending sakke aangekom het. Want op daardie dag het bykans die hele korps voor my kliniek gesit. Meeste met Münshauzenagtige klagtes. Elke lid van hierdie korps het net een versoek gehad - en dit was twee dae se siekverlof (en nooit genesing nie) - sodat hulle die slegte werk van sandsakke volmaak sou kon ontsnap. Münshauzen se sindroom is egter nie `n siekte nie (soos hierbo reeds verduidelik is), maar word beslis vererger deur `n siekbrief.

In die siviele lewe is hierdie neigings ook te vind. Hoeveel van die opdrag om te werk word nie daagliks versuim deur die diagnose van "oorspanning" nie? Hoeveel van die opdrag om te werk word nie versuim deur lang siekverlowwe nie?

Een van die probleme met laparoskopiese operasies is dat die hersteltydperk na hierdie operasies aansienlik verkort word. Soos verwag was talle pasiënte baie teleurgestel met hulle siekverlof.

God se stryd word belemmer deur hierdie oneerlikheid. Die stryders ontduik die front deur weg te glip na luilekkerland.

*3. Die medisyne as verskoning om onvrugbaar te wees*
Indien die vyand op ons afkom, en ons omsingel en in die poort van ons stad staan en ons bedreig - soos vandag. Wat sal ons bly maak? Wat sal ons gelukkig maak wanneer ons hom tegemoet gaan? Wat sal ons helde maak in die konfrontering? - - soos ons hoop vir vandag. Die koker wat vol pyle is, natuurlik. Dít sal ons gelukkig maak, dít sal die held vashou. Ons sal oor ons seuns bly wees ook op hierdie dag. Maar hoeveel seuns het ons nodig wanneer ons op pad is na ons vyand? Hoeveel pyle neem die kryger na die slagveld? Vat hy nie soveel as moontlik saam nie? Druk hy nie soveel as moontlik pyle in sy koker as wat hy kan nie? Sal die held sê:

Ek is nie emosioneel reg vir nog meer pyle nie, of Ek kan nie meer pyle bekostig nie. Óf is dit nie eerder anders om nie - naamlik dat dit juis die minder pyle is wat vir die held emosioneel moeilik is om te dra en minder bekostigbaar is.

Voordat die mediese aspekte by vrugbaarheid bespreek word, word die godsdienstige probleme by vrugbaarheid bespreek. Daar is twee algemene godsdiensprobleme wat die aandag hier trek. Dit is die probleem van die Pelgrim en die probleem van die Fariseër.

Die Pelgrim en die Fariseër is nie van plan om die aarde te onderwerp, te bewaak, of te beset nie. Al waaroor dit by die Felgrim en die Fariseër gaan is om die hemel veilig te haal. Die Pelgrim droom van die saligheid hierna, en die Fariseër walg weer te veel van die boosheid hieronder - waarom sou hulle hulself bemoei met die vyand wat in die poort roep? Waarom sou hulle hul kokers vul? Die Pelgrim sal God se opdrag tot vermeerdering vergeestelik, en die Fariseër sal God se opdrag tot vermeerdering snoeker met `n self uitgedinkte verminderingsreël.

Hierdie aarde behoort egter aan ons Here. Ons Here stel self die stryd tussen diegene wat Syne is en diegene wat nie Syne is nie. Hy stuur na my poort die vyand wat Hy wil hê ek moet beveg. Hy sal weet hoeveel pyle ek nodig het vir die stryd wat Hy verklaar het, en die vyand wat Hy gestuur het. Daarom sal ek elke pyl neem wat Hy vir my gee. Hy sal sekerlik nie te min of te veel gee nie. Ek daarenteen weet nie hoeveel vyande die Here vir my gaan stuur nie. Derhalwe sal ek wanneer ek die mate van die kinderseëning gaan begin bepaal, wel moontlik te min pyle kan hê. Daarom behoort ons God te vertrou vir die mate van die kinderseëning - en ons weet dat ons nie beskaamd sal staan wanneer ons spreek met ons vyande in ons poorte nie.

Moontlik het diegene wat uit Suid Afrika na ander lande vlug, agtergekom dat hulle te min pyle in hul kokers het. Die Pelgrim gee buitendien nie om na watter land hy vlug nie en tussen watter mense hy gaan woon nie - want hy is altyd op pad na `n paradys hierna. Die Fariseër gee ook nie om na watter land hy vlug nie en tussen watter mense hy gaan woon nie - want alle mense gru hom ewe veel.

Maar nou is daar baie teenkanting teen die belydenis dat God die mate van die kinderseëning moet bepaal en nie die mens nie. Want dit word soms gemeen dat die mens op een of ander manier sy eie vrugbaarheid onder beheer behoort te kry. Mense (binne sowel as buite die kerk) se ywer om

hul vrugbaarheid onder beheer te kry staan soms in kontras met hul traagheid om die aarde en veral God se vyande onder beheer te kry.

Hierdie ywer tot beheer oor die vrugbaarheid bring hierdie mense tot die pleging van voorbehoeding, sterilisasies en aborsies - en bring hulle by die artse uit.

Maar is voorbehoeding, sterilisasies en aborsies enigsins deel van medisyne?

Wat is die mediese diagnose waarvoor sterilisasie die behandeling is? Wat is die mediese diagnose waarvoor ander voorbehoedings die behandeling is? En les bes wat is die mediese diagnose waarvoor aborsie die behandeling is? Tot dusver is die siektes nog nie ontdek waarvoor hierdie dinge behandeling kan wees nie. Die uitvoering van `n sterilisasie of `n aborsie, of die voorskrif van `n voorbehoeding is derhalwe nie noodwendig die arts se mediese mening nie, maar eerder uitinge van sy politieke, godsdienstige of sosiale oortuigings. Duidelik moet daar ander redes as mediese redes wees vir hierdie dinge.

Soms word die emosionele reserwe van die ouers gegee as rede vir die beperking van die kinderseën. Soms word sosiale omstandighede van die gesin gegee as rede vir die beperking van die kinderseën. Soms word ekonomiese omstandighede en selfs politieke omstandighede as redes verstrek vir die beperking van die kinderseën. Aangesien al hierdie pleidooie om die kinderseëning te beperk geen begronding in die Skrif het nie - kan ons nie een van hierdie verskonings om die kinderseëning te vermy regverdig nie. Dit is voor die hand liggend dat daar nie medisyne is wat sosiale, politieke, ekonomiese of emosionele omstandighede kan genees nie?

Maar daar is `n ander pleidooi vir die beperking van die kinderseën wat wel `n plek kan hê binne die arena van medisyne. Dit is die pleidooi van swak gesondheid. Soos dit die geval is met die siekbrief om nie te werk nie, so is dit ook hier met vrugbaarheid dikwels die geval. Soos talle mans lang stories te vertel het van al die gesondheidsredes hoekom hy nie 16 ure per dag ses dae per week kan werk nie. Soos talle mense die balans benadering huldig wanneer dit by werk kom - naamlik om sogenaamd `n regte verhouding tussen werktyd en vryetyd te handhaaf. So gaan dit ook met vrugbaarheid. Talle verhale van siektes en moeghede word verhaal om te verduidelik hoekom die kinderseën uitgestel, gespasieer of gestaak moet word.

Dikwels hoor ons:

-"Mý dokter is teen keisersnitte, maar ek móés `n keisersnit gekry het - my kind was amper dood."

- Of: "Mý dokter is teen histerektomies, maar ek móés `n histerektomie gekry het."

- En: "Mý dokter doen nie sterilisasies maklik nie, maar my gesondheid was só, dat ek gesteriliseer moes word."

Nou, is dit hierdie lesing geen plek om elke geval na sy juistheid te beoordeel nie. Derhalwe sal slegs `n paar riglyne gegee word:

*Meeste redes vir gewilde onvrugbaarheid is eenvoudig nie waar nie*:
· Keisersnitte is wel lewensreddend - maar minder as 10 persent van alle bevallings moet in `n keisersnit eindig. Dikwels vind ons egter dat talle hospitale se keisersnitvoorkoms meer is as 90 persent – terwyl meeste pasiënte steeds glo dat háár indikasie vir keisersnit die regte een was. Derhalwe sal dit goed wees indien `n pasiënt van sy ginekoloog eis om te weet hoeveel van sy pasiënte het keisersnitte nodig.

· Daar is geen siekte wat deur `n sterilisasie behandel word nie. Derhalwe hoef ons nie die sterilisasie wat deur `n arts aangebied word na die tweede keisersnit of wat ookal ander rede aangebied word, ernstig te oorweeg nie.

· Dit is nie so dat die een keisersnit `n volgende keisersnit noodwendig maak nie en dat `n vrou nie meer as drie keisersnitte mag hê nie.

· Die mening dat swangerskappe gespasieer moet word ten einde oor die lang termyn meer vrugbaar te wees - het ook nie sterk mediese ondersteuning nie. Buitendien hoe sal ons weet hoe lank gaan iemand vrugbaar wees?

*Dikwels is die vrees vir risikos ongeldig*
· Alle swangerskappe hou gesondheids en lewensrisikos vir vrouens in - soos met die geval van Ragel (Gen 35:16-19). Het die Here dan haar daarom nie geseën met kinders nie? Ons weet wel dat diegene wat nie vreugde het met die kinderseëning nie, dat húlle wel slegter as misgeboortes is (Pred 6:2). Die Skrif leer ons nie dat die gawe van kinders

eers seëning word indien die gesondheid van die moeder ook daardeur bevorder of onaangetas bly nie.

· Alhoewel ons nie ons lewens moedswillig in gevaar mag begewe nie (Sondag 40 HK), beteken dit daarom dat ons slegs gehoorsaam mag wees wanneer dit veilig is? Het die Here dan ons beveel om slegs veilige werk te doen? Is die stryd waarin God ons gestel het sedert die paradys gewaarborg om ook veilig te wees? Moet die arts alle pasiënte met aansteeklike siektes altyd vermy? Moet die regter sy oordeel verminder omdat hy `n dreigbrief van die beskuldige ontvang het? Moet die boer by die huis bly indien daar slange in die veld is?

Mag `n vrou slegs swanger word indien haar gesondheid gewaarborg kan word? Indien veiligheid van sake ons grootste oorweging is – sal vrouens ook nie voorbehoeding gebruik nie, en sal niemand operasies ondergaan nie (insluitend sterilisasies), want voorbehoedings, sterilisasies en aborsies is nie sonder gevaar nie. Selfs weerhouding by diegene wat nie die gawe van selibaatskap ontvang het nie, is nie sonder gevaar nie - want hy kan brand van begeerte.

*Gewisse sterwing is buitendien nie sonde nie*
· Indien ons weet dat `n vrou sal sterf as sy weer swanger word, sal voorbehoedings in so `n geval aangedui kan word? (Alhoewel dit moeilik is om `n voorbeeld te kry waar die vrou `n siekte het waarvan sy nie op daardie oomblik besig is om te sterf nie, maar sal sterf wanneer sy swanger word.) Indien ons so `n geval sou opspoor, dan is die vraag of die ontvanging van hierdie kind waarby die sterwing van die vrou onvermydelik is, `n sonde is. Want is vermeerdering nie `n opdrag van God nie? En is die skepping van `n nuwe lewe nie `n gawe van God nie? Wanneer Johannes Hus sterf vanweë sy belydenis, is hy skuldig aan sy moord? Indien die ware belydenis in sekere plekke op sekere tye die brandstapel van die gehoorsame belyder tot gevolg het, waarom sou die gehoorsame ontvanging van die kinderseëning wat `n gewisse dood tot gevolg het, roekeloosheid wees?

<u>Kortliks</u>: Die meeste mediese redes vir gewilde onvrugbaarheid (uitstel, spasiëring, beïndiging) is eerder deel van `n arts-kliënt verkopingsgesprek om `n produk (naamlik die sterilisasie, ens) te verkoop. Risiko bied geen vaste rede tot voorbehoeding nie, want dit het geen Skriftuurlike ondersteuning nie. Indien daar wel `n geval is waar daar kennis is van `n gewisse sterwing is daar geen Skriftuurlike rede om te meen dat swangerskap by hierdie vrou sonde is nie.

*4. Die medisyne as rede om geld te kwis*

Die mens se vrees om te sterf word soms gesien in sy entoesiasme waarmee hy sy vermaak uitdink. Meer dikwels egter word die mens se vrees om te sterf gesien in die mediese uitgawes wat hy bereid is om aan te gaan wanneer hy hoop om `n onvermydelike sterwing te probeer ontsnap. Die vrees vir afsterwing word aangevul deur die onrus van die onsekerheid van die toekoms. Dikwels hoor ons: "Sê nou daar gebeur iets met my"; "`n ongeluk gebeur gou"; "wat gaan jy doen as jy op `n ventilator is?" Sodanig is hierdie vrees en onrus dat ons bereid is om derduisende rand per maand af te staan aan mediese fondse. `n Mediese fonds sal dit moontlik maak om afsterwing moontlik met `n jaar of wat uit te stel. `n Mediese fonds sal moontlik die onrus van die onsekerheid van die toekoms bedaar.

Die onderwerp van mediese fondse het beslis te doen met ons weerstand in tye van onderdrukking. Is die vrees oor die onsekerheid van die toekoms nie maar die op-loop-gaan vir die geruis van `n verwaaide blaar nie? Is die vrees vir afsterwing nie weerspreking van die Skrif wat ons leer dat dit vir ons die beste is om by Christus te wees nie?

Die onderwerp van mediese fondse is op twee maniere belangrik vir ons onderwerp van weerstand:

· Onderliggende redes wat by ons die ywer vir mediese fonds wek - naamlik die vrees vir sterwing en die onsekerheid oor die toekoms – dien terselfdertyd ook as redes vir die gebrek aan ywer vir weerstand en stryd. Die held wat met sy gevulde koker na die vyand in sy poort stap word nie geken aan sy sterwingsvrees en toekomsonsekerheid nie.

· Mediese fondse tap dikwels die laaste beskikbare fondse van `n gewone gesin en kortwiek die weerstand wat hierdie gesin in hierdie tye kan bied.

Dit bring ons by drie redes waarom mediese fondse onverantwoordelik is:

*i. Geen rede tot toekomsonsekerheid of sterwingsvrees nie*

Mediese kostes word steeds hoër. Rekeninge van Intensiewe Sorg Eenhede is skrikwekkend. Net so ontstellend is die prys van `n groterige operasie. `n Heupvervanging kos R 150 000. `n Appendisektomie kos R 11 000. Dit klink nie goed nie. Enigiemand kan so iets oorkom. Sê nou dit gebeur met my? Ek sal dit nie kan betaal nie. Ek moet tog verantwoordelikheid vir my eie toekoms neem. Dit sal derhalwe

onverantwoordelik van my wees om nie voorsiening te maak vir die wis en die onwis nie.  Daarom sal ek aan `n mediese fonds behoort.  Die Here het my immers `n goeie verstand gegee.  Dit sal onverstandig wees om nie aan `n mediese fonds te behoort nie.

Aan die kern van hierdie siening vind ons die siening oor die risiko. Die siening van risiko is egter geen neutrale saak nie.  Die konsep van risiko behoort tot die woordeskat van dobbel.  Die dobbelwêreld maak geen skerp onderskeid tussen veiligheid en gevaar nie.  In hierdie wêreld word veiligheid en gevaar gemeng.  Kan veiligheid en gevaar werklik gemeng word?

Indien gevaar en veiligheid vir elke persoon werklik vermengd was, sal elke persoon ewe maklik gevaar of veiligheid kan oorkom (mits die risiko 50:50 is), of sal elke persoon gevaar slegs een keer kan oorkom vir elke nege keer van veiligheid (mits die risiko vir ellende 10 % is).  Maar hou hierdie voorstelling van die werklikheid rekening met die werklike, almagtige, alwetende, heersende en alles voorbeskikkende God?

Bied God nie aan elke mens `n volledige pakket van óf verlossing óf venietiging nie? Indien iemand vervloek is, sal hy ooit uitkoms kan vind? Sal sy deel nie altyd gevaar wees nie, en nooit veiligheid wees nie? Wanneer die vevloekte die een gevaar met sukses ontsnap het, sal daar net `n ander gevaar hom oorval.  Sy tydelike troos van veiligheid bring juis die volgende ellende aan.  Juis die veiligheid nadat hy die leeu ontsnap het bring hom by die beer om hom te verslind.  Juis die hoop op rus bring die adder se vergiftiging (Amos 5:19).  Selfs al lyk dit asof dit met die goddelose goed gaan dien selfs hierdie goeie tot sy verdelging (Ps 92:8; Ps 73).  Die pakket wat God aan Sy vervloektes uitdeel is in alle opsigte volledige gevaar.  Selfs gesondheid en veiligheid word vir die goddelose gevaarlik en onveilig.

Daarenteen bied God aan Sy uitverkorenes `n volledige verlossing.  Die pakket van verlossing is veilig in alle opsigte.  So volledig is die veiligheid wat God aan sy uitverkorenes bied dat die gelowige selfs by siekte verseker kan wees van sy geloofsverbetering.  God bring sy gelowiges nóg deur die siekte, nóg deur mediese onkostes in gevaar. Die wêreld waarvan God die skepper en regeerder is, hou geen risiko`s in nie.  Gevaar en veiligheid is geen gemengde slaai vir enigiemand nie.
Derhalwe is dit nie nodig om te praat van die risiko van siekte (of enige ander ellende) nie.  Die statistieke van siektes in `n land hoef die gelowige nie te belas met verantwoordelikheid van `n mediese fonds nie.  Daarom

hoef ons nie meer te sê: "Sê nou daar gebeur iets met my nie."

*ii. Dieselfde lot met die heidene te deel.*

Gelowiges word wel siek. En mediese rekeninge kan soms meer wees as wat iemand kan bekostig. Moet hy daarom doodgaan? Sonder om die fout te begaan om persoonlike risiko`s van statistiek af te lei, kan `n mediese fonds steeds `n antwoord bied? Dit is `n tasbare feit dat siektes die heeltyd in die samelewing voorkom. Ons moet tog mekaar se laste dra. Dink maar aan die barmhartige Samaritaan.

Die probleem is dat die gelowige en die ongelowige in `n gemene beurs geld opgaar vir siektes wat tussen hulle (gelowig en ongelowig) sou voorkom. Is `n gemene beurs reg? Kom siektes tussen gelowiges en ongelowiges op dieselfde manier voor? Sit gelowige en ongelowige in dieselfde boot? Die gelowige en die ongelowige reis na verskillende bestemmings. Die gelowige en die ongelowige sit derhalwe nie in dieselfde boot nie. Die een se reis is `n reis wat alleen ellende, lyding en vernietiging ken. Die ander se reis is `n reis wat alleen uitkoms en redding ken. Die feit van die siekte onder mense, beteken nog nie dat God siektes op `n lukraak manier tussen mense uitdeel nie.

Inderdaad help ons mekaar. Ons help mekaar in die nood - ook onder andere geldelike nood. Daar is egter geen rede waarom die gelowige se geldelike hulp aan `n heiden sonder erkenning aan God as Gewer van alle voorspoed en gesondheid gegee word nie. Derhalwe mag die gelowige en die ongelowige geen gemene beurs hê nie.

*iii. Slegte besigheid*

Mediese fondse is buitendien slegte besigheid. Hoe kan ons ooit sin daarvan maak. Dikwels vertel mense my dat hulle lidmaatskap wel goeie besigheid vir hulle inhou. Hulle kry naamlik meer daaruit as wat hulle daarin sit. Terwyl ons maklik hulle vreugde kan deel bied dit tog nie die regte antwoord nie. Want indien almal meer uitkry as wat hulle insit sal die mediese fonds nie meer kan bestaan nie. Hierdie mense dien slegs as `n matige goeie advertensie van die mediese fondse. Indien die mediese fonds egter wil voortbestaan moet daar meer mense minder uitkry uit die mediese fonds as wat hulle daarin gesit het. Dit beteken dat meeste lede van mediese fondse geld moet verloor.

God seën Sy gelowiges met goeie dinge. Hy seën hulle met die vrug van hulle hande. Hy gee hulle om van te leef en dikwels meer. Hy seën hulle met `n lang lewe. Hy seën hulle met gesondheid.

Met mediese fondse word God se seëning in die war gebring.  Die seëning van oorvloed (wat geld insluit) word deur die mediese fonds weggeneem en `n kleiner deel word teruggegee slegs wanneer die straf van siekte plaasvind.  Terwyl daar niks van die seëning van oorvloed terug gegee word indien die seëning van gesondheid gegee word nie.

Wat sal ons doen met die geld waarmee God ons uit genade seën?  Sal ons dit nie aanwend vir die uitbreiding van sy koninkryk nie?  Sal ons een enkele sent daarvan kwis? Maar waarom sal ons dit uitgee op `n mediese fonds?

Kortliks:  Ons sal nie aan mediese fondse behoort nie.  Aangesien dit slegte besigheid is, en ons derhalwe nie goeie rentmeesters van God se gawes (geld sowel as gesondheid) is nie.  Aangesien ons nie dieselfde lot as die heidene deel nie  - want ons is op pad na verskillende bestemmings.  En aangesien ons nie siekterisiko`s as werklik sien nie.

**Laastens**

Ons siening ten opsigte van verskillende mediese aspekte is belangrik by die weerstand en wederoprigting van `n beskawing in Afrika.

God se toorn oor die sondes wat Hy duidelik aan ons leer in Sy Woord, en duidelik aan ons toon deur die ellendes van ander (wat Zimbabwe insluit), en tasbaar vir ons maak in ons eie lyding (wat `n goddelose regering insluit) - sal ons ter harte neem.  Ons sal nie die sondes waarvan ons moet bekeer morele neutraliteit skenk deur daaraan diagnoses te koppel nie. Ons sal ons sondes duidelik uitsnuf en daarvan bekeer. Die weerstand teen onderdrukking mag nie sonder bekering gaan nie.

God se opdragte tot die onderwerping en besetting van Sy eiendom (naamlik die hele aarde) is duidelik in Sy Skrif.  Ons sal derhalwe nie mediese verskoning van siekte met gulsig gebruik as toegangkaartjies tot luilekkerland nie.  Ons sal ten spyte van ons aantastings hierdie opdragte uitvoer.  Weerstand sonder die doel om te heers (naamlik te onderwerp, te bewerk, te bewaak en te beset) is sinneloos.  Die onanis en luihaard sal ons nie kan beïndruk dat hy saam met ons weerstand wil bied nie.  Sy doel is nie dieselfde doel as ons sin nie.

God seën ons met die middele wat nodig is om weer eienaars te word van Sy skepping.  Derhalwe sal ons hierdie middele nie wil deel met die heidene nie, en sal ons hierdie middele ook nie kwis met slegte besigheid

nie.

Die vyand roep luid in ons poorte.  Hy beledig ons God.  Laat ons as helde hulle tegemoet gaan - ons kokers so vol as moontlik.  Laat ons vreesloos wees vir die toekoms - die oorwinning word ons belowe.

# Calvyn oor Verset

Geneem uit: Johannes Calvyn. *Institusie van die Christelike Godsdiens*. Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds, 1992, [Online] Available: Logos Library System. Die gedeelte hieronder, kom uit boek 4, hoofstuk 20, nr.22-32.

## 1. Die eerbied wat onderdane aan die owerheid verskuldig is

Die eerste plig van onderdane teenoor hulle owerhede is dat hulle hulle funksie met die grootste eerbied moet bejeën terwyl hulle dit natuurlik erken as 'n bevoegdheid wat deur God aan die owerheid opgedra is, en dat hulle daarom na hulle moet opsien en hulle moet eerbiedig as dienaars en gesante van God. Jy sou immers vind dat daar sekere mense is wat hulle baie gehoorsaam teenoor hulle owerheid betoon, en wat nie graag wil hê dat daar geen owerheid moet wees om hulle te regeer nie omdat hulle weet dat dit so in die openbare belang is, maar nogtans van hulle owerhede dink dat dit niks anders as 'n noodsaaklike euwel is nie. Petrus vereis tog iets meer van ons wanneer hy ons gelas om die koning te eer, en Salomo wanneer hy gebied dat ons God en die koning moet vrees.

Petrus vat onder die woord *eer* trouens die opregte en egte opvatting (wat ons van die owerheid moet hê,) saam en wanneer Salomo die koning met God saamvoeg, toon hy aan dat 'n koning vol van 'n sekere eerbied en aansien is. Daar kom ook by Paulus 'n voortreflike lofbetuiging teenoor die owerheid voor wanneer hy sê dat ons die owerheid nie alleen vanweë straf nie, maar ook vanweë die gewete moet gehoorsaam. Hieronder verstaan hy dat onderdane nie alleen deur vrees vir hulle vorste en owerhede daartoe gelei moet word om aan hulle onderworpe te bly nie, soos mense wat gewoonlik voor 'n gewapende vyand swig wanneer hulle sien dat die vyand gereed is om wraak te neem as hulle hom sou weerstaan, maar ook dat hulle aan God self die gehoorsaamheid moet betoon wat hulle aan die owerheid bewys omdat hulle mag van God kom.

Ek praat nou nie van die mense (in die owerheid) nie asof dwaasheid, luiheid, of wreedheid en slegte maniere wat vol skande is onder 'n masker van eerwaardigheid bedek moet word, en dat dit vir sy ondeugde die lof van deugde moet verkry nie, maar ek sê dat die orde van die owerheid self eer en respek verdien sodat almal wat oor ons gestel is, vir ons kosbaar moet wees en vanweë hulle regering eerbied onder ons moet ontvang.

## 2. Gehoorsaamheid aan die owerheid

Hieruit volg vervolgens ′n tweede plig, naamlik dat hulle met gemoedere wat toegeneë is om hulle in ag te neem, hulle gehoorsaamheid teenoor die owerheid te bewys, hetsy deur hulle verordeninge te gehoorsaam, hetsy deur belastings te betaal, hetsy deur openbare take en laste te ondergaan wat gemik is daarop om die algemene welvaart te verdedig, hetsy om enige ander bevele uit te voer. Paulus sê: "Elke siel moet hom aan die hoër magte onderwerp want iemand wat hom teen hulle mag verset, weerstaan die instelling van God". Hy skryf ook aan Titus: "Vermaan hulle om onderdanig te wees aan owerhede en magte, om gehoorsaam te wees aan die owerhede en bereid te wees tot elke goeie werk". En Petrus sê: "Wees onderdanig aan elke menslike skepping—of liewer, soos ek dit wel vertolk, elke menslike verordening ter wille van die Here—of dit ′n koning is wat uitmunt, of die goewerneurs wat hy stuur om wel kwaaddoeners te straf, maar die wat reg doen te prys". Verder voeg Paulus die volgende by sodat hulle kan getuig dat hulle geen onderdanigheid voorgee nie, maar opreg en van harte aan die owerheid onderworpe is, dat hulle die heil en voorspoed van die owerhede onder wie hulle lewe, aan God moet opdra: "Ek vermaan julle dat smekings, gebede, voorbedes en dankseggings vir alle mense gedoen moet word, vir konings en alle hooggeplaasdes sodat ons ′n stil en rustige lewe kan lei met alle godsvrug en eerbaarheid".

Niemand moet hom hier mislei nie. Hy kan hom immers nie teen die owerheid verset sonder om hom tegelyk teen God te verset nie; selfs al sou dit lyk asof hy ′n owerheid wat sonder wapens is, straffeloos kan minag, is God nogtans gewapen om hom kragtig op so ′n minagting te wreek. Onder hierdie gehoorsaamheid sluit ek daarbenewens ook die selfbeheersing in wat mense in hul persoonlike hoedanigheid hulleself tot die openbare beswil moet opdra sonder om hulle vanself in openbare sake in te meng en onbesonne op die werk van die owerheid in te bars en hoegenaamd iets wat by die staatsbelang hoort, aan te durf.

As daar iets in die staatsbeleid voorkom wat reggestel moet word, moet hulle nie self daaroor in oproer kom nie, en ook nie hulle hande aan die werk sit nie omdat almal se hande in hierdie opsig gebind behoort te wees, maar hulle moet dit ter kennisname onder die owerheid se aandag bring wie se hande alleen hierin los is. Ek verstaan dit trouens so dat onderdane niks moet doen as hulle nie beveel word om dit te doen nie, want wanneer die gesag van die owerheid bykom, is hulle ook van staatsgesag voorsien. Soos mense vorste se raadgewers gewoonlik hulle oë en hulle ore noem,

sou ’n vors diegene wat hy volgens opdrag aanstel om iets te doen, tereg sy hande kon noem.

## 3. Wat is Christene se plig onder ’n tirannie?

Omdat ons egter tot dusver die owerheid beskryf het wat waarlik is wat dit genoem word, naamlik ’n vader van die vaderland, en soos die digter sê, ’n herder van sy volk, ’n bewaarder van die vrede, ’n beskermer van regverdigheid en ’n verdediger van onskuld, sou iemand tereg as ’n waansinnige beoordeel moet word as hy so ’n regering nie goedkeur nie. In byna alle tye kom daar egter voorbeelde voor van sommige vorste wat hulle nie bekommer het om voorsorg te tref vir al die dinge waarop hulle bedag moes wees nie, en ver van alle kommer leef hulle onbesorg in wellus; sommige is net bedag op hulle eie belang en verkwansel alle regte, voorregte, vonnisse en begenadigingsbriewe; sommige vorste tap die arme volk leeg van hulle geld en verkwis dit later op uitspattige geskenke; party vorste plunder huise, skend jong meisies en vrouens, maak onskuldige mense dood en pleeg louter roof.

Nou kan baie mense nie oortuig word dat hulle sulke mense as vorste moet erken aan wie se gesag hulle sover moontlik gehoorsaam moet wees nie. In so ’n onwaardige optrede, en in sulke misdade wat so vreemd is nie alleen aan die plig van die owerheid nie, maar ook aan die plig van ’n mens, sien onderdane geen gedaante van die beeld van God wat in die owerheid behoort te skitter nie. Wanneer onderdane geen spoor van daardie dienaar van God wat aan goeie mense gegee is tot lof, en aan slegtes tot straf, kan raaksien nie, herken hulle hom ook nie as owerste nie terwyl die Skrif sy aansien en gesag by ons aanbeveel. En die gesindheid was beslis altyd in die gemoed van mense ingebore dat hulle tiranne met net soveel haat en vervloeking moet vervolg as wat hulle wettige konings met liefde en eerbied bejeën.

## 4. Alle owerhede, hetsy goed of sleg, moet volgens die Skrif nogtans eerbiedig word

Maar as ons op die Woord van God let, lei dit ons verder, naamlik dat ons ons nie alleen aan die gesag van vorste moet onderwerp wat hulle taak teenoor ons behoorlik en met verskuldigde getrouheid uitvoer nie, maar ook aan die gesag van almal wat op enige manier regeer, al sou hulle glad nie doen wat die plig van vorste vereis het nie. Hoewel die Here immers betuig dat die owerheidsamp die hoogste gawe van sy goedheid ter

behoud van die mens se heil is, en Hy sy eie perke aan owerhede voorskryf, verklaar Hy nogtans tegelyk dat owerhede hulle gesag slegs van Hom af het—hoedanig hulle ook al sou wees. Dat diegene wat tot voordeel van die publiek regeer, ware voorbeelde en bewyse van sy goedgunstigheid is, maar dat diegene wat onregverdig en swak regeer, deur Hom verwek is om die ongeregtigheid van die volk te straf, maar dat hulle almal met daardie heilige majesteit bedeeld is waarmee Hy die wettige mag toegerus het.

Ek sal nie verder gaan voordat ek enkele en bepaalde getuienis van hierdie aspek hierby aansluit nie. Ons hoef nogtans ook nie te swoeg om te bevestig dat ’n goddelose koning die Here se toorn oor ’n land is nie want ek meen dat daar niemand sal wees wat dit bestry nie. En wanneer ons dit van ’n koning sê, is daar niks meer van hom gesê as van ’n rower wat jou eiendom steel, van ’n owerspeler wat jou bed besmet; of van ’n sluipmoordenaar wat hom inspan om jou te vermoor nie aangesien die Skrif al sulke teenslae onder die vervloekings van God reken. Maar ons moet ons eerder daarop toespits om dit te bewys wat nie so maklik vir die mens se verstand begryplik is nie, naamlik dat daar in die slegste mens wat alle eer die minste waardig is, maar in wie se hande openbare gesag is, ook daardie voortreflike mag van God gevestig is wat die Here in sy Woord aan dienaars van geregtigheid en reg verleen het; en dat hulle daarom deur hulle onderdane met dieselfde eerbied en agting bejeën moet word as waarmee hulle die heel beste koning sou bejeën as so een aan hulle gegee is.

## 5. Skriftuurlike bewyse wat aandui dat owerhede deur God ingestel is en dat hulle daarom gehoorsaam moet word

Ten eerste wil ek graag hê dat my lesers daarop moet let en hulle aandag versigtig moet vestig op daardie voorsienigheid van God waaraan ons om ’n goeie rede so dikwels in die Skrif herinner word, en op sy sonderlinge handelswyse in die uitdeling van koninkryke, en die aanstelling van die konings wat Hy goedvind om aan te stel.

In Daniël is daar geskryf: “Die Here verander die tye en die wisseling van tye; Hy sit konings af en Hy stel konings aan”. Net so: “Sodat die wat lewe kan weet hoe magtig die Allerhoogste in die regering van die mense is, en Hy sal dit gee aan wie Hy dit wil gee”. Hoewel die Skrif oral vol sulke uitsprake is, kom dit nogtans veral by die profeet Daniël voor. Nou is dit bekend genoeg watter soort koning Nebukadneser was wat Jerusalem oorwin het, naamlik ’n invaller en verwoester van ander volke. Nogtans verklaar die Here in Esegiël dat Hy Egipte aan Nebukadneser gegee het vir

die gehoorsaamheid wat hy bewys het in die vernietiging van Egipte. En Daniël het vir hom gesê: "U, o koning, is die koning van die konings; want die God van die hemel het aan u 'n kragtige, sterk en eervolle koninkryk gegee; en Hy het al die landstreke waar die mensekinders woon, die diere van die veld en die voëls van die hemel in u hand oorgegee en Hy het u oor hulle laat heers". Dan sê Daniël weer aan sy seun Belsasar: "Die allerhoogste God het aan u vader Nebukadneser die koningskap en grootheid en eer en heerlikheid gegee; en vanweë die grootheid wat Hy aan hom gegee het, het al die volke, nasies en tale voor hom gebewe en gesidder". Wanneer ons hoor dat hy as koning deur God aangestel is, moet ons tegelyk nadink oor die hemelse bevele om die koning te eer en te vrees. En ons sal dan nie twyfel om die slegste tiran so hoog te ag as wat die Here hom waardig geag het nie.

Toe Samuel aan die Israeliete verkondig het watter soort lyding hulle onder die konings sou ondergaan, het hy gesê: "Dit sal die reg wees van die koning wat oor julle sal regeer: hy sal julle seuns neem en hulle by sy wa aanstel om hulle as perderuiters aan te stel; om sy landerye te ploeg, sy oes in te samel en sy wapens te maak. Hy sal julle dogters neem as salfmengers, kokke en baksters. En hy sal julle landerye neem en julle wingerde, en hy sal die beste olyfbome neem en aan sy diensknegte gee. Hy sal die tiendes van julle gesaaides en julle wingerde neem en dit aan sy hofdienaars en sy diensknegte gee. Hy sal julle slawe en julle slavinne, en julle esels neem en vir sy werk gebruik. Hy sal die tiendes van julle vee neem en julle sal sy slawe wees". Konings sou dit beslis nie kragtens hulle eie reg gedoen het nie omdat die wet hulle uitstekend onderrig het om in alles beheers te wees. Maar Samuel noem dit die reg van die koning teenoor die volk waaraan hulle gehoorsaam moes wees en en wat hulle nie geoorloof was om teen te staan nie. Dit is asof Samuel gesê het: "Die begeerte van die konings sal tot so 'n vlak van ongebondenheid uitbars dat julle nie by magte sal wees om dit aan bande te lê nie. Daar sal vir julle slegs hierdie een ding oorbly, naamlik om sy bevele te ontvang en sy woord te gehoorsaam".

## 6. Die gesag van die owerheid en die gehoorsaamheid wat volgens Jeremia 27 aan die owerheid verskuldig is

Daar kom egter 'n besonder merkwaardige en gedenkwaardige uitspraak by Jeremia voor. Hoewel dit ietwat bredvoerig is, sal ek nie spyt wees om dit hier aan te haal nie omdat dit hierdie hele vraagstuk baie duidelik besleg. "'Met my groot krag en my uitgestrekte arm het Ek die aarde gemaak en die mense', sê die Here, 'en die diere wat op die aarde is; en Ek

gee dit aan wie behae in my oë gevind het. En nou het Ek gevolglik al hierdie lande gegee in die hand van my dienskneg Nebukadneser, en al die nasies sal hom dien en al die magtige konings totdat die tyd van sy land ook sal kom. En dit sal gebeur dat Ek die volk en die koninkryk wat die koning van Babel nie dien nie, met die swaard, hongersnood en pes sal besoek; dien daarom die koning van Babel en lewe'".

Ons sien dus met hoe 'n groot gehoorsaamheid die Here wou hê dat hierdie verskriklike wrede tiran gedien moes word—en dit om geen ander rede nie as dat hy die koningskap besit het. Dit het op sigself bewys dat hy volgens 'n hemelse bevel op die koninklike troon geplaas en in die koninklike majesteit opgeneem is—iets wat nie geskend mag word nie. As ons dit voortdurend in gedagte en voor oë hou dat selfs die slegste konings volgens dieselfde besluit (van God) aangestel word as waarmee die gesag van alle konings bepaal word, sal opruiende gedagtes nooit in ons gemoed opkom nie, naamlik dat ons 'n koning volgens verdienste moet behandel en dat dit nie reg is dat ons as sy onderdane aan hom die gehoorsaamheid betoon terwyl hy van sy kant hom nie as koning aan ons betoon nie.

## 7. 'n Weerlegging van die beswaar dat Jeremia se uitspraak slegs vir die Jode gegeld het

Iemand sou verniet hierteen die beswaar opper dat hierdie gebod besonderlik vir die Israeliete gegeld het. Ons moet trouens let op watter gronde die Here hierdie gebod gevestig het. Hy sê: "Ek het die koningskap aan Nebukadneser gegee; dien hom daarom en lewe". Dit staan derhalwe vas dat ons nie moet twyfel om enigiemand aan wie die koningskap verleen is, te dien nie. En sodra die Here iemand tot die koninklike hoogheid verhef het, maak Hy daarmee sy wil aan ons bekend dat dit sy wil is dat hy moet regeer. Daar is trouens algemene getuienis in verband hiermee in die Skrif. Salomo sê in hoofstuk agt en twintig (van Spreuke): "Vanweë die ongeregtigheid van die land het dit baie vorste". Net so sê Job in die twaalfde hoofstu: "Hy neem onderdanigheid van konings af weg en omgord hulle weer met mag". As ons dit egter erken, bly daar niks anders oor as dat ons hulle moet dien en lewe nie.

By die profeet Jeremia kom daar ook 'n tweede gebod van die Here voor waarvolgens Hy sy volk beveel om die vrede van Babilon te soek waarheen hulle in gevangeskap weggevoer is; en dat hulle tot Hom moet bid vir hierdie stad want die vrede van hierdie stad sou ook hulle vrede wees. Kyk, die Israeliete wat van al hulle eiendom gestroop is, van hulle huise losgeskeur, in slawerny weggedryf, en in ellendige slawerny gewerp is, word beveel om vir die voorspoed van hulle oorwinnaar te bid—nie soos

ons beveel word om vir die beswil van ons vervolgers te bid nie, maar dat sy koninkryk veilig en vreedsaam bewaar mag word sodat hulle ook onder hom voorspoed kan geniet. Toe Dawid byvoorbeeld reeds volgens die beskiking van God as koning aangewys en met sy heilige olie gesalf is, hoewel hy sonder dat hy dit verdien het, onregverdig deur Saul aangeval is, nogtans die lewe van sy aanvaller heilig geag omdat die Here hom met die eer van die koningskap geheilig het. Hy het gesê: "Verre sy dit van my dat ek voor die Here so iets aan my heer, die gesalfde van die Here sou doen, om my hand teen hom uit te steek, omdat hy die gesalfde van die Here is". Net so: "My siel het u gespaar, en ek het gesê: 'Ek sal my hand nie teen my heer uitsteek nie omdat hy die gesalfde van die Here is'". Net so: "Wie sal sy hand teen die gesalfde van die Here uitsteek en onskuldig bly? Die Here leef, en die Here sal hom slaan, of sy dag sal kom dat hy sal sterf, of hy sal tot die geveg uitgaan. Verre sy dit van my dat ek my hand teen die gesalfde van die Here sal uitsteek".

## 8. Mense wat onder 'n dwingelandy leef, moet in gedagte hou dat sulke heersers deur God aangestel is

Ons is so 'n gesindheid van eerbied en godsvrug tot die uiterste toe verskuldig aan al ons owerhede, wat hulle geaardheid ook al mag wees. Ek herhaal dit baie dikwels sodat ons kan leer dat ons die mense (se persoonlikhede) nie moet ondersoek nie, maar maar tevrede moet wees om te weet dat hulle deur die wil van die Here so 'n persoonlikheid het waarop Hy 'n onskendbare majesteit afgedruk en ingegraveer het.
"Maar," sal jy sê, "owerhede het ook 'n wedersydse verpligting teenoor hulle onderdane." Ek het dit reeds erken. As jy egter na aanleiding daarvan besluit dat ons slegs aan regverdige bevele gehoorsaamheid moet betoon, redeneer jy dwaas. Mans is trouens ook aan hulle vrouens, en ouers deur wedersydse verpligtinge aan hulle kinders verbonde. Gestel nou dat ouers en mans hulle plig sou versaak, en ouers hulle so hardvogtig en ongenaakbaar teenoor hulle kinders gedra terwyl hulle verbied word om hulle kinders te vertoorn, dat hulle hulle deur hulle liggeraakte houding buitengewoon vermoei; en dat mans hulle vrouens met die uiterste belediging behandel terwyl hulle beveel word om hulle lief te hê, en hulle as brose houers (as die swakkere vat) te spaar, sal (moet) kinders hulle ouers en vrouens hulle mans dan minder gehoorsaam wees? Maar hulle word dan ook aan onregskape mense en pligsversakers onderwerp!

Ja, ons moet eerder almal so optree dat ons nie die sak wat van iemand anders se rug afhang, moet ondersoek nie; dit beteken dat ons nie die een die ander se pligte moet ondersoek nie maar elkeen moet die een plig wat

sy besondere taak is, in die oog hou. Dit behoort inderdaad besonderlik te geld onder diegene wat onder ander se mag gestel is. As ons daarom wreed deur ’n wrede vors gekwel word, as ons roofgierig deur ’n gierige en uitspattige vors beroof word, as ons deur ’n luiaard verwaarloos word, as ons ten slotte deur ’n goddelose en heiligskennende vors vanweë ons godsvrug geteister word, moet die herinnering aan ons eie oortredings eerste by ons opkom, omdat dit ongetwyfeld met sulke gésels van die Here getug word. Na aanleiding hiervan sal ootmoed ons ongeduld beteuel. Daarna moet hierdie gedagte ook by ons opkom: dat dit nie binne ons mag is om sulke euwels te genees nie. Dan bly daar slegs dit vir ons oor dat ons die Here se hulp inroep. omdat konings se harte en koninkryke se neigings in sy hande is. Hy is die God wat in die vergadering van die gode sal staan en die gode in hulle midde sal oordeel. Al die konings en die regters van die aarde wat sy Gesalfde nie gesoen het nie, sal voor Hom ineenstort en vergaan — diegene wat onregverdige wette geskryf het om armes in die gereg te verdruk en die saak van die nederiges geweld aangedoen het, om weduwees as buit te hê en wese te beroof.

## 9. God sal op sy tyd ’n onregverdige owerheid onttroon en met ’n ander owerheid vervang

En hier openbaar Hy sy wonderbaarlike goedertierenheid, sowel as sy mag en voorsienigheid. Soms verwek Hy immers uit sy diensknegte mense as openbare wrekers en Hy rus hulle met sy gebod toe om ’n misdadige oorheersing te straf en ’n volk wat deur onregverdige maatreëls onderdruk is van hulle ellendige rampsaligheid te verlos. Soms beskik Hy die woede van mense wat iets anders in gedagte het en iets ander aanpk, daarvoor. So het Hy die Israeliete van die dwingelandy van Farao bevry, en deur Otniël uit die geweld van Kusan die koning van Sirië; en Hy het die Israeliete van ander slawernye bevry deur ander konings en rigters. So het Hy die hooghartigheid van Tyrus deur die Egiptenare, die verwaandheid van die Egiptenare deur die Assiriërs, die wreedheid van die Assiriërs deur die Chaldeërs, en die selfvertroue van Babilonië deur die Meders en die Perse getem toe Sirus reeds die Meders onderwerp het. Hy het trouens die ondankbaarheid en weerspannigheid van die konings van Juda en Israel jeens soveel van sy weldade nou deur die Assiriërs, en dan weer deur die Babiloniërs verpletter en gestraf hoewel Hy dit nie alles op dieselfde wyse gedoen het nie. Omdat die eerste groep hierbo deur die roeping van God opgeroep is om sulke wettige dade te verrig, het hulle deur die wapen teen die konings op te neem, glad nie daardie majesteit geskend wat volgens God se beskikking aan die konings gegee is nie. Maar hulle is uit die hemel bewapen en het ’n kleiner mag met hulle groter mag bedwing soos konings

hulle stadshouers kan straf. Hoewel laasgenoemde groep deur die hand van God bestem is vir dit wat Hy goed gevind het, en hulle sy werk verrig het sonder dat hulle dit geweet het, het hulle nogtans niks anders as misdadigheid in gedagte gehad nie.

## 10. Die owerheid moet ten spyte van swak regering en en goddelose optrede onder alle omstandighede gehoorsaam word

Maar hoe hierdie dade van mense ook al beskou word, het die Here nogtans sy werk eweveel (deur die een as deur die ander) uitgevoer aangesien Hy die bloedlustige septers van onbeskaamde konings verpletter en hulle ondraaglike oorheersing tot niet gemaak het. Laat vorste dit hoor en verskrik word! Intussen moet ons egter met die grootste sorg daarteen waak dat ons nie die owerheidsgesag wat vol eerbiedwaardige majesteit is, en wat God met die strengste bevele bekragtig het, sou verag of skend nie al sou dit by die onwaardigste mense gesetel wees wat dit, sover dit binne hulle vermoë is, met hulle boosheid besoedel. Want as die bestrawwing van ’n teuellose oorheersing di Here se wraak is, moet ons nie daarom dink dat hierdie bestrawwing ons dadelik opgelê is nie omdat aan ons geen ander gebod gegee is as om die owerheid te gehoorsaam en te verdra nie.

Ek praat nog altyd van mense in privaat hoedanigheid. As daar immers tans sekere volksamptenare aangestel is om die teuelloosheid van konings aan bande te lê, soos die ephori (opsieners) destyds teenoor die Spartaanse konings gestel is, of die volkstribunes teenoor die Romeinse konsuls of die distrikshoofde teenoor die senaat van die Atheners, en miskien ook soos sake tans staan, die mag wat die drie stande wat in elke koninkryk is, verrig wanneer hulle hulle vernaamste vergaderings hou, verbied ek hulle nie om hulle volgens hulle amp teen die onstuimige losbandigheid van konings te verset nie—in so ’n mate dat ek verklaar dat as hulle konings wat onbeheers te kere gaan en nederige mense vertrap, oor die hoof sien, hulle optrede nie vry van goddelose troubreuk is as hulle dit verswyg nie omdat hulle die vryheid van die volk waarvan hulle weet dat hulle volgens God se beskikking as beskermers aangestel is, bedrieglik verraai.

## 11. Die owerheid moet egter slegs gehoorsaam word in soverre hulle bevele met die Woord van God ooreenstem

Maar in daardie gehoorsaamheid wat ons bepaal het ons aan die bevele van die owerhede verskuldig is, moet ons altyd die uitsondering maak, of

liewer, ons moet veral daaraan aandag gee dat hierdie gehoorsaamheid ons nie wegneem van die gehoorsaamheid aan God nie omdat die begeertes van alle konings aan sy wil ondergeskik moet wees, al hulle bevele voor sy besluite moet swig en hulle septers aan sy majesteit onderworpe moet wees. En hoe verkeerd sou dit inderdaad nie wees dat jy, om mense tevrede te stel, die toorn verwek van Hom om wie se ontwil jy juis aan mense gehoorsaam is nie? Die Here is dus die Koning van die konings. En wanneer Hy sy heilige mond oopmaak, moet ons voor en bo alle mense na Hom alleen luister. Daarna moet ons aan die mense wat oor ons gestel is, onderworpe wees, maar slegs in Hom. As hulle aan ons 'n bevel teen Hom sou gee, moet dit geen plek of waarde by ons hê nie. Ons moet ons ook nie hier laat ophou met die hele aansien wat die owerheid het nie. Dit word geen onreg aangedoen wanneer dit aan die sonderlinge en waarlik oppergesag van God ondergeskik gestel word nie.

Kragtens hierdie rede verklaar Daniël dat hy geen sonde teen die koning begaan het toe hy sy goddelose bevel nie gehoorsaam het nie omdat die koning sy perke te buite gegaan het en hy nie alleen die mense 'n onreg aangedoen het nie, maar deur sy horing teen God te verhef, self sy eie mag afgeskaf (vernietig) het. Die Israeliete word egter aan die ander kant veroordeel omdat hulle te inskiklik was teenoor 'n goddelose bevel van die koning. Want toe Jerobeam goue kalwers gemaak het, het hulle God se tempel verlaat om sy guns te wen en na nuwe bygelowe afgewyk. Sy nageslag het hulle met dieselfde toegeeflikheid gebuig na die welgevalle van hulle konings. Die profeet verwyt hulle streng omdat hulle die bevele van die koning aangeneem het.
Verre sy dit dus daarvan dat die dekmantel van ingetoënheid lof verdien waarmee die vleiers van die koninklike hof hulle skande bedek en eenvoudige mense mislei, wanneer hulle sê dat dit hulle nie geoorloof is om iets te weier wat deur konings op hulle gelê is nie. Net asof God sy reg aan sterflike mense oorgedra het toe Hy hulle oor die mensdom aangestel het! Of net asof die mag op aarde ingekort word wanneer dit aan die Skepper daarvan onderwerp word terwyl selfs hemelse vorste smekend voor Hom bewe!
Ek weet hoe groot en hoe dreigend die gevaar is wat hierdie bestendige opvatting bedreig omdat konings dit met die grootste verontwaardiging verdra dat hulle geminag word want hulle verontwaardiging is die boodskapper van die dood, sê Salomo. Maar aangesien hierdie gebod deur 'n hemelse boodskapper, naamlik Petrus, afgekondig is, naamlik dat ons God eerder as die mense moet gehoorsaam, moet ons ons met hierdie gedagte vertroos dat ons eers dan die gehoorsaamheid wat die Here van ons eis, betoon wanneer ons liewer enigiets ly as om van ons godsvrug af

te wyk. En om te voorkom dat ons gemoed begin wankel, gee Paulus ons ook nog 'n ander prikkel, naamlik dat ons so duur deur Christus gekoop is as waarop ons verlossing te staan gekom het sodat ons ons nie in gehoorsaamheid aan die begeertes van mense moet verpand nie; nog minder dat ons aan hulle goddeloosheid uitgelewer moet wees.

GOD SY LOF!

# ESRA BOEKE

Posbus 19105 Noordbrug Potchefstroom 2522
Tel. 018-2944178 E-pos: esra@netlab.co.za
Webadres: esra-instituut.tripod.com

## 1. Die ESRA VERSLAG

Die *Esra Verslag*, onder redaksie van Slabbert Le Cornu en Bouwe van der Eems, is die amptelike tydskrif van die *Esra Instituut*. Inskrywingsgeld: R120-00 per jaar. Vir verdere inligting, kontak bogenoemde adres.

| Nommer | Tema | Inhoud | Prys |
|---|---|---|---|
| 41 | **Die Psalms** | *Waarom Psalms in die Erediens behoort gesing te word,B.* van der Eems; *Wat sing ons tot eer van God?,* dr.MC Durand; *Die sogenaamde Evangeliese Gesange* deur Hendrik de Cock; *Waarom sing die Gereformeerde Kerke alleen die Psalms?* deur prof.dr. JD Du Toit (Totius) en prof. Jan-Lion Cachet *Die Psalmboek as Reformatoriese Erfenis* deur Prof. VE d'Assonville | R10-00 (40bl.) |
| 42 | **Anno Domini** | *Verbondshernuwing*, ds. Johan Bosman; *Leierskapkrisis van die huidige genenasie*, Bouwe van der Eems; *Opvoeding en die Sondeval*, RJ Rushdoony; *Die vreugde van die 2de* gebod: Ursinus se verklaring van Sondag 35 van die Heidelbergse Kategismus, dr. MC Durand; *Teonomie in die Zuid-Afrikaansche Republiek & Totius as Teonomis? & Moet die Owerheid beide tafels van die Wet handhaaf?: die paradigma-verskuiwing tussen Calvyn en Kuyper*, Slabbert Le Cornu; *Volk en Godsvolk in die NT*, prof.dr. JC Coetzee; plus ander artikels en boekbesprekings | R10-00 (46bl.) |
| 43 | **Apologia** | *Christelike Apologetiek*, dr. GL Bahnsen; *Moderne Argumentasie*, Bouwe van der Eems; *Die Heidelbergse Kategismus*, KJ Ketel; *Die Minderheidsverslag oor die Vrye* | R20-00 (78bl.) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | *Lied in die OPC*, John Murray en William Young; *Skepping in 6 dae*, dr KL Gentry; *Die wet van God ons enigste maatstaf: Matt.5:17-20*, ds. Mendel Retief; *Die Wet van God in debat*, Slabbert Le Cornu; *Van Riebeeckdag*; *Verslag oor die Parlament van Wêreldgodsdienste*, Gustav Opperman; *Hoe vier ons Geloftedag?*, Slabbert Le Cornu; plus ander artikels en boekbesprekings | |
| 44 | **Ek en my Huis** | *Ek en my huis*, ds. Gustav Opperman; *Gereformeerde Epistemologie*, Bouwe van der Eems; *Sosialisering en kundigheid in tuisskole*, Slabbert Le Cornu; *Die sing van vrye liedere in die Sondagse eredienste*, Henk Schuring; Kerk en Staat, ds. JR Visser; *Etiese beoordeling van dobbelary*, Bouwe van der Eems; *Die Tragedie en Hoop van Apartheid*, dr. MR Kreitzer; plus ander artikels en boekresensies oor verskillende onderwerpe | R20-00 (78bl.) |
| 45 | **Feesdae** | *Eiesinnige godsdiens is beeldediens*, ds. M Retief; *Reformasiedag Verklaring*; *Die regulerende beginsel is noodwendig vir die erediens*, dr. MC Durand; *Redes waarom Christene nie Kersfees behoort te vier nie*; *Kwartaallikse nagmaalsviering in die Bybelse jaarseisoene*, prof.dr. Nigel Lee; *Ons kerklied en die Geneefse melodieë; Die teenwoordigheid van God in Gesang 7*, dr. C. van der Waal; plus ander artikels en boekbesprekings | R20-00 (78bl.) |
| 46 | **Tuisonderwys** | *'n Verantwoording van Gereformeerde Tuisonderwys*, *Verbond en huisonderrig*, ds. Gustav Opperman; *'n Verbondsmatige tuisonderwys opvoedingsfilosofie*, Slabbert Le Cornu; *Die gesin as bousteen van tuisonderwys*, dr. MC Durand; *'n Tuisonclerwysvisie vir gereformeerde onderwys*, Bouwe van der Eems; *Die geskiedenis en regsposisie van tuisonderwys in Suid-Afrika*, Leendert van Oostrum; *Die praktyk van tuisonderwys*, Ina Opperman; plus vele ander artikels en boekbesprekings | R40-00 (185bl.) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 47 | **Ekonomie** | *Uit die Skrif: MaIeagi 3:10*, Totius; *Ekonornie: Wetenskap van Rentmeesterskap*, prof.dr. PE van der Dussen; *Pluralisme van Waardes & Sosiale Hervorming*, prof.PH Stoker; *'n Wêreld van Orde en Betekenis: Die ekonomiese teorie van Ludwig von Mises*, Antoine Theron; *Die belofte van 'n Christelike ekonomie*, dr. John W. Robbins; *Ekonomie en Samelewing: notas uit M Kelley se On Stone or Sand: The ethics of Christianity*, prof. Pieter H. Stoker; *Kritiek op die 'gekerstende' Keynes*, B. van der Eems; *Die Vryemarkstelsel en die Sosialisme*, Dr. MR Kreitzer; *Die desentralisering van die staat deur privatsering: 'n samevatting uit Douglas Shaw se Downsizing the State*, Larno Meyer; *Tydskrifbekendstelling: Business Reform Magazine*, Hannes van Heerden; Boekresensie: *On Stone or Sand, The Ethics of Christianity, Capitalism & Socialism*, MW Kelley, deur prof. PH Stoker; Boekresensie: *No Other Standard: Theonomy and its Critics*, dr. Greg.L. Bahnsen, deur S de Freitas; *Huldeblyk aan dr. RJ Rushdoony*, S Le Cornu | R30-00 (106bl.) |
| 48 | **Intergeloof in die Onderwys** | *Skrifoordenking: Gen34:1-35:7, Die pad van Sigem tot Bet-eI*, ds. Gustav Opperman; *Intergeloof in die Onderwys*, Sarel van der Merwe; *Die rol van die Skeppingsleer teenoor die Evolusieleer in Verantwoordelike Opvoeding*, prof. PH Stoker; *Multireligieuse Onderrig in die Klaskamer*, dr. I. Horn; Boekresensie: *The Creators of ADHD (Attention Deficit Hyperactivity Disorder) on Trial*, Susan du Plessis & dr. Jan Stzydom, deur Dorothea Le Cornu; *Die sielkundige vlieg in die opvoedkundige salf*,deur Susan du Plessis; *Potter en Pokemon: vriend of vyand?,* drs. Rob Matzken; *Die effek van die moderne media op die samelewing,* Bouwe van der Eems; Boekresensie: *The Sensate Culture*, Harold OJ. Brown, deur Herman van Antwerpen; *Bespreking van die Nuwe* | R40-00 (198bl.) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | *Kurrikulum: Ekonomiese Bestuurswetenskappe Leerarea*, Bouwe van der Eems; *Onderwys: Staatsdiens of Godsdiens?,* Slabbert Le Cornu; *Is die Klooster nou nodig?*, ds. JR Visser; *Onse Kader op die aarde,* ds. ALA Buys; *Pyle in 'n Krygsman se Hand: Holwerda oor die Antitese in die Opvoeding*, ds.C. Stam; Christelike Onderwys instellings: *VCHO, Tuisonderwys, ARSO, ACVHO, Esra Instituut* | |
| 49 | **Kersfees en Gesange** | *Eiewillige Godsdiens (Rig.17:13)*, prof.dr.K.Schilder; *'n Kerklike jaar met allerlei Feesdae?*, prof. K Deddens; *Geen grond in die Skrif: Jacobus Koelman (1632-1695) se stryd teen die feesdae*, prof.dr. W van't Spijker; - *"Die hele wyse waarop God gedien moet word": Erediens en dieGenoegsaamheid van die Skrif in Artikel 7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis*, ds. Wes Bredenhof; *Verklaring van die Dordtse Kerkorde, artikel 67: Christelike Feesdae*, prof. Bouke Spoelstra; *Kersfeesviering en samekomste op Kersdag*, B van der Eems; *Fundamentalisme: naam of brandmerk?*, dr. A.T van Deursen; *Romantiese godsdiens, God se gebooie en die dialektiese teologie*, prof.dr.Klaas Schilder; *Kersfees en Gesange: teologie of ideologie?*, dr. MC Durand; *Lesing gelewer tydens die ICRC konferensie: Die Regulerende Beginsel van die Erediens*, ds. G.I. Williamson; *Redes vir die viering van Kersfees weerlê*, ds.Brian Schwertley | R40-00 (146bl.) |
| 50 | **Die Doodstraf** | *Die regshistoriese verloop van die doodstraf in Suid-Afrika*, Shaun de Freitas; D*ie doodstraf vanuit 'n menseregte perspektief*, A Theron; Di*e doodstraf volgens die Skrif*, ds. JR Visser; *Nogmaals Calvyn en Servet: 'n reformatoriese gevallestudie*, dr. Victor D'Assonville [jnr.]; *Die doodstraf: 'n reformato-riese beskouing*, prof. AWG Raath; *Die argumente oor die doodstraf verantwoord*, dr. MC Durand | R30-00 (157bl.) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 51 | **Tydsgees in die Kerk** | *Esra Verslag Verklaring aangaande die 'Nuwe Hervorming' in SA*; *Skrifverklaring en Tydsgees*, prof VE d'Assonville; *Die Nuwe Beryming getoets*, dr. Attie Bogaards; *Die vrou in die Amp*, ds. Ron Cammenga; *Die Ware Kerk*, Bouwe van der Eems; *Die HERE het tot my Here gespreek: Psalm 110 as Messiaanse Psalm*, Slabbert Le Cornu; *Kerklike Appél: Dordtse Kerkorde, artikel 31*, prof B Spoelstra; Boekresensies: 1. Gary L Almy, *How CHRISTIAN is christian counseling? The dangerous secular influences that keep us from caring for souls*, deur ds. Johan Bosman; 2. Keith A Mathison, *The Shape of Sola Scriptura*, deur Shaun de Freitas; 3. Boekbekendstellings: Brian A Schwertley boeke: *A Historical and Biblical Examination of Women Deacons; A Biblical Defense of Exclusive Psalmody; Sola Scriptura and The Regulative Principle of Worship* | R40-00 (138bl.) |
| 52 | **Paterfamilias** | *Was dit alles tevergeefs?: 'n Huldeblyk aan Dr. Ed Cain (1935 – 2002)*, Francois van Deventer; S*krifverkondiging: Gen.3:9, Manlike verantwoordelikheid*, ds. Gustav Opperman; *Die vernietiging van die Westerse beskawing*, Bouwe van der Eems; *Van Apartheid tot Volksmoord? … deur die Onderwys*, L van Oostrum; ***Krisis in die Onderwys kristalliseer uit*, dr PE van der Dussen; *Die feministiese aanslag op manlike leierskap*, ds. Gustav Opperman; *Neo -Paganisme, patriargie en feminisme in die 21ste eeu*, S Le Cornu;** *Die mediese mishandeling van die baarmoeder*, Ina Opperman; *Calvyn en Onan: Onvrugbaarheid en skande, voorbehoeding en moord*, dr. MC Durand; *Verbondsmatige gesins-bediening: die bybelse gronde vir die hervorming van persoonlike diensbaarheid*, ds. Brian M. Abshire (vertaal deur Alwyn Bezuidenhout) | R40-00 (112bl.) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | *Die Apostoliese Geloofsbelydenis teenoor die Nuwe Hervorming*, Slabbert Le Cornu; *Die afbreek en opbou van strukture in 'n Postmoderne Tyd*, Bouwe van der Eems | |
| 53 | **Reformatoriese Verset** | *Verset en die Skrif*, ds. Gustav Opperman; *Die Reformatoriese standpunt oor Verset*, prof. Andries Raath; *Kerkregtelike verset*, ds. Hennie Momberg; *Verset en die Gesin*, Bouwe van der Eems; *Verset en Medisyne*, dr. Michiel Durand; *Calvyn oor Verset* | R40-00 |

## 2. JOERNAAL VIR ETIESE MEDISYNE

Die *Joernaal vir Etiese Medisyne*, onder redaksie van dr. MC Durand, is die amtpelike joernaal vir die *Stigting vir Etiese Medisyne*. Vir verdere inligting, kontak dr. Durand by telnr. 012-3336867
E-pos: mdurand@postillion.up.ac.za

| Volume en nommer | Tema | Prys |
|---|---|---|
| vol.1 nr. 1 | **Simposium oor Kremasie** | R30-00 |
| vol.1 nr.2 | **Wederegtelik Doodmaak** | R30-00 |
| Vol.1 nr.3 | **Die Doodstraf** | R30-00 |
| Vol.2. nr.1 | **Jehova Getuies** | R30-00 |
| Vol.2 nr.2 | **Euthanasie** | R30-00 |
| Vol.3 nr.1 | **HIV/VIGS** | R30-00 |

## 3. ANDER BOEKE

| Skrywer | Titel | Prys |
|---|---|---|
| Durand, MC dr. | **Verrigtinge van die Simposium oor Aborsie** | R40-00 (136bl.) |
| Durand, MC dr. | **Aborsie: Die morsige verhaal van moord en misleiding** | R40-00 (76bl.) |
| Le Roux, J dr. | **'n Maklike verstaanbare grafiese uiteensetting van die *Dordtse Leerreëls*** | R25-00 (81bl.) |
| Le Roux, J dr. | **'n Maklike verstaanbare grafiese uiteensetting van die die *Nederlandse Geloofsbelydenis*** | R25-00 (57bl.) |

| | | |
|---|---|---|
| Le Roux, J dr. | **'n Maklike verstaanbare grafiese uiteensetting van die *Heidelbergse Kategismus*** | R25-00 |
| Schwertley, BM ds. | **Sola Scriptura and the Regulative Principle of Worship** | R90-00 (243bl.) |
| Schwertley, BM ds. | **A Biblical Defense of Exclusive Psalmody** | R50-00 (75bl.) |
| Schwertley, BM ds. | **A Historical and Biblical Examination of Women Deacons** | R80-00 (155bl.) |
| Van Deventer, FA (red.) | **Die Christen Pad: Verrigtinge van die vierde Bybelse Wêreldbeskouing Seminaar 2001, o.a. FN Lee, AWG Raath, Willie Marais, MC Durand, JR Visser, en andere** | R120-00 (342bl.) |
| Van der Waal, C ds. | **Sola Scriptura: Gids vir Bybelstudie**<br>*** deel 1: Genesis - Josua, 167bl.**<br>*** deel 2: Rigters - Hooglied, 183bl.**<br>*** deel 3: Jesaja - Maleagi, 179bl.** | R40-00 per boek |
| Van Deventer, FA (red.) | **Die Christen Pad: Verrigtinge van die vierde Bybelse Wêreldbeskouing Seminaar 2001, o.a. FN Lee, AWG Raath, Willie Marais, MC Durand, JR Visser, en andere** | R120-00 (342bl.) |
| Visser, JR ds. | **Verklaring van die Heilige Skrif: P*rediker: Lewe sonder God is sinloos*** | R40-00 (96bl.) |
| Visser, JR ds. | **Verklaring van die Heilige Skrif: *Genesis 1-25:18: Die Here maak 'n begin*** | R40-00 (140bl.) |

**a. NUWE BOEKE**

- The LORD's Day, JA Pipa  R50-00
- Mortification of Sin, John Owen  R30-00
- Systematic Theology, John Brown  R250-00
- Reformed Confessions Harmonized, Ferguson & Beeke R170-00

- Doctrine of God, John Frame R320-00
- Selfdisclosure of Jesus, Geerhardus Vos R150-00
- Christ of the Covenants, Palmer Robertson R150-00
- Shadow of Christ in the Law of Moses, Vern Poythress R180-00
- Common Grace and the Gospel, C. van Til R90-00
- Redemption accomplished and applied, John Murray R75-00
- Inspiration and Authority of the Bible, Warfield R230-00
- Reformed Doctrine of Predestination, L. Boettner R120-00
- Christian View of Man, JG Machen R70-00
- Doctrine of Sin, ID Campbell R180-00
- Imputation of Adam's sin, J. Murray R70-00
- Calvin and the Sabbath, R. Gaffin R120-00
- Short Commentary on the Heidelberg Catechism, GI Williamson R130-00
- Rediscovering Catechism, D van Dyken R110-00
- Christian Apologetics, C. van Til R95-00
- Defense of the Faith, C. van Til R120-00
- Handbook of Church Discipline, Jay Adams R95-00
- Agape Leadership, A. Strauch R90-00
- Biblical Eldership, A. Strauch R190-00
- New Testament Deacon, A. Strauch R120-00
- Equal, yet Different: Role of Men and Women, A. Strauch R110-00
- Reformed Pastor, Richard Baxter R70-00
- Creation Evangelism, Ken Ham R90-00
- Introduction to the Science of Missions, JH Bavinck R90-00
- Eschatalogy of Victory, M. Kik R140-00
- Eschatalogy of the Old Testament, G. Vos R140-00
- Last Days according to Jesus, RC Sproul R140-00
- Last Things, H. Bavinck R95-00
- The Millenium, L. Boettner R130-00
- Postmillenialism: An Eschatalogy of Hope, Keith Matthison R130-00
- Gnostic Empire Strikes Back, P Jones R85-00
- Gospel Truth/Pagan Lies, P Jones RR85-00
- Spirit Wars: The Revival of Paganism, Peter Jones R220-00
- Reformation's Conflict with Rome, RL Reymond R130-00
- Jesus the Messiah: The New Testament Witness, RL Reymond R90-00
- Ready to Restore, Jay Adams R110-00
- Spiritual Depression, Martin Lloyd Jones, R170-00
- Divorce, J. Murray R95-00
- Genesis of Sex, Palmer Robertson R120-00
- Sheperding a Child's Heart, Ted Tripp R170-00
- Becoming a Titus 2 Women, M Peace R120-00
- Excellent Wife, M. Peace R160-00

**b. DOUGLAS WILSON boeke**
- Future Men, 199bl.; R130-00.
- Bound Only Once: The Failure of Open Theism. Douglas Wilson [red.] met John MacArthur, Jr., R.C. Sproul, Jr., Peter Leithart, John Frame, Phillip Johnson, Thomas Ascol, Steve Schlissel, Ben Merkle, Douglas Jones, Joost Nixon. 230bl.; R150-00.
- Classical Education & The Homeschool. 60bl.; R35-00.
- Federal Husband. 112bl.; R80-00.
- Fidelity: What it Means to be a One-Woman Husband. 176bl.; R100-00.
- Fruit of Her Hands: Respect and the Christian Women. Nancy Wilson, 112bl.; R80-00.
- Her Hand in Marriage: Biblical Courtship in the Modern World. 96bl.; R70-00.
- Praise Her in the Gates: Calling of Christian Motherhood. Nancy Wilson, 105bl.; R90-00.
- Reforming Marriage. Dougas & Nancy Wilson, 144bl.; R90-00.
- Repairing the Ruins: The Classical and Christian Challenge to Modern Education. Douglas Wilson (red.), 272bl.; R150-00.
- Standing on the Promises: A Handbook on Childrearing. 168bl.; R90-00.
- Teaching Disadilities: Why Johnny Doesn't Learn Much Anymore. 22bl.; R20-00.

**c. UITVERKOPINGSBOEKE [sien die pryse tussen hakies]**
- Bahnsen, Greg L., Always Ready: Directions for Defending the Faith. 289bl.; R90-00. [R50-00]
- ______________ No Other Standard: Theonomy and Its Critics. 345bl.; R90-00. [R50-00]
- ______________ Victory in Jesus: The Bright Hope of Postmillenialism. 157bl.; R70-00. [R40-00]
- _______________ Perilous Times: A Study in Eschatological Evil. 173bl.; R70-00. [R40-00]
- Explicitly Christian Politics, W. Einwechter [red.], 269bl.; R110-00 [R50]
- Lord of the Saved: Getting to the Heart of the Lordship Debate, KL Gentry, 104bl., R60-00 [R30-00]
- Dominion and Common Grace: The Biblical Basis of Progress, Gary North, 287bl.; R65-00 [R40-00]
- Fifty Crucial Questions: An Overview of Central Concerns about Manhood and Womanhood, John Piper and Wayne Grudem, 67bl.; R20-00 [R10-00]
- Hall, David W. The Arrogance of the Modern: Historical Theology Held in Contempt. 307bl.; R200-00. [R100-00]
- ____________ Savior or Servant?: Putting Government in Its Place. 399bl.; R150-00. [R70-00]

- ___________ (red.) The Practice of Confessional Subscription. 339bl.; R200-00. [R100-00]
- North, Gary Westminster's Confession: The Abandonment of Van Til's Legacy. 385bl.; R90-00. [R50-00]
- _________ Rapture Fever: Why Dispensationalism is Paralyzed. 246bl.; R90-00. [R40-00]
- _________ (red.) Theonomy: An Informed Response. 395bl.; R90-00 [R50-00]
- Owen, John Life by His Death! 87bl.; R10-00.
- Budgen, Victor The Charismatics and the Word of God: A biblical and historical perspective on the charismatic movement. Victor Budgen, 313bl.; R195-00. [R100-00]
- Cain, Ed & Cain, Miriam Biblical Democracy: A practical look at how the principles contained in the Bible impact on society. 144bl.; R40-00. [R20-00]
- Crampton, W. Gary The Scripturalism of Gordon H. Clark. 157bl.; R115-00. [R70-00]
- Einwechter, William O. Ethics and God's Law: An Introduction to Theonomy. 85bl.; R20-00. [R10-00]
- Gregory JM Seven Laws of Teaching. 28bl.; R95-00. [R40-00]
- Hammond, Peter Faith under Fire in Sudan. 224bl.; R40-00. [R20-00]
- _____________ South Africa: Renaissance or Reformation? 132bl.; R40-00. [R20-00]
- Hegeman DB Plowing in Hope: Toward a Biblical Theology of Culture. 128bl.; R90-00. [R40-00]
- Hoeksema, Herman The Clark-Van Til Controversy. 111bl.; R90-00. [R50]
- Jones, Douglas M The Mantra of Jabez: A Christian Parody. 60bl.; R80-00 [R40-00]
- Lee, FN Daily Family Worship: Household Devotions each morning and evening as a chief means of church revival. 444bl.; R75-00. [R40-00]
- _______ John's Revelation Unveiled. 313bl.; R55-00. [R30-00]
- Provan, Charles D. The Church Is Israel Now. 74bl.; R70-00. [R30-00]
- ______________ (red.) Gordon H. Clark: Personal Recollections. 184bl.; R70-00. [R30-00]

**d. GORDON CLARK uitverkopingsboeke**
- Behaviorism and Christianity. 106bl.; R70-00. [R40-00]
- The Bible Doctrine of Man. 126bl.; R80-00. [R50-00]
- A Christian View of Men and Things. 251bl.; R175-00. [R120-00]
- Faith and Saving Faith. 147bl.; R80-00. [R50-00]
- God and Evil: The Problem Solved. 78bl.; R60-00 [hierdie boekie is hoofstuk 5 van Clark se boek: Religion, Reason and Revelation]. [R40-00]

- God's Hammer: The Bible and its Critics. 232bl.; R130-00. [R100-00]
- Historiography: Secular and Religious. 379bl.; R130-00. [R100-00]
- The Holy Spirit. 147bl.; R110-00. [R70-00]
- An Introduction to Christian Philosophy. 152bl.; R110-00. [R70-00]
- Karl Barth's Theological Method. 293bl.; R195-00. [R120-00]
- Logical Criticisms of Textual Criticism. 70bl.; R40-00. [R20-00]
- Language and Theology. 181bl.; R115-00. [R70-00]
- The Philosophy of Science and Belief in God. 142bl.; R110-00. [R80-00]
- Predestination. 215bl.; R130-00. [R90-00]
- Religion, Reason and Revelation. 281bl.; R130-00. [R80-00]
- Sanctification. 126bl.; R110-00. [R80-00]
- The Trinity. 173bl.; R110-00. [R80-00]
- Thales to Dewey: A History of Philosophy. 450bl.; R260-00. [R180-00]
- Three Types of Religious Philosophy. 170bl.; R80-00. [R40-00]
- What do Presbyterians Believe?: The Westminster Confession Today and Yesterday. 284bl.; R130-00. [R90-00]

**e. RJ RUSHDOONY uitverkopingsboeke**
- Commentary on Romans and Galatians. 446bl.; R220-00. [R150-00]
- By What Standard: Studies in the Philosophy of Cornelius van Til. 212bl.; R140-00. [R90-00]
- Christianity and the State. 192bl.; R140-00. [R100-00]
- A Christian Survey of World History: 12 kassette plus handleiding 177bl.; R700-00. [R500-00]
- The Flight from Humanity: A Study of the Effect of Neoplatonism on Christianity. 66bl.; R45-00. [R20-00]
- The Foundations of Social Order: Studies in the Creeds and Councils of the Early Church. 197bl.; R145-00. [R90-00]
- The Necessity for Systematic Theology. 74bl.; R40-00 [hierdie boekie is hoofstuk 1 van sy groter werk: Systematic Theology, vol.1]. [R20-00]
- The One and the Many: Studies in the Philosophy of Order and Ultimacy. 375bl.; R130-00. [R90-00]
- The Philosophy of the Christian Curriculum. 194bl.; R120-00. [R80-00]
- Politics of Guilt and Pity. 371bl.; R180-00. [R120-00]
- The Roots of Inflation. 96bl.; R40-00. [R20-00]
- Systematic Theology. 2 volumes, 1301bl.; R550-00. [R350-00]
- The Messianic Character of American Education, RJ Rushdoony, R180-00 [R100-00

*** Vir enige bestelling by Esra Boeke, maak tjeks asb. uit aan 'S Le Cornu'. Indien gepos word, voeg 10% by totaal. Dankie**

# BOEKE OM TE LEES OOR VERSET

1. Bavinck, H.; Popma, S.J. e.a. ***Christendom en Oorlog: Gereformeerde Stemmen over het Oorlogsvraagstuk***

2. Boettner, L. ***The Christian attitude toward War***

3. Brutus, J. ***A Defense of Liberty against Tyrants***

4. Holmes, A.F. (red.) ***War and Christian Ethics***

5. Morey, R.A. ***When is it Right to Fight?: A Penetrating look at the Difficult Issues of Peace, Freedom, and Responsibility ****

6. North, G. (red.) **A Theology of Christian Resistance & A Strategy of Christian Resistance**

7. Rutherford, S. ***Lex Rex***

* Morey se boek, is 'n goeie inleiding tot die onderwerp